
# Suider Kruis

## Volume 1



Nico Visagie

Skoon bladsy

# Suiderkruis

## Volume 1

## Nico Visagie

**2018**

**GEEN KOPIEREG**

Hierdie boek is ‘n werk van die Heilige Gees en daarom kan ons geen kopiereg oor die werk van die HERE uitoefen nie. Die ISBN nommer is slegs vir internasionale registrasie doeleindes.

2018 Suiderkruis (info@suiderkruis.co.za)

http://www.suiderkruis.co.za

ISBN: 978-1-717830-15-9

Omslagontwerp deur Nico Visagie

Voorblad grafika verskaf deur www.pixabay.com

# <u>VOORWOORD</u>

Alhoewel die Suiderkruis webruimte (www.suiderkruis.co.za) reeds in 2011 die lig gesien het, het ons vooraf in 2010 deur middel van ‘n nuusbrief die boodskap met mense begin deel.

Hierdie boekie bevat ‘n gedeelte van die werk wat op ons webruimte beskikbaar is. Ons besef maar net te goed dat daar mense is wat nie oor internet verbindings beskik om ons artikels te lees nie en dis waarom ons met hierdie boekie begin het. Hierdie is slegs die eerste volume. Meer gaan sonder twyfel volg!

Suiderkruis se uitsluitlike doel is om u honger en u dros te stil aangaande God se Woord. Om die wat verbrysel is te genees, om vrylating te verkondig, herstel van sig, om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur en om die aangename jaar van die HERE te verkondig! Prys Sy Naam!

Die eerste vyf gedeeltes van hierdie boekie gaan in elke boekie gepubliseer word omdat dit so belangrik is dat mense dit moet verstaan.

Ons kan net hoop dat hierdie boekie vir u van nut sal wees en u sal lei tot in lewe in Christus. Prys Sy Naam!

## **WIE IS ONS?**

Ons is eintlik net ‘n ek en my naam is Nico Visagie.

Tot onlangs het ek glad nie my naam by enige artikel wat ek geskryf het gevoeg nie, omdat ek nie deur mense vereer wil word nie. Hierdie is nog steeds my siening, maar ek het gevind dat mense graag wil weet wie die artikels skryf en dis waarom die verandering.

My pad saam met die HERE het begin toe ek 11 jaar oud was. Ek het vir ‘n groot gedeelte van my lewe my pad op my eie geloop tot vroeg in 1990 toe die HERE my vir die bediening geroep het in ‘n hand oplegging seremonie. Ek was op daardie stadium ‘n polisieman en ek het gedink die pastoor het die kluts kwytgeraak en hom glad nie geglo nie! Maar die HERE het ‘n manier om ‘n pad met ‘n mens te stap tot jy gereed is daarvoor of tot die HERE besluit het genoeg is nou genoeg.

Daardie tyd het gekom in 2006 toe die HERE my uit die polisie uitgehaal het deur omstandighede my pad te stuur wat my gedwing het om te gaan. Eers het ek baie daarteen geskop en probeer om weer aan te sluit. Die HERE gee toe vir my ‘n vers in die Bybel; ek weet tot vandag toe nie waar dit staan nie, maar dit het so gelei: *Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipte land uitgelei het. Waarom verlang jy na die vleispotte van Egipte land?*

Ek het my doodgeskrik, want nog nooit in my hele lewe het die HERE so direk met my gepraat of so streng nie! Maar ek het besef dat die HERE ‘n plan het en dat ek besig was om teen sy plan in te werk! Ek het aanvaar dat die HERE se wil meer belangrik was as my eie en daarom Sy pad vir my begin volg.

Suiderkruis het in 2010 die lig gesien as ‘n reeks van artikels wat ek aan my vriende begin e-pos het. My vriende het weer vir ander

vriende daarvan vertel en so het die aantal mense wat ek moes e-pos elke week meer en meer geword. Ek het later ‘n poslys begin omdat ek nie meer so baie e-posse kon stuur nie. Ek het toe reeds meer as 30 lesers gehad en die syfer het al hoe meer geword!

In 2011 het ek die Suider Kruis domein op Internet geregistreer en ‘n webruimte oopgemaak. Van daar af het Suider Kruis met die HERE se hulp gegroei.

In die begin was ek baie selfbewus oor my roeping, want ek het geen opleiding in teologie nie. Wat maak my artikels wat ek skryf soveel beter as die wat vir jare geleer het om dit te doen? Ek glo egter dat die HERE nie altyd die wat toegerus is roep nie, maar die wat Hy roep toerus om te kan doen wat hulle doen.

Die HERE het daarom vir my die volgende gedeelte in 1 Timoteus 4:12-16 gestuur om my gerus te stel. *“[12] Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees ‘n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. [13] Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering. [14] Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge. [15] Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vooruitgang vir almal duidelik kan wees. [16] Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.”*

Hierdie gedeelte het spesiale betekenis vir my omdat vers 12 presies beskryf hoe die HERE my geroep het om Sy Woord te bedien! Prys Sy Wonderlike Naam!

My roeping is verder aan my verduidelik in Lukas 4:18-19 *“[18] Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; [19] om aan gevangenes vrylating*

*te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.”*

Duideliker kan dit nie gestel word nie! Dis dan ook die roeping van Suider Kruis.

Liewe leser, ek is geen “pastoor” of selfs ‘n “dominee” nie. Ek is ‘n doodgewone mens net soos jy wat gesalf is om die Woord van God te bedien deur Sy genade en liefde! Ek het geen opleiding in teologie nie en wil daarom nie aanspraak maak op ‘n aardse titel wat my nie toekom nie. Ek waardeer dit as mense my sodanig aanspreek, want dit dui op respek vir die HERE, maar ek wil glad nie deur die werk wat ek vir die HERE doen vereer word nie. Gee vir Jesus die eer, want dis deur Hom wat ek kan vir julle die leiding kan gee wat julle so na soek. Prys die Naam van Jesus!

Mag die HERE u seën in die lees van hierdie boodskappe!

# Hoe kan ek gered word?

Om gered te kan word is 'n drie stap proses. Daar bestaan geen vinnige bid-hierdie-gebed-en-alles-is-eensklaps-reg nie. ‘n Gebed soos daardie is slegs stap een van die proses. Al drie stappe moet uitgeleef word om volkome in die HERE te word.

Terug na daardie drie stappe en hulle is:

1. **Sonde oortuiging** - Jy moet besef dat jy 'n Sondaar is.

2. **Sonde berou** - Jy moet berou hê oor jou sonde en alles wat jy gedoen het.

3. **Ommekeer** - Jy moet afskeid neem van sonde en ‘n poging aanwend om op te hou om sonde te pleeg.

By ‘n “poging om op te hou sonde pleeg”, wil ek graag meer uitbrei, want geen mens kan geheel en al sonder sonde lewe nie. Jy gaan val en jy gaan ook oortree deur dinge teen die Wil van die HERE te doen. Dis jou vleeslike wat gaan rebelleer teen God se Wil. Ek wil nie te veel hieroor uitbrei nie, want dan gaan hierdie hele artikel te tegnies van aard word. Ek wil net sê dat struikel en val deel van die grootword proses in die Gees is. Weet net dit dat as jy val, moet jy geensins bang wees om terug te keer na die HERE nie. Hy sal jou altyd vergewe.

Dink daaraan as ‘n leerskool, want as nuut gevonde Christen is jy tog in die klaskamer van die HERE! Sommige lesse gaan moeilik wees om te leer, terwyl ander weer moeilik gaan wees, maar aan die einde van die dag gaan jy groei as Kind van die HERE en dit is wat die meeste saak maak! Jy sal later vind dat dinge waarmee jy gestruikel het in die begin, nie meer vir jou ‘n probleem is nie. Dis groei in die HERE daardie!

Kom ons kyk nou waarom dit nodig is dat enige iemand gered moet word. In Romeine 3:23 lees ons: *"...want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."* Dit beteken dat daar geen mens op aarde is wat nie gesondig het nie. Romeine 6:23 sê verder: *"Want die loon van die sonde is die dood."* Dit beteken dat ons almal verdien om te sterf vir ons sondes. Hierby word nie bedoel sterf soos in sterf van ouderdom nie. Sterf beteken om 'n ewigheid te spandeer sonder God; 'n ewigheid in die hel. Hierdie is die enigste straf vir sonde omdat God ewig is.

Jesus sê in Johannes 14:6 *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."* Dit beteken dat Hy die enigste weg Hemel toe is. Daar is geen ander nie. Geen mate van self regverdigheid of deur 'n goeie lewe te lei gaan vir jou help om Hemel toe te gaan nie, want ons ALMAL het gesondig. (Romeine 3:23) Sonde verwyder ons van God en die Hemel. Die enigste pad Hemel toe is die een wat lei deur die verlossing wat deur Jesus daar gestel is. Moenie dat satan vir jou lieg nie, want hy sal!

Gelukkig is daar vir ons 'n oplossing, want Johannes 3:16 sê: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."* Ons het dus nie nodig om te sterf of 'n ewigheid in die hel sonder God deur te bring nie. Jesus is die antwoord! Romeine 3:22 en 24 sê: *"[22] ...deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; [24] en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."* Deur jou hart vir die Here te gee en Hom as Saligmaker aan te neem, kan enige iemand gered word, ongeag wie jy is of wat jy gedoen het. Die prys vir ons sonde is reeds op Golgota betaal. Ons moet net die kaartjie gaan afhaal!

Hoe eis ons dan ons vergifnis? U moet op u knieë gaan en u sonde voor God bely. Dan moet u berou daaroor toon en onderneem om ‘n daadwerklike poging aan te wend om dit nooit weer te doen nie. Soos ek gesê het; maklik gaan dit nie wees nie, maar die beloning gaan meer as opmaak vir dit wat u gaan prysgee!

Nadat u die Here aangeneem het as u Persoonlike Saligmaker is dit baie belangrik dat u afstand doen van u sonde en sondige bestaan. Dit help nie u kom tot bekering en geen verandering vind plaas nie. As u mense te na gekom het, dan moet u om verskoning gaan vra. Ek weet dan dit 'n ongemaklike taak is om te doen, maar dis vir God **uiters belangrik** dat ons mekaar se oortredinge vergewe net soos Hy ons oortredinge vergewe! Maak nie saak of die persoon u verskoning aanvaar of nie. U kant van die saak is dan skoon.

Die volgende stap is om 'n lewe in Christus te lei. U moet u lewe inrig volgens die Wet van Christus soos uiteen gesit in Mattheus 22:37 – 40: *“[37] En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die eerste en groot gebod. [39] En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. [40] Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.”*

Die lewenspad van ‘n Christen is ‘n moeilike pad, vol allerhande slaggate, maar dis ook ‘n pad van absolute vreugde, want jou hart behoort aan die Koning van die Konings en eendag gaan julle skouer aan skouer staan, Sy werk in jou volmaak! Onthou wat ek in die begin gesê het van die HERE se klaskamer en die lesse wat ons almal moet leer.

Die keuse om God te volg is nou u s'n om te maak. Openbaring 3:20 sê: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."* Net jy kan die deur van jou hart vir Jesus oopmaak. Niemand anders kan nie. Maak die regte keuse,

want niemand weet of u weer die tyd sal hê om dit weer te doen nie.

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# <u>Is die einde naby?</u>

Hierdie is ‘n vraag wat deur menigte Christene gevra word. Ek glo dat die HERE dit al ‘n geruime tyd vir ons wys net hoe min tyd ons oor het en nou verwys ek na die verskynsels in die hemelruim soos in die beweging van die planete, die maan en die son.

*“En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun.”* (Luk 21:25)

Kyk maar net na die rare verskynsels van planete wat na duisende jare skielik agter mekaar verby beweeg, die reeks bloed mane, die son verduistering in Amerika wat regoor die hele Amerika gegaan het van Wes na Oos…

Liewe lesers, hierdie is maar net ‘n paar van die voorvalle. Kyk ook na die storms, die droogtes, die hongersnode, die oorloë wat net al hoe erger en erger word. Dis soos ‘n vrou wat op kraam staan waar die pyne al hoe meer intens word en ja, die Bybel verwys ook so daarna! Kom ons wees eerlik, jy moet werklik baie dom wees as jy dit nog nie agtergekom het nie!

*“Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.”* (Mat 24:36)

Die HERE waarsku ons dat niemand; ek bedoel: NIEMAND; die dag en die uur van Sy koms sal weet nie. Die afgelope tyd kom dit al hoe meer en meer voor dat daar mense is wat beweer dat hulle weet wanneer die wegraping gaan plaasvind. As God die Vader dan nie eers aan Sy Seun, Jesus Christus, of aan die heilige engele, wil bekend maak wanneer die wegraping gaan plaasvind nie, om watter onverklaarbare rede sal Hy dit aan ‘n mens beken maak? Hierdie mense suig duim, maak nie saak hoe oortuigend hulle klink nie!

Hulle uitsluitlike doel is om jou te kry om geld te spandeer sodat hulle ryk kan word uit jou onkunde uit!

*"En Jesus antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie."* (Mar 13:5)

Julle weet, van al die dinge wat die HERE ons teen kon gewaarsku het, het hy die bogenoemde woorde heel eerste gekies: moenie mislei word nie! 'n Slim professor het eenslag gesê as jy 'n padda vat en dit in 'n pot warm water gooi, sal dit dadelik uitspring. Gooi daardie selfde padda in 'n pot koue water, maak die water stadig warm en die padda sal dood gaan sonder dat hy uitspring. Hy sal glad nie besef dat hy in die moeilikheid is nie.

Dis soos ons vandag is! Satan weet maar net te goed dat as hy verandering wil inbring wat deur mense aanvaar gaan word, dan gaan hy dit stadig moet doen, op so 'n manier dat mense dit nie agterkom nie. Stadig maar seker word ons geslag al hoe meer wreed, gevoelloos, liefhebbers van hulleself, ongehoorsaam… Sien waarheen ek op pad is?

Daar is 'n baie sterk gees van misleiding wat op hierdie aarde rus en dis ongelooflik om te sien net hoe baie geredde Kinders van die HERE vas aan die slaap is en dit glad nie eers sien nie! Word wakker liewe Kind van die HERE! FOKUS! Let op en kyk!

*"En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom."* (Luk 21:11)

Ek hoef seker nie vir julle te sê dat die aantal aardbewings besig is om toe te neem nie… Die van julle wat ouer is sal nou weet. As jy in die 1990's van 'n aardbewing gehoor het, dan was dit wêreld nuus en het almal daaroor gepraat! Nou is dit 'n kwessie van dis-maar-net-nog-'n-aardbewing… Dit het so algemeen geword dat tot die Amerikaanse Geologiese Navorsing Raad wat rekord hou van hierdie

gebeure glad nie meer rekord hou van enige aardbewing onder drie op die Rigter Skaal nie! Lang termyn statistieke word net by gehou van aardbewings van ses en hoër op die Rigter Skaal! Praat van algemeen!

Die aarde se bevolking staan op die oomblik op 7.6 biljoen. Van daardie syfer sterf 2.4 miljoen mense elke jaar van honger; gemiddeld 9000 elke dag!

Oor pessiektes gaan ek my nie eers uitlaat nie… Om te hoor van een of ander vorm van voël griep, siekte of besmetting wat duisende dood maak is glad nie meer nuus nie! Dit het so algemeen geword…

Lesers, sien julle nie waarheen dinge op pad is nie! Die HERE sê in Lukas 12:56 dat ons baie goed weet hoe om die aarde en die voorkoms van die weer te beoordeel, maar ons sien glad nie raak wat rondom ons besig is om te gebeur nie! Hoe is dit dat ons dit nie raaksien nie? Sien waarom ek die vergelyking van die padda in die warm water gebruik het?

*"Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon."* (Luk 21:35)

Ek kan nie vir julle sê wanneer die HERE gaan kom nie; die wat beweer hulle kan is leuenaars! Ek kan vir julle dit sê en dit is dat daar meer bewyse is dat die koms van die HERE voor die deur is en baie gou gaan plaasvind as enige ander!

Die Bybel sê vir ons dat dit skielik gaan kom, soos 'n groot skrik! In 'n oogwink! 'n Oogwink vat tussen drie en vier tiendes van 'n sekonde… Dis hoe vinnig jy gaan weet of jy gereed was of nie! Is jy bereid om daardie kans te vat, liewe leser?

Om jou lewe gereed te kry is so maklik. Daar is letterlik net drie dinge wat jy moet doen: **Sonde-oortuiging** – Jy moet besef dat jy 'n Sondaar is en jouself nie kan red nie; **Sonde Berou** – Jy moet berou

hê oor jou sonde en alles wat jy gedoen het; **Ommekeer** – Jy moet afskeid neem van sonde en 'n poging aanwend om op te hou sonde te pleeg.

Almal van ons is in sonde gebore en ons verdien om te sterf! Maar die HERE het jou so lief gehad; ja, vir jou; dat Hy Sy eie Seun geoffer het vir jou! Jy hoef nie 'n ewigheid in die hel saam met satan deur te bring nie. Die HERE wens dit ook nie vir jou nie, want die hel is nie gemaak vir mense nie, maar vir satan en sy volgelinge. Satan weet dit, maar hy lieg vir jou en hy vertel vir jou dat jy saam met hom in die hel gaan regeer…

Liewe lesers, luister nou mooi… satan deel nooit sy mag nie! Nie eers met sy eie demone nie! Dis 'n syfer oorlog: elke siel wat hy kan wegrokkel van God af, is een minder vir die HERE! Satan voel vere vir jou en jou ideale. Jy is kanonvoer vir hom! 'n Speelding wat hy kan pynig vir 'n ewigheid vir sy genot; dis wat jy vir hom is! Word wakker; let op!

Die HERE het jou lief met 'n liefde wat nie geblus kan word nie. Hy wil jou by Hom hê, maar omdat Hy 'n Ware Heer is, gaan jy die eerste stap moet neem! Die HERE sal homself nooit op jou afforseer nie. Die keuse moet joune wees en jy moet dit uit eie vrye wil maak. Die prys is betaal; "PAID-IN-FULL" jy moet dit net gaan haal! Nou is die beste tyd ooit! Maak die regte besluit!

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Die Waarheid oor die Wegraping

Die wat nie in die wegraping glo nie, is baie lief om te sê dat die woord "wegraping" nêrens in die Bybel voorkom nie.

Hulle is natuurlik reg, maar die konsep daarvan word in die Bybel aan ons verduidelik! Op soortgelyke wyse kom die woord "drie eenheid" word ook nêrens in die Bybel voor nie, maar die konsep daarvan word aan ons verduidelik!

Die konsep van die wegraping word aan ons verduidelik in 1 Tessalonisense 4:13-18 *"[13] Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. [14] Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. [15] Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. [16] Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17] Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. [18] Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."*

Hoe is dit dan dat daar mense is wat nie in die wegraping glo nie? Dis omdat die idee van 'n wegraping wat gaan plaasvind enorme groot aanhang onder Christene geniet as gevolg van die baie bekende fiksie reeks "Hulle wat Agterbly" soos geskryf deur Tim LaHaye en Jerry B. Jenkins. In die reeks word 'n fiktiewe verhaal vertel van 'n groep mense wat agterbly na die wegraping, hoe hulle

agterna Christene word en hoe hulle deur die Antichris vervolg word gedurende die verdrukking.

Die wat nie in die wegraping glo nie, beweer dis ‘n teorie wat deur Christen Fundamentaliste versprei word en dat dit direk stam uit die boeke reeks soos bo genoem. Die mees algemene verweer wat gegee word waarom daar nie ‘n wegraping gaan plaasvind nie, is omdat Jesus se tweede koms in Mattheus 24 genoem word voor die gedeelte wat handel oor die wegraping.

Die groot probleem wat ons mee sit is dat baie mense se siening oor die Bybel word gevorm deur professore en teoloë en hooggeleerdes se siening en verduidelikings oor wat nou eintlik bedoel word. Daar word aan die mense voorgehou dat die Bybel moeilik is om te verstaan en dat die gewone man in die straat nie in staat is om die Bybel te kan verstaan nie. Ons moet egter onthou dat die Bybel nie geskryf is vir professore en teoloë en hooggeleerdes nie. Die Bybel is geskryf vir ons as gewone plat-op-die-aarde mens met, geen geleerde agtergrond nie, om letterlik opgeneem te word. Dit wat daar staan is wat die Here wil hê ons moet lees en verstaan. Daar is geen geheime betekenis om te verstaan nie!

Om te verstaan of daar wel ‘n verdrukking gaan plaasvind, moet ons kyk na die verhaal van die Tien Plae. Die plae het net die Egiptenare getref, nie die Israeliete nie. God het hulle beskerm. Net so het God vir Noag ‘n ark laat bou sodat hy die vloed kon ontsnap. Later het God vir Lot en sy gesin beskerm deur hulle uit die streek van Sodom en Gemorra te laat uittrek voor die oordele sou kom. Dit is dus God se manier om dit wat Syne is eers uit die rampgebied te verwyder voor Hy sy oordele laat geld. Ons kry bewyse hiervan in Romeine 5:9: “Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.”, Romeine 8:1 *“DAAR is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie…”* en ook in 1 Tessalonisense 5:9 *“Want God het ons nie bestem tot toorn nie,*

*maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus…”* en ook in 1 Tessalonisense 1:10 *“en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.”* Ons as Christene is dus VERLOS van God se toorn en nie bestem vir die oordeel wat tydens die verdrukking op aarde uitgestort gaan word nie. Om daardie rede sal ons as Geredde Kinders van die HERE nie deur die Verdrukking gaan nie.

Hoe weet ons dat die wegraping gaan plaasvind? Die antwoord is in 2 Tessalonisense 2 *“[7] Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; [8] en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,”* Op hierdie oomblik staan die Christene die openbaring van die Antichris tee, want die Heilige Gees in die kerk is sterker as die gees van misleiding in die wêreld. Hierdie gees van misleiding word egter elke dag sterker en die stryd al hoe sterker. Wanneer die Christene egter skielik weggeneem word, dan verdwyn die lig van die wêreld en breek die uur van die duisternis aan. Dan kan die mens van sonde sonder teëstand geopenbaar word. Die wegraping móét dus plaasvind voordat die Antichris sy verskyning kan maak! 2 Tessalonisense 1:8 sê vir ons die volgende: *“Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie.”* Om op te som: ‘n Ouer straf tog nie sy kind as die niks gedoen het nie. Jy gaan tog nie tronk toe vir ‘n misdaad wat jy nie gepleeg het nie. Waarom sal die Here dan toelaat dat ons as Christene deur die verdrukking gaan as ons dan deur sy bloed verlos is? Die Bybel oorbeklemtoon in Romeine en Tessalonisense dat Christene nie bestem is vir God se oordeel nie. Waarom sal daar nog ‘n sweempie van twyfel by u wees?

1 Korintiërs 15:52 sê dat die wegraping skielik gaan gebeur: *“in ’n oomblik, in ’n oogwink, by die laaste basuin; ”* Jesus sê in Lukas

21:35 sê vir ons: *"Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon."* Net om te vergelyk; 'n oogknip neem tussen drie en vier tiendes van 'n sekonde. Dis hoe vinnig baie gaan uitvind dat die Bybel nog die hele tyd reg was! Is jy gereed? Dis nog nie te laat om jou saak met die Here reg te maak nie. Moet asseblief nie uitstel nie…

Vir ons wat reeds gered is, waarsku Jesus ons in Lukas 21:34 om nie af te koel nie: *"MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie."* Baie van die wat gered is het teruggeval in die wêreld. As u as Christen afgekoel het, nie meer u Bybel lees of bid nie, dan kan u nou u altaar opbou en regmaak wat verkeerd is. Lukas 21:36 sê vir ons *"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."* Waak dan en sorg dat u lampie gedurig vol van die olie van die Heilige Gees is!

Wil u waardig wees om die dinge wat kom te ontvlug? Waak dan teen die listigheid van satan en sy magte en bid vir genade! Vir die van julle wat nog twyfel, maak asseblief gereed. Die tyd is besig om uit te loop. Binnekort gaan dit te laat wees. Die verdrukking wat gaan volg gaan geen grap wees nie. Kans op oorlewing gaan uiters skraal tot onmoontlik wees. God gaan die wêreld gee presies wat dit nog altyd wou gehad het. 'n Wêreld sonder God, 'n wêreld sonder genade, 'n wêreld sonder gewete, 'n wêreld waar almal maak soos hulle wil, wanneer hulle wil. Dit gaan 'n wêreld wees sonder liefde, sonder gevoel vir ander, waar mense lewens goedkoop is. Asseblief, ek smeek by u, maak u saak met die God van Hemel en Aarde reg! Gaan nou op u knieë en bid vir vergifnis. Dis nog nie te laat nie.

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Die wegraping en die Joodse Trou Seremonie

Die stukkie onder is baie langer as my ander gedeeltes, maar dit is om vir u te wys hoe 'n Joodse Trou Seremonie inskakel by Jesus se verlossings plan vir ons as mens en die daaropvolgende wegraping.

Daar is drie tipes mense teenwoordig by ‘n Joodse troue:

1. **Die Bruidegom** – Jesus (2 Korintiërs 11:2 / Efesiërs 5:23-27)

2. **Die Bruid** – Die kerk (2 Korintiërs 11:2 / Efesiërs 5:23-32) - Die woord “kerk” in hierdie konteks beteken almal wat Jesus aanvaar het as hulle persoonlike Saligmaker en daarom lede is van Jesus se Kerk. Die kerk is dus mense wat voor die Wegraping gered is.

3. **Die Gaste** – Die wat gered gaan word na die Wegraping (Mattheus 25:1-10)

**DIE KONTRAK**

Wanneer ‘n jong man in Jesus se tyd met ‘n jong vrou wou trou het hy ‘n huwelikskontrak of ‘n verbond opgestel vir voorlegging voor die jong meisie en haar vader. Die huwelikskontrak was ‘n teken dat hy bereid was om vir haar te sorg en dit het ook die terme van die huwelik bevat. Die mees belangrikste gedeelte van die huwelikskontrak was die prys wat betaal moes word vir die vader se toestemming om met die jong meisie te mag trou. Die prys wat uit die aard van die saak baie hoog. Seuns was geag om meer werd te wees as dogters omdat hulle fisies sterker was en dus meer met die plaaswerk kon gehelp het. Die prys was dus ‘n vergoeding vir die meisie se familie vir die seun wat hulle nie gehad het nie, maar ook vir die koste wat hulle aangegaan het om haar groot te maak. Die prys het laastens gedien as teken van die jongman se liefde vir die meisie. Die meisie was uit die aard van die saak baie waardevol vir

die jongman! Die jongman sou na die huis van die meisie toe gaan om sy huwelikskontrak en die prys aan die meisie en haar vader aan te bied.

Jesus het na die huis van sy bruid (wêreld) gekom om sy huwelikskontrak aan die wêreld voor te lê. Die huwelikskontrak is die Nuwe Testament wat voorsiening maak vir die vergifnis van sondes. Die prys het Jesus betaal deur sy lewe vir sy bruid af te lê.

Die terme van die huwelikskontrak word in Hebreërs 8:8-12 uiteengesit: *"[8] ...Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ʻn nuwe verbond tot stand sal bring, [9] nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipte land uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. [10] Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ʻn God wees, en hulle sal vir My ʻn volk wees. [11] En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. [12] Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie."*

Die prys wat vir die bruid betaal is word in die volgende skrifgedeeltes genoem:

1 Korintiërs 6: 20 *"Want julle is duur gekoop."*

1 Petrus 1:18-19 *"[18] omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, [19] maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ʻn lam sonder gebrek en vlekkeloos,"*

**DIE AANVAARDING VAN DIE HUWELIKSKONTRAK**

As die prys wat die jongman wil betaal vir sy bruid aanvaarbaar is vir die vader van die bruid, dan het die jongman ‘n glasie wyn vir sy bruid gegooi. As die jong meisie die wyn drink, dan beteken dit dat sy die huwelikskontrak aanvaar. Van hierdie punt af sal die jongman en die jongmeisie verloof wees. ‘n Verlowing is net so bindend as die huwelik self. ‘n Tipiese Joodse verlowing het een tot twee jaar geduur. Gedurende hierdie tyd het beide die bruid en die bruidegom gereed gemaak vir hulle huwelik en het hulle mekaar nie weer gesien voor die dag dat hulle getrou het nie.

Jesus het met die Laaste Nagmaal (Mattheüs 26) vir sy dissipels wyn geskink en hulle het die wyn gedrink as teken dat hulle die huwelikskontrak aanvaar. Ons vier vandag Nagmaal in ons kerke om dieselfde rede. Deur die Nagmaalwyn te drink aanvaar ons as Christene Jesus se huwelikskontrak. Ons is wettiglik verloof aan Hom!

Die volgende teks vers verwys: 1 Korintiërs 11:25 *“Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."*

**GESKENKE VIR DIE BRUID**

Nadat die huwelikskontrak aanvaar is, sal die aanstaande bruidegom vir sy bruid spesiale geskenk gee as teken vir sy liefde vir haar. Die doel van die geskenk is ook sodat sy hom moet onthou gedurende die lang verlowing.

Die geskenk wat Jesus vir ons gegee het is die Heilige Gees. 1 Johannes 4:13 “Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.“ Die geskenk word in Johannes 14:26 beskryf: *“maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”*

**REINIGING (MIKVEH)**

Die volgende stap vir die bruid is om deel te neem aan ‘n “Mikveh” of reiniging. Letterlik beteken die Hebreeuse woord “Mikveh” versameling, bedoelende versameling water. Die word “Mikveh” word ook in Hebreeus gebruik met verwysing na die doop. ‘n Joodse meisie mag onder geen omstandighede trou sonder dat sy nie aan ‘n “Mikveh” deelgeneem het nie.

Die “Mikveh” wat Jesus vir sy bruid bedoel het was die Doop van die Heilige Gees, nie die water doop soos baie mense sou verwag nie. Sien Handelinge 1:4-5 *“[4] En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. [5] Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.*"

**VOORBEREIDING VAN DIE HUWELIK KAMER**

Gedurende die verlowings tydperk bou die bruidegom vir sy bruid ‘n huwelik kamer. Hierdie huwelik kamer word gewoonlik gebou op die eiendom van die bruidegom se vader. Die huwelik kamer moet goed wees, want die bruid en die bruidegom moet die eerste sewe dae van hulle huwelik daar spandeer. Die vader van die bruidegom spesifiseer hoe die huwelik kamer moet lyk en net as die vader tevrede is, mag die bruidegom sy bruid gaan haal. As die bruidegom gedurende hierdie tyd gevra word wanneer die troue gaan wees, dan het hy gewoonlik geantwoord: “dis nie vir my om te weet nie, net my vader weet.”

In Johannes 14:2-3 sê Jesus: *"[2] In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. [3] En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*" Jesus het gegaan om die huwelik kamer vir sy

bruid te gaan voorberei en as God die Vader tevrede is dat alles is volgens die spesifikasies wat Hy beveel het, dan sal hy Jesus toelaat om sy bruid te kom haal. Jesus self waarsku ons in Markus 13:32-33 *"[32] Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader. [33] Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie."*

**DIE TOEGEWEIDE BRUID / HELING MAKING**

Terwyl die huwelik kamer gebou word het die bruid haarself aan haar toekomstige man toegewy. Sy sou gedurende hierdie tyd leer om die perfekte vrou vir haar toekomstige man te wees. As sy sou uitgaan, dan het sy ‘n sluier gedra as teken dat sy verloof was. Gedurende hierdie tyd sou die bruid ook dopgehou word om haar reinheid en haar maagdelikheid te bevestig. Dis waarom ‘n Joodse verlowing nooit minder as ‘n jaar was nie: ‘n volle nege maande moes verbygaan om seker te maak dat sy as ‘n maagd trou. Sy het geweet dat die bruidegom haar sou kom haal, maar sy het nooit geweet wanneer nie. In die Joodse kultuur het die bruidegom daarom gewoonlik in die middel van die nag gekom om sy bruid te kom wegvoer. Die bruid het daarom gesorg dat sy ten alle tye gereed is om te gaan. Haar klere was ten alle tye gepak en haar lampie vol olie, gereed vir die reis. Haar bruidsmeisies sou ook te alle tye gereed wees met hulle lampies laag gedraai in afwagting vir die laatnag fees.

Op hierdie oomblik is Jesus se Bruid besig met toewyding en heiligmaking, wagtende vir ons Bruidegom om ons te kom haal tydens die wegraping. Jesus het die gelykenis van die tien maagde in Mattheüs 25:1-13 gebruik om ons te waarsku om ten alle tye gereed te wees vir sy koms. Mattheüs 25:1-13 *"[1] Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. [2] En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. [3] En toe die wat dwaas was, hul lampe*

*neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. [4] Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. [5] En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. [6] En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! [7] Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. [8] En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. [9] Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself. [10] En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. [11] Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! [12] Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie. [13] Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."*

**DIE OPERAPING VAN DIE BRUID**

Wanneer die vader van die bruidegom besluit het dat die Huwelik Kamer gereed is soos hy dit wil hê, dan sal hy vir die bruidegom sê dat die tyd gereed is om sy bruid te gaan haal. Die bruidegom sal dat na sy bruid se huis gaan en sy bruid in die "geheim ontvoer", gewoonlik in die middel van die nag. Soos hy sy bruid se huis nader, sal die bruidegom hard skreeu en op 'n "shofar" (rams horing) blaas. Hierdie sal vir sy bruid as waarskuwing dien dat haar bruidegom op pad is en dat sy gereed moet wees sodat hy haar na die huwelik kamer kan neem. Die bruidegom en sy vriende sal die huis van die bruid binnegaan en die bruid en haar bruidsmeisies kom haal.

Op soortgelyke wyse sal Jesus kom om sy bruid te kom haal. In 1 Tessalonisense 4:16-17 sê Paulus vir ons hoe die wegraping gaan afspeel: *"[16] Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die*

*basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17] Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."*

In 1 Korintiërs 15:51-53 se Paulus hoe die bruid verander gaan word: *"[51] Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, [52] in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. [53] Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word."*

Net soos met die Joodse gebruik; gaan die aartsengel met 'n harde stem geroep word voor daar op die Ram horing geblaas gaan word. Hierdie twee geluide sal net deur Christene lewend en die wat reeds dood is gehoor word. Op daardie oomblik sal die wat gered is, maar reeds dood is, eerste opstaan en met die onverganklike beklee word. Daarna sal die wat nog lewend is met die onverganklike beklee word voor ons almal saam in die lug opgevoer word om Jesus tegemoet te gaan in die wolke. Hierdie dien vir ons as vertroosting, omdat ons almal al geliefdes aan die dood moes afstaan. Die vertroosting is dat die wat as gereddes gesterf het weer sal sien die dag as Jesus kom om sy bruid te haal!

**SEWE DAE IN DIE HUWELIK KAMER**

Volgens Joodse gebruik word die huwelik by die huis van die bruidegom voltrek. Slegs onmiddellike familie en twee getuies word toegelaat om die seremonie by te woon. Die bruidegom se vriend sal buite by die deur wag. Sodra die huwelik bevestig is, sal die bruidegom die nuus aan sy vriend buite die deur oordra waar laasgenoemde dit weer aan die gaste sal oordra. Daarna vertrek almal na die huwelik kamer waar vir sewe dae lank fees gevier

word. Na die sewe dae bring die bruidegom sy bruid uit en stel hy haar aan die res van die wêreld voor.

Nadat Jesus en sy bruid in die hemel opgeneem is, sal hulle in afsondering gaan. Hierdie behels die finale heiligmaking van die bruid. In 1 Korintiërs 3:10-15 lees ons *"[10] Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos ‘n bekwame boumeester die fondament gelê, en ‘n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. [11] Want niemand kan ‘n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. [12] En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels— [13] elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. [14] As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; [15] as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen."* As Christene sal alles wat ons op aarde gedoen het onder ‘n vergrootglas geplaas word. Slegs dit wat ons vir God gedoen het sal behoue bly en dis waarvoor ons beloon sal word. As iemand se werk alles verbrand, bly so iemand nog steeds gered, maar daar sal geen beloning wees nie. Die stap tot Christenskap is ‘n stap van gehoorsaamheid aan God se woord en op grond daarvan sal baie gered word.

Na almal se werke beoordeel is, sal die vriend van die bruidegom aan die gaste aankondig dat die huwelik voltrek is. U wonder nou seker wie is die vriend van die Bruidegom is? Johannes die Doper verwys na homself in Johannes 3:29 as die vriend van die Bruidegom.

Hierna gaan die geselskap na die huwelik kamer waar almal vir sewe dae gaan fees vier. Dis die Bruilofsmaal van die Lam waarna daar in Openbaring 19:9 verwys word: *"...Skryf salig is die wat genooi is na*

*die bruilofsmaal van die Lam."* Tydens die fees sal die sewe jaar van verdrukking op die aarde afspeel.

Na die bruilofsmaal sal die bruidegom sy bruid aan die res van die wêreld gaan voorstel. Dit sal gebeur na die sewe jaar van verdrukking wanneer Jesus terugkeer aarde toe soos voorspel in Openbaring 19:11 *"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid."* en Mattheüs 24:30 *"En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid."*

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Wat om te doen as jy die wegraping gemis het.

As die wegraping plaasgevind het en jy lees hierdie, gaan jy tien teen een baie verward wees. Jy geen heel moontlik nie verstaan wat gebeur het nie. As jy ‘n Kind van die Here is en jy het tot bekering gekom, gaan jy sekerlik nie verstaan waarom jy nog hier is nie. Jy gaan iemand probeer blameer: die kerk, die Bybel, die HERE; iemand moet tog die skuld dra!

Die waarheid is dat niemand te blameer is, behalwe jy self nie. Die HERE het met jou gepraat en jy weet dit, maar jy wou nie gehoor gee nie. Miskien het jy gedink dat jy nog baie tyd het of miskien het jy gedink dat jy gereed is. Sien hierdie tydperk as ‘n tweede kans vir jou; ‘n kans om jouself te bewys!

Om te oorleef gedurende hierdie tydperk gaan uiters moeilik wees. Dit moet dus nie jou doel wees om te oorleef nie, maar om jou siel gereed te kry. As jou siel gered is, gaan jy vir ewig lewe in die hiernamaals, ongeag wat met jou fisiese liggaam gebeur.

Ek gaan met jou geen doekies omdraai nie. Gedurende die Verdrukking gaan God die wêreld gee wat dit nog altyd wou gehad het en dit is 'n wêreld sonder God. Dit gaan die mees verskriklikste tyd van die mens se geskiedenis op aarde wees. Daar gaan geen naaste liefde wees nie en geen genade nie. Doen soos daar vir jou gesê word, of word doodgemaak. Dit gaan so eenvoudig wees soos dit.

Dit sal eers baie subtiel gedoen word. Mense sal weggeneem word vir “rehabilitasie”. Onthou dat alles wat gaan gebeur en alles wat jy gaan sien, gaan gebaseer wees op ‘n leuen. Satan het net een oogmerk en dit is om jou sover te kry om jou rug op God te draai en jou siel aan satan te verkoop! Satan stel nie belang in jou as mens nie; hy stel belang in jou onsterflike siel en hy sal selfs jou vrees vir

die dood teen jou gebruik om jou sover te kry om afstand daarvan te doen!

Openbaring 13:15 sê vir ons wat satan se oogmerk gedurende die verdrukking gaan wees: *"[15] En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie."* En in Openbaring 14:9 en 10 lees ons wat gaan gebeur met die mense wat gaan weier: *"En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam."*

Liewe leser, as jy die merk van satan ontvang of sy beeld aanbid, is jy skuldig aan die oordeel wat oor satan gevel is en sal jy deel in sy straf. Vir die wat die merk aanvaar is daar geen redding meer beskikbaar nie; geen omdraai kans meer nie. Jou siel gaan vir ewig verlore wees... Dis wat jou nie vertel gaan word nie, want satan wil hê dat jy blindelings hierin moet gaan!

As jy weier om die merk te aanvaar of die beeld van satan te aanbid, sal jy doodgemaak word. Dit staan in Openbaring 20:4 *"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank."*

Satan gaan mag hê oor jou fisiese liggaam, maar jou siel het hy geen mag nie. Jy moet uit jou eie vrye wil afstand van jou siel doen voor satan mag daaroor gaan hê. As jy nie afstand doen van jou siel nie, dan verloor satan. Om jou bang te maak, gaan hy jou laat

doodmaak, maar jy moet onthou dat jou siel veilig gaan wees by God en dat jy vir ewig saam met die HERE gaan lewe!

**Wat moet ek doen as ek die wegraping mis?**

**Moenie die wegraping probeer weg verduidelik nie.** Die wêreld gaan dit probeer weg verduidelik... Allerhande verduidelikings waar almal heen is gaan die lig sien. Al hierdie verduidelikings gaan egter belaglik wees en moeilik om te glo.

**Moenie die kerk blameer nie.** Die kerk is daar om mense te wys waar die regte pad is. Alles wat ek tot nou toe genoem het hierbo, staan in die Bybel en ek het teksverse bygesit waar dit opgeteken staan. As jy nie geluister nie, sal jy die gevolge van jou keuses dra. Niemand anders kan die blaam dra vir die keuses wat jy maak as net jyself nie.

**Moenie hulp gaan soek nie.** Onmiddellik na die wegraping gaan die wêreld in chaos wees. Baie mense sal seergekry het. Versamel punte sal opgestel word waar jy mediese hulp, voedsel en water sal kan ontvang. As jy daar gaan aanmeld, sal hulle jou naam, van, adres en ID nommer vat en daar sal rekord wees dat jy oorleef het. Jy sal daarna weer opgespoor kan word, selfs al kruip jy weg. As jy nie aanmeld nie, sal daar aangeneem word dat jy dood is of verdwyn het. Niemand sal na jou kom soek nie...

**Moenie Christene gaan soek nie.** Daar gaan kerke wees net soos nou en hulle gaan aanhou werk ook, net soos nou, maar die wat waarlik glo gaan nie meer daar wees nie. Die wie gaan agterbly gaan mense wees wat nie glo nie, vir wie Jesus net 'n profeet was en vir wie Jesus nie gesterf het vir hulle sonde nie. Jy gaan geen Christelike redding in enige van daardie kerke vind nie!

**Vermy die groot stede.** Die eerste veranderinge gaan in die groot stede begin en so ook die implementering van die merk. Hoe verder weg jy van enige vorm van beskawing kan kom, hoe beter. As jy nie

aangemeld het na die wegraping nie en jy kan wegkom uit die groot stede uit, dan gaan jy grootliks onsigbaar wees vir die nuwe wêreld orde.

**Moenie die merk van die dier aanvaar nie!** Die Bybel is baie duidelik hieroor. Jy gaan vir ewig verlore wees as jy die merk aanvaar. Die merk hoef nie 'n fisiese merk wees nie, maar kan iets soos 'n mikroskyfie wees wat onder die vel ingeplant gaan word. Die tegnologie om dit te doen is reeds beskikbaar!

**Moenie verwag om die dood vry te spring nie.** Die rampe wat die aarde gaan tref in hierdie tyd gaan erg wees. Die kans op oorlewing gaan baie skraal wees. Die Bybel leer vir ons dat net 'n kwart van die aarde se bevolking dit deur die verdrukking sal maak. Die Bybel leer ons ook dat baie onthoof gaan word vir hulle geloof. Satan gaan mag hê om oorlog teen die Kinders van God te maak en hulle te oorwin. Die doel moet in elke geval nie wees om te oorleef nie, maar om te sorg dat jou siel veilig is.

As jy hierdie lees en die wegraping het nog nie plaasgevind nie, maak dan nou jou saak met die HERE reg. Moenie meer uitstel nie. Niemand weet hoe baie tyd ons nog oor het nie. Om nog langer uit te stel gaan geen doel dien nie.

As jy dan tot bekering gekom het, raak ontslae van sonde in jou lewe. Dis nie 'n maklike proses nie, maar soos jy groei, sal jy vind dat jou verhouding met die HERE al hoe dieper en meer persoonlik word. Gee die Heilige Gees 'n kans in jou lewe. Laat die vuur van die Gees groei sodat jy genoeg olie van die Gees het om die wegraping te kan meemaak! Sodoende sal jy waardig gevind word om alles wat kom te kan mis soos die HERE vir ons in Lukas 21:36 sê.

Liewe leser, net jy kan die verandering maak. In Openbaring 3:20 sê die Here: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom*

*die feesmaal hou, en hy saam met My."* Net jy kan die deur van jou hart vir Jesus oopmaak. Niemand anders kan nie. Ek smeek by u, moenie wag tot dit te laat is nie...

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Die pad berg op

Mag die Liefde van ons HERE Jesus Christus met julle almal wees.

Die dag as ons ons harte vir die HERE gee, begin ons ‘n pad saam met die HERE stap. Hierdie pad is uniek aan elkeen van ons. Nie een se pad met die HERE is dieselfde as volgende persoon se pad nie.

Op hierdie pad lei die HERE ons tot geestelike volwassenheid. Sommige van ons loop die pad hele tyd saam met die HERE, terwyl ander langs die pad stilhou. Natuurlik verstaan ons wat die pad end uit loop dit nie dat iemand halfpad sal wil op hou nie, maar onthou dat almal se pad anders is en dat die HERE ‘n doel met elkeen van ons het. Die HERE het die wat langs die pad stilhou en kampie opslaan nie minder lief as die wat aanhou om die pad te loop nie. Ons is almal Sy kinders en Hy het ons almal ewe lief!

Die wat egter aanhou om saam met die HERE te loop word beloon met allerhande gawes soos om siekes te kan genees, te kan bid, praat in tale. (1 Korintiërs 12:8-10) Hulle leer oor die HERE op ‘n intieme vlak te ken wat die ander nooit sal verstaan nie. Die wat saam met die HERE bly loop het geen bekommernisse nie. Jy het jouself vereenselwig met jou lot en jy is tevrede met wat jy het. Jy hoor die HERE se stem en jy is een met die Gees van die HERE!

Die wat agter gebly het vind dit natuurlik baie moeilik om te verstaan, maar die wat aanhou loop het al hulle bekommernisse in die hande van die HERE gesit. Hulle vertrou dat God die Vader in al hulle behoeftes sal voorsien en Hy doen! Dis ‘n lewe van vryheid wat baie moeilik is om aan iemand te verduidelik wat nie die pad stap nie. Of iemand wat nog nie op dieselfde vlak is nie.

Vir baie mense gaan dit oor finansiële onafhanklikheid op hierdie aarde. Hierdie is die Christene met die groot salarisse, duur motors,

duur huise en luukse vakansies en die HERE seën hulle deur vir hulle te gee. Hulle het besluit om hulle erfdeel in die Koningryk van die HERE nou al te ontvang. Dis soortgelyk aan die gelykenis van die verlore seun soos in Lukas 15:11-32 opgeteken.

Vir die wat die pad aanhou stap het vir die HERE gesê dat hulle later hulle erfdeel sal ontvang, want om saam met Hom te wees en los te wees van hierdie aarde is vir hulle baie belangriker as enige erfdeel.

Julle sal seker nou wonder waarom ek hieroor skryf. Dis omdat ek al baie hieroor gewonder het, want ek kon nie verstaan waarom die HERE sommige Christene seën met sulke welvaart op aarde nie terwyl ander "niks" ontvang nie. Maar dis nie dat hulle niks ontvang nie; hulle ontvang maar net iets wat nie in terme van geld gemeet kan word nie.

Ek skryf ook hieroor om aan julle te wys hoe die HERE elkeen van ons binne ons vermoëns help. Sommige loop die pad end uit saam met die HERE terwyl ander weer nie. Daar is niks daarmee verkeerd nie, want ons almal het ons vermoëns en die Gees van die HERE is 'n ware heer. Hy sal jou nooit enige iets laat doen waarvoor jy nie heeltemal reg is nie.

Onder geen omstandighede moet ons enige iemand oordeel nie, want ons weet nie wat die ooreenkoms is wat daardie persoon met die HERE het nie. Ons moet ook nie jaloers wees nie, want dit wat baie van ons partykeer het is baie beter en baie meer werd as enige aardse geld.

# Die HERE se teekoppie

Mag die soete teenwoordigheid van die HERE ons altyd tot oorlopend toe volmaak sodat ons geen behoefte na die dinge van die wêreld sal hê nie.

Soos julle weet word ons gedurig gekonfronteer met voorbeelde van iemand wat baie verder as ons gevaar het as ons op baie gebiede. Sommige van daardie oorwinnings wat hierdie mense behaal het, het met groot 'n groot prys gekom sodat hulle hulle drome kon bewaarheid, maar daarvan weet ons nie altyd nie.

In die Geestelike lewe is dit geensins anders nie. Ons ontmoet gedurig mense wat die HERE meer lief het as ons; of altans dit is hoe dit voorkom. Die HERE het vir ons hierdie voorbeelde gegee sodat ons daaruit moet leer, maar satan en sy trawante probeer ons jaloers maak op hierdie mense.

Julle weet, ons het twee keuses: ons kan hulle oorwinnings saam met hulle vier of ons kan wegsink in 'n poel van jaloesie en met die HERE redeneer: "Waarom nie ek nie? Wat is so spesiaal aan hulle?" Die HERE het ons hierdie voorbeelde gegee om saam met hulle bly te wees en ons is gegrief en bitter?

Die geheim om hierdie gif te vermy is maklik en dit is om in die besemkas te gaan wegkruip en die een te wees wat die vloere van die HERE skrop tot Hy jou daar kom uithaal! Waarom, omdat dit vir my baie meer vervullend is om my Jesus gelukkig te hou as om bekommerd te wees oor die eer van die wêreld. So bly ek in die besemkas terwyl ander aangekondig word in die koninklike hof en hulle krone ontvang.

Die gevaar wat prestasie inhou is dat dit baie keer vergesel word deur 'n gees van ambisie wat weer kan veroorsaak dat ons ver buite

ons vermoëns wil presteer of dat ons meer wil presteer as wat ons die HERE wil hê. Hierdie is iets wat ons gedurig voor moet oppas.

Sommige van ons tee koppies is vir die HERE, ander is weer emmers en ander weer balies. Die HERE het ons almal gemaak sodat ons verskillende kapasiteite het. Die teekoppie hou die minste van al die voorwerpe. Die balie hou ‘n enorme klomp water; genoeg om emmers en teekoppies vol te maak, maar die balie staan buite die huis. Die balie versamel water, maar dit word nooit in die huis ingebring nie. Die emmer tap water uit die balie uit en word in die huis ingebring, maar die HERE drink nooit uit die emmer uit nie. Dis die teekoppie wat Hy na Sy lippe bring om uit te drink!

Ek is dus heel gelukkig met my teekoppie status! Dit beteken nie dat ek nie wil groei en geïnspireer word deur ander wat groter en baie meer toegewyd is as ek nie. Ek wil net myself wees; die een wees wat die HERE my gemaak het om te wees!

Mag die HERE hierdie boodskap seën!

# Die Geheime mag van Liefde

Mag die HERE ons die liefde, geduld en die genade gee om elke dag saam met ons geliefdes ons lewens te leef as mans, vrouens en ouers soos die HERE dit van die begin af bedoel het.

Daar is geen beter geneesmiddel as liefde nie. Geen beter geneesmiddel wat kan oorwin teen teenstrydighede, misverstande, geskille en sondes van alle soorte soos liefde nie.

Baie van julle het al geleer dat liefde die enigste manier is om situasies te hanteer wat op die afgrond staan en dreig om af te val. Die liefde is geduldig, vriendelik, is nie arrogant nie en verdedig nie sy posisie nie. Liefde vergaan nooit nie en dit versuim ook nie om te hoop nie. Al sien ons dit nie altyd nie, bring die HERE alles weer terug na liefde toe.

Die enigste uitsondering is die siele wat gekies het om te haat en niks met die HERE se liefde te doen wil hê nie. Hierdie is verlore siele wat nie kan saamstem met enige iets hemels nie. Hulle sal altyd alles wat nie hulle haat en bitterheid vergroot nie, tee staan. Dis waarom die HERE in Sy Woord sê, “laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie” (Efesiërs 4:26), want dit laat die saad van bitterheid toe om wortel te skiet en die hart te bederf. Die volgende oggend gaan jy teen meer baklei as net bittere gedagtes. Jy gaan teen vestings van satan baklei.

Daar is baie van julle wat in konflik is met julle families en selfs julle gades. Die HERE het ons nooit geroep om so heilig te lewe dat ons ontoeganklike of afsydig moet staan teenoor hulle behoeftes nie. Gaan uit jou pad uit om vrede te maak met jou kinders, man, vrou of selfs jou skoonfamilie. As jy die HERE bo hulle stel, dan gaan jy maak dat hulle die HERE verag en niks met Hom te doen wil hê nie.

Ek praat nou nie van sonde nie. Moet nooit ingee as dit by sonde kom nie, maar staan teen sonde met ‘n ferme hand, nooit met harde veroordeling nie. Jy is die lig wat skyn in die duisternis en jy vat die HERE saam met jou oral waar jy gaan. Sy teenwoordigheid in jou lewe behoort vrede, geluk en broederlike liefde te bring, beslis nie harde oordeel nie!

Mag ek sê dat niks in ‘n huwelik so belangrik is soos om jou wederhelfte en ook jou familie te laat voel dat jy hulle liefhet en eer nie.

Ek sluit nie gebed en gesprek tussen man en vrou uit nie, maar pasop vir skinderpraatjies en oordeel. Hierdie is uiters giftige goed wat huwelike vernietig, want dit maak deure vir satan oop. Deure wat hy teen jou kan gebruik.

Sit die HERE eerste in jou hart, maar nie bo die behoeftes van jou familie nie. Baie keer wil jy eerder tot die HERE bid, maar dan soek iemand in jou gesin na iets. Gaan help daardie persoon. Die HERE maak daardie toegewing sodat dit gebruik kan word, want dis soms meer oordeelkundige om te sorg vir die behoeftes van jou gesin as om jouself af te sluit en teruggetrokke te wees.

Niks draai mense van die HERE af weg vinniger as ‘n godsdienstig en eiegeregtig vrou nie. Dis vernederend en verkleinerend vir die man. In plaas daarvan dat die man met sy vrou kompeteer om net so ‘n heilige leefstyl te wil volg as sy, hardloop hy altyd in die ander rigting weg. Dis waarom die HERE in baie gevalle die waarheid en die regte rigting deur die mond van ‘n ongelowige man sal laat praat as deur die mond van die gelowige vrou. Waarom? Omdat die HERE die gesag wat hy aan die man gegee het met die skepping daardeur bevestig.

Weereens bevestig ek dat dit nie nodig is vir jou om te komprimeer met sonde nie, maar daar is maniere om weerstand te bied deur liefde eerder as deur oordeel.

Dis belangrik dat jy die Gees van die HERE toelaat om jou man op te bou. Dis nie maklik om iemand op te bou wat die HERE nie volg met sy hele hart nie, maar deel van die rede waarom die HERE mense saam voeg is sodat jy jou man na die HERE kan lei deur jou optrede, hom te eer en om hom te komplementeer as hy na die HERE draai.

Dis waarom dit so belangrik is dat ons alles doen in ‘n gees van broederlike liefde. So baie mense het hulle huwelike totaal vernietig deur te godsdienstig te wil wees te veel dinge vir die HERE te wil doen. Al wat die HERE wil hê ons moet doen is om mekaar lief te hê. Wanneer mense geliefd en geëer voel, trek jy mense na die HERE toe omdat jy toelaat dat strome van lewende water deur jou vloei, jou skoon was en jou voed.

Mense sal hierdie water in jou sien en dit begeer omdat dit liefde in die suiwerste vorm is. Hulle sal alles in hulle vermoëns doen om daarby uit te kom en die dag dat hulle dit regkry, sal hulle gereed wees om totsiens te sê aan hierdie wêreld met sy vlas liefde omdat hulle meer honger sal wees vir die ware liefde. Wees daardie liefde vir die mense om jou en moet nooit ooit enige iemand onwaardig voor die HERE laat voel nie.

# Die gelykenis van die prospekteerder

Ek wil vandag vir julle ‘n gelykenis vertel van ‘n prospekteerder van Sacramento, Amerika.

Hy was ‘n ou man van in die 40 jaar oud en hy het sy hele lewe goud uit die heuwels en die berge om Sacramento uitgehaal. Hy het die berge en die mynskagte in die omgewing soos die palm van sy hand geken. Hy was ‘n wyse man; gevestig in sy manier, maar stil van geaardheid. Hy het sy fortuin lank gelede reeds gemaak, maar hy het die stil lewe verkies. Eerder as om sy rykdom te verkwis in die kroeë van die dorp of met uitspattige partytjies het hy sy geld belê en ‘n hotel in die dorp gekoop. Hy sy geldsake met groot regverdigheid bestuur.

Sy neef van sy broer se kant het geologie gestudeer by ‘n bekende universiteit en so sy doktors graad in Geologie verdien. Toe hy hoor hoe sy oom ryk geword het wou hy met alle geweld sy eie rykdom gaan soek. So het hy dan in Sacramento opgedaag, gretig om bekendheid te verwerf.

Baie gou, met die hulp van sy pa wat vir hom die geld geleen het, het hy alles gekoop wat hy nodig gehad het en het hy begin om tonnels in die berge in te skiet. Sy oom het hom kom besoek en hy het hom op ‘n toer deur sy myn geneem.

Die ou man was gretig om sy neef aan te moedig, want die area waar sy myn was, was bekend dat daar goud was. Soos hulle in die myn afgegaan het, het die oom opgelet dat die stutpale nie sterk genoeg was om die swaar gewig van die grond bokant hulle koppe op te hou nie. Hy het ook tekens van water gesien in die een skag wat na links van die hoofskag uitgeswenk het.

Hy het vir die grootste gedeelte van die toer doodstil gebly, totdat die jong man hom gevra het wat hy dink. Het sy myn nie belowend gelyk nie? Het hy nie ongelooflike vooruitgang gemaak nie?

Die ou man het sy keel skoongemaak en gesê dat hy beslis baie vooruitgang gemaak het in die paar maande wat hy hier was en dat hy beslis op die regte pad is om 'n baie groot neerslag goud te vind, maar daar was fout.

Sy neef kon nie verstaan wat moontlik verkeerd kon wees nie, want hulle het die beste gereedskap gehad wat geld kon koop. Tekens dat daar goud in die myn was, kon oral gesien word; wat kan dus verkeerd wees?

Die ou man het gesê dat hy bekommerd was oor die laaste 50m van die skag, want die stutpale was nie sterk genoeg om die gewig van die grond bokant hulle koppe op te hou nie. Hy gaan groter stutpale daar moet insit voor hy besluit om verder te gaan. Hy het hom ook vertel van die tonnel met die water neerslag wat na links van die hoof tonnel uitgedraai het. Die ou man was oortuig dat hulle onder die water tafel ingegrawe het. As daardie tonnel meegee, dan gaan almal in daardie tonnel binne sekondes verdrink. Die neef wou egter niks weet nie. Hy het gedink dat sy oom maar net jaloers was op hom en hom wou verhoed om ook ryk te word.

Op daardie oomblik het een van die mynwerkers nader gehardloop gekom en geskreeu dat hulle 'n goud neerslag gevind het en dat dit 'n baie groot was. Die werker het rondgespring van blydskap en sy hoed in die lug gegooi. Die neef wou weet waar hulle goud gevind het. In die tonnel wat na links van die hoofskag afloop, het die werker geantwoord.

Die neef het na sy oom gekyk en gesê dat hy geweet het hulle gaan goud in daardie sy tonnel vind. Nog net 'n paar meter dan gaan hulle almal skatryk wees! Hulle kan nie nou ophou nie!

Die ou man het stil gebly, want sy broer se seun was ‘n uitgesproke en selfversekerde man wat altyd reg was. Sy neef het hom herinner aan ‘n ander man wat lank gelede saam met hom in Sacramento aangekom het. Die man was net soos sy neef: selfversekerd, uitgesproke en altyd reg. Hy het baie haastig ‘n skag gegrawe en ook nagelaat om dit behoorlik te versterk. Hy het skaars ‘n 100 meter gevorder toe sy myn bo op hom inmekaar gesak het. Hy het omgekom in die ineenstorting en hulle het nooit sy liggaam gevind nie.

Nou is sy neef op pad om dieselfde foute te maak en daar was geen manier om tot hom deur te dring nie. Al wat hy gesien het was die kleur van goud en die geld wat hy daardeur sou verdien. Die ou man het hom gesmeek om op te hou grawe en eers die tonnels te versterk voor hy voortgaan, maar die neef wou nie luister nie.

Die ou man het teruggekeer na sy hotel. ‘n Week later het ‘n groep mynwerkers by die hotel se kroeg ingestorm; spier wit asof hulle ‘n spook gesien het. Die ou man wou by hulle weet gebeur het en toe vertel hulle hom van sy neef se myn. Die linker tonnel het onder die drukking van die water ingegee en die hele myn het bo op die werkers ingesak soos die water deur die tonnels gestroom het. Die werkers wat in die kroeg was het ook vir die neef gewerk, maar toe hulle hoor wat die ou man vir sy neef gesê het en hulle besluit om eerder te bedank as om hulle lewens verder in gevaar te stel.

Die ou man het begin huil oor die verlies van sy neef. Hy het probeer om hom te waarsku, maar hy was te slim vir ‘n ou man sonder enige geleerdheid. Nou is hy die een wat vir sy broer moet gaan sê dat sy seun dood is en nooit weer huis toe sal kom nie.

Wat is die doel van die gelykenis? Luister na die wat meer ondervinding op sekere gebiede het as jy. Hulle weet waarna om op te let en hulle kan moeilikheid identifiseer lank voor dit gebeur.

As ons eers die Gees van die HERE in ons lewens het en die HERE begin allerhande gawes vir ons gee, dan sien ons al hoe ons berge kan versit. Dis opwindend en ons wil nie ophou nie. Baie keer stuur die HERE mense wat ons pad kruis om ons te waarsku om dinge stadiger te vat. Wees nederig en luister. Dit wat hulle sê maak miskien nie nou sin nie, maar dis belangrik dat ons luister.

Moet nooit die hulp wat die HERE vir jou stuur as vanselfsprekend aanvaar nie. Moet ook nooit mense afkraak omdat hulle minder intelligent of minder bevoorreg as jy is nie. Ek praat nou nie van gesag figure wat jou probeer afdruk nie, maar van mense wat jou liefhet en die ondervinding het.

Hou ‘n oog op jou selftrots en bly nederig!

## Pasop vir die Hebsug

Ek dink vandag aan daardie liedjie van die sanger Lukas Maree waar hy sê: "Ek sal kan doen met 'n miljoen." Hoe baie van ons het nie al daardie vrase op ons eie herhaal nie?

Julle weet, daar is niks verkeerd om te droom nie; ons almal doen dit. Ek ook! En dan droom jy dat jy genoeg het om net alles te kan regmaak wat stukkend is. Partykeer is jou bedoeling goed en wil jy ander mense help om 'n beter leefstyl te kan handhaaf.

Dan droom ons dat ons die Lotto wen en skielik miljoene ryker is! Ons droom van die huis wat ons gaan koop, die vakansies wat skielik nie meer buite ons bereik is nie. Ek kan julle dit sê: daardie vlugte van fantasie is darem wonderlik, maar die terugkom aarde toe is nie so lekker nie, want skielik is jy weer die doodgewone jy met jou finansiële probleme!

Kom ons kyk wat sê die HERE vir ons in Lukas 12:15-21 oor presies hierdie ding: *"[15] En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie. [16] Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: 'n Ryk man se grond het goed gedra. [17] En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? [18] Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. [19] En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. [20] Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? [21] So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."*

Is die HERE nie wonderlik nie? Kyk net na hierdie antwoord: *"Niemand se lewe bestaan uit die oorvloed van sy besittings nie"* en

*“So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.”* Ek kon dit nie beter gestel het nie, selfs al probeer ek! Dit laat my so dink aan daardie stukkie wat ek ‘n paar weke gelede oor geskryf het: Wees tevrede met wat hy het.

Laat ons eerder rykdom in die HERE najaag as aardse rykdom, want aardse rykdom het net een doel en dit is om jou vasgebind te hou aan hierdie aarde. Selfs al is jou bedoeling hoe goed, die HERE sien verder as wat ons kan sien. Hy sien moeilikheid aankom lank voor dit al hier is. Die HERE sal in elke geval nie toelaat dat enige iets jou van Hom skei nie, want Hy sê in Sy Woord dat ons duur gekoop is. (1 Korintiërs 6:20)

Die feit dat ons duur gekoop is, is vir die HERE so belangrik dat Paulus dit in 1 Korintiërs 7:23 herhaal: *“Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie.”* Liewe lesers, moet dus nie ‘n slaaf van geld word nie. Werk eerder om ryk te word in God. Dit gaan vir almal van ons baie meer voordelig wees as enige aardse rykdom!

Mag die HERE hierdie boodskap seën!

# Moenie moed verloor as die toetse kom nie!

Is dit nie verbasend hoe maklik dit is om die HERE te dien as dinge in jou lewe goed gaan nie? Dis wanneer die toetse kom dat die werklikheid ons tref.

Ek hou daarvan om Job as ‘n voorbeeld te gebruik, want dis ‘n man wat alles gehad het en alles verloor het en ten spyte daarvan het hy nooit opgehou om die HERE te prys nie. Tot sy eie vrou het later aangedring dat hy God vloek en eerder sterwe as om verder in hierdie toestand te leef!

Ek wonder wie van ons bereid sal wees om deur al hierdie toetse te gaan vir die HERE. Ek weet, die baie maklik om te sê “Ja, HERE ek is bereid”, maar gaan dink mooi. As jy vir die HERE gesê het jy is bereid om ‘n pad saam met Hom te loop, moet dan nie terug draai sodra die eerste nederlaag kom nie.

In Job 1:7-12 lees ons hoe die HERE vir satan gevra het of hy opgelet het na Job en hoe vroom hy is. Satan sê toe dat dit glad nie verbasend is dat Job so vroom is nie omdat hy alles het. Die HERE beskerm hom en sy huisgesin en die HERE seën die werk van sy hande. Waarom sal hy dan nie God vrees nie? Vat ‘n bietjie sy voorspoed weg en kyk of hy God sal vloek. Die HERE sê toe dat satan kan doen wat hy goeddink, maar Job se lewe mag hy nie neem nie.

Wat was Job se antwoord toe die slegte goed met hom begin gebeur? Die HERE het gegee en die HERE het geneem. Naak het ek in hierdie wêreld ingekom en naak sal ek daar uitgaan! (Job 1:21)

Wie van ons sal bereid wees om so te spreek?

Weer het satan gekom en Job met bose swere getref sodat hy later op ‘n ashoop gaan sit het en sy sere met ‘n potskerf gekrap het. (Job

2:7-8) Sy vrou het gekom en gesê dat hy God moet vloek en sterwe eerder as om so te lei. Sy antwoord aan haar was dat sy soos ‘n dwaas praat. Vir jare het hulle die goeie uit die hand van die HERE ontvang. Waarom dan nie nou die slegte ook nie!

Tot Job se vriende het hom later verlaat, maar nog steeds het Job die Naam van die HERE groot gemaak. Hy het geweier om die HERE te vloek.

Weer vra ek: wie van ons sal bereid wees om tot sulke uiterstes te gaan?

Die toetse wat ons deurgaan lyk skielik nou so klein en niksseggend as vir Job as voorbeeld gebruik, né. Die geheim van ‘n krisis deurgaan lê daarin om jou oë op die HERE te hou. Moenie links of regs kyk nie. Hou aan, gaan voort en moenie ophou om die HERE te prys nie.

Ons verstaan nie altyd waarom sekere dinge met ons gebeur nie, maar weet dit dat daar altyd ‘n doel is. Die HERE is voortdurend besig met ons. Hy maak skoon en snoei die dooie takke in ons lewens weg sodat ons meer vrug vir Hom kan dra. Die snoei proses is pynlik, maar dis ‘n nodige proses as jy meer vrug wil dra.

As daar iemand is wat op hierdie oomblik deur ‘n krisis gaan en jy wonder waarom; hou net vas aan die kleed van die HERE. Onthou dat as die HERE jou in ‘n situasie kan laat beland dan kan Hy jou baie maklik daaruit kry ook! Moet net nie moed verloor nie, want as jy moed verloor, dan is alles verby!

Prys die Naam van die HERE!

# <u>As ek maar geweet het</u>

Die HERE het ons oneindig baie lief en daarom waarsku Hy die wat hy lief het voor die tyd sodat hulle gereed kan maak vir dit wat kom.

Ek het die volgende waarskuwing van die HERE ontvang wat opgeteken staan in Lukas 12:35-40: *"[35] Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand. [36] En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop. [37] Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien. [38] En as hy in die tweede of in die derde nagwaak kom, en dit so vind gelukkig is daardie diensknegte. [39] Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie. [40] Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie."*

Ek is maar net te bewus van die feit dat daar 'n profesie uitgespreek is dat ons nog drie jaar oor het, maar die profesie het ook gesê dat die tyd afhang van ons gebede. Dit beteken dat dit nie noodwendig drie jaar sal wees nie en dit beteken ook nie dat ons in hierdie tyd wat ons gegun word enigsins moet slap lê nie. Die HERE is baie duidelik as hy sê dat ons die dag en die uur nie weet nie en soos ek die HERE ken is Hy versot op verassings, veral teenoor die wat Hy lief het. Jy gaan nog dink daar is baie tyd, dan gaan die tyd om wees!

Hier praat ek nou met my mede Christen broers en susters: As jy dus met dinge besig is wat nie die naam van die HERE groot maak nie, hou dan op waarmee jy besig is.

Iemand het eenslag gesê dat die ding waaroor jy die meeste gaan spyt wees as jy in die Hemel kom, gaan wees hoe min jy vir die HERE

gedoen het. Jy gaan wens vir ‘n tweede kans om terug te kan gaan en meer te kan doen.

Laat die HERE se lig dus NOU uit jou uit skyn en dra daardie Vrugte van die Gees sodat almal kan sien dat jy anders is as die wêreld, want dit is daardie anders wat mense na die HERE toe aantrek!

Die van julle wat hierdie lees en nog nie gereed is om die HERE te ontmoet nie; vat hierdie as ‘n waarskuwing om gereed te maak!

Daar is ‘n gediggie wat sê:

*As ek geweet het dis die laaste keer dat ek jou aan die slaap sou sien raak,*

*sou ek meer moeite gedoen het om jou warm toe te maak.*

*As ek geweet het dis die laaste keer wat ek jou by die deur sien uitloop, sou ek jou gedruk en gesoen het -*

*en jou teruggeroep het vir nog 'n drukkie. As ek geweet het dis die laaste keer dat ek jou stem sou hoor,*

*sou ek dit op band op geneem het sodat ek dit weer en weer kon speel.*

*Ons leef so asof daar nog baie tyd oor is om alles te doen wat ons graag wil ..*

*maar sê nou vandag was die laaste kans!*

Ek weet nie wie hierdie woorde geskryf het nie, maar dis uiters toepaslik op vandag se stukkie. In Jakobus 4:14 staan *“Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar ‘n damp wat vir ‘n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn.”*

Lesers, luister na my woorde: Die ewigheid gaan ‘n baie lang tyd wees om sonder die HERE te wees. Ons tyd is min. Maak die regte keuse en maak dit nou.

# Omstandighede in ons lewens

Lewens probleme kom en lewens probleme gaan. Partykeer is ons self verantwoordelik vir die probleme wat ons ondervind omdat ons nie die HERE ken in die pad wat ons wil loop nie.

Elkeen van ons se pad met die HERE is uniek. Nie een van ons stap dieselfde pad nie. Alles gaan gepaard met ons groei as mens om eendag ‘n produktiewe lid van hemel te kan word. Dis waarom daar regstellings in ons lewens kom. Die HERE vind geen plesier daarin om tugstappe te neem nie, maar net soos in die geval van ‘n kind is dit die enigste manier om verandering te verseker.

As jou seun voëls met klippe gooi, want doen jy? Jy gee vir hom die grassnyer en laat hom die gras sny en die kante van die tuin kap. As jy daar klaar is gaan hy te moeg wees om die voëls verder te treiter!

Sien julle wat ek bedoel? Al die siektes, al die skete en al die tye wat jy fisies nie kon kry wat jy so graag wou gehad het nie, het ‘n doel. Dis die HERE wat verandering in jou lewe wil bewerkstellig. In baie gevalle is hierdie veranderinge liefdevol en sag en jy sien dit later as jy terugkyk op jou lewenspad, maar baie keer halsstarrig soos jong perde en dan moet die HERE omstandighede in ons lewens gebruik om verandering te verseker en dit is nie altyd so aangenaam nie.

Die verskil is wat ons doen met hierdie omstandighede wat ons onsself in bevind. Kom ek vertel vir julle ‘n storie.

Daar was ‘n sekere pasgetroude dogter wat na haar ma toe gegaan het en gesê het dat die huiswerk te veel is vir haar en dat dit haar onder kry. Sy het lus om op te gee en te skei van haar man.

Haar ma het sonder om ‘n woord te sê drie potte met water op die stoof gesit. Toe die water kook, het sy wortels in die eerste pot gegooi, eiers in die tweede en koffieboontjies in die derde pot. Na

20 minute het sy die wortels, eiers en die koffieboontjies uitgeskep en vir haar dogter gesê sy moet kom kyk.

Die dogter het aan die wortels gevoel en gevind dat hulle sag gekook was. Die eiers was hard gekook, maar die koffie boontjies het die heerlikste koffie gemaak in die pot met die water.

Haar ma verduidelik toe aan haar dat dit ons  gesindheid in die lewe is wat ons maak of breek. Sy het drie verskillende goed in die warm water gesit en al drie het verskillend gereageer op hulle omstandighede.

Die wortels het hard en styf in die warm water ingegaan, maar sag anderkant uitgekom. Die eiers het sag en breekbaar in die warm water ingegaan. Hulle enigste beskerming was die harde dop om hulle, maar die water het hulle hard gemaak in so ‘n mater dat hulle nou nie meer kan breek nie. Die koffie boontjies het in die warm water ingegaan en in plaas van self verander, het hulle die water om hulle verander.

Net so is elkeen van ons se omstandighede in die lewe uniek, maar dis wat jy daaromtrent doen wat die uitkoms bepaal.

Die vraag nou is; wat gaan jy doen met die omstandighede in jou lewe? Gaan jy die HERE toelaat om jou te verander soos die wortels of die eiers of gaan jy self nie verander nie, maar jou omstandighede eerder verander?

Prys die Naam van die HERE!

# Jesus reinig die tempel

Deel van Jesus se sending op aarde was om die skynheiligheid van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs te ontbloot. Op geleentheid het Hy hulle selfs daarvan beskuldig dat hulle witgepleisterde grafstene is! (Mattheus 23:27)

Skynheiligheid is sekerlik een van die grootste sondes denkbaar, want saam met dit kom hoogmoed. As jy skynheilig is, dan dink jy dat jy beter as die volgende persoon is. Dis waarom die HERE vir ons terselfdertyd waarsku om te pasop vir die hoogmoed, want hy wat homself verhoog sal verneder word! Jesus sê ook dat ons onsself nie "meesters" moet noem nie, want een is ons Meester. Ons is almal broers!

Hierdie goed kruip so maklik in ons lewens in, liewe lesers dat ons dit baie keer nie agter kom nie. Dan moet die HERE werk om regstelling daar te stel sodat ons weer terug kan kom aarde toe. Hierdie is nie 'n lekker proses nie, maar julle moet onthou dat die Hemel omgekeer is van wat op aarde gebeur.

Op aarde probeer ons gedurig om die hoogste sport van die leer te bereik en is ons voortdurend besig om ons omstandighede te verbeter. In die Hemel probeer die wat daar is die laagste sport van die leer bereik, want aan hulle word die hoogste posisies in die Hemel gegee. Hulle verbeter nie hulle omstandighede nie, maar hulle verbeter hulleself en die om hulle!

Verstaan julle nou waarom dit so belangrik is om nederig te wees op aarde? Jy oefen solank hier om as jy daar kom gereed kan wees vir dit wat jy gaan sien!

Nou kom ek by die boodskap van vandag soos in Lukas 19:45-48 opgeteken: *"[45] En toe Hy in die tempel ingegaan het, begin Hy die*

*wat daarin verkoop en koop, uit te jaag. [46] En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis is 'n huis van gebed. Maar julle het dit 'n rower spelonk gemaak. [47] En elke dag was Hy besig om in die tempel te leer; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die vernaamstes van die volk het probeer om Hom om te bring; [48] en hulle het niks gevind wat hulle kon doen nie, want die hele volk het Hom aangehang en na Hom geluister."*

Deel van hierdie gereedmaak proses is om jou gedagtes skoon te hou. Satan teiken jou daar eerste, want as die gedagtes vuil is, besoedel dit die hart en as die hart besmet is, dan pomp dit vuil bloed regdeur die hele liggaam en besoedel dit die hele tempel. Verstaan julle?

Die HERE besoek ons heel eerste in ons harte en as dit hart besoedel is, dan kan die HERE ons nie daar besoek nie. Satan weet dit en dis waarom hy doen wat hy doen. Hy probeer gedurig om daardie verbintenis wat ons met die HERE deur ons harte het, ongedaan te maak.

Dis waarom Jesus die tempel gereinig het, want as die tempel skoon is, dan kan die mense daar gaan bid met die regte ingesteldheid sonder om eers by 'n klomp verkopers verby te moet loop wat allerhande goed aan jou wil afsmeer en sodoende jou ingesteldheid versteur. As dit gebeur, dan vergeet jy waarom jy tempel toe gekom het en konsentreer jy meer op dit wat hy moet koop as op jou verhouding met die HERE. Dis waarom dit so belangrik is dat ons tempels skoon moet wees, want as dit skoon is, dan is die hele liggaam skoon!

Daarom liewe Kind van God, konsentreer daarop om jou tempel te reinig van alles wat tussen jou en die HERE staan. Gaan op jou knieë en vra die HERE om jou te vergewe sodat jy weer heel kan word en probeer dan om dit wat verkeerd is nie weer te herhaal nie.

Prys die Naam van die HERE!

**Is jou geloof sterk genoeg?**

Die pad wat die HERE met elkeen van ons loop is anders van persoon tot persoon. Niemand se pad is ooit dieselfde nie.

Vandag gaan ek kyk na die verhaal van die hoofman oor honderd van Kapernaum soos in Mattheus 8:5-10 opgeteken: *"[5] En nadat Jesus in Kapernaum ingegaan het, kom daar 'n hoofman oor honderd na Hom toe en smeek Hom [6] en sê: Here, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyne. [7] Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak. [8] En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word. [9] Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit. [10] Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie."*

Net vir die agtergrond, 'n hoof man oor 'n honderd word ook 'n *Centurion* in Engels genoem. Hy was soos 'n Sersant Majoor in die weermag of dan 'n Adjudant Offisier. Hulle het met 'n kort dik stokkie van so om en by 30 sentimeter rondgeloop en die soldate wat nie wou luister nie met die stokkie geslaan. Hulle was daarom mense wat baie gesag in die weermag gehad het, want hulle was die mense wat moes toesien dat dissipline gehandhaaf word.

Ek het self in 'n semi militêre organisasie gewerk en die eerste ding wat hulle jou leer is om bevele te gehoorsaam. As die sersant sê spring, dan spring jy. Jy vra nie eers hoe hoog nie; jy begin sommer so hoog spring as wat jy kan uit die staanspoor uit! Dis hoe militêre dissipline werk!

As dit kom by geloof moet mens ook baie keer net jou oë toeknyp en net doen. Jou uitkyk moet wees dat as die HERE jou hierin gekry

het, dan kan Hy jou weer hieruit kry ook! Dis dan wanneer ons leer om ons klein handjie in Pappa se groot hand te sit en onvoorwaardelik te glo en te vertrou!

Waarom doen die HERE dit? Die HERE het oneindig baie geskenke wat Hy met ons wil deel, maar jy kan nie iets met iemand deel wat nie volwasse genoeg is om dit te verstaan nie. Het julle al gesien wat gebeur met iemand wat baie geld wen? Hy bevredig eers al sy aardse begeertes en hy mors die geld uit om nuttelose dinge. Baie gou is hy weer net so arm soos wat hy was!

Dis wat gaan gebeur as die HERE sy geskenke net uitdeel sonder om ons te toets of ons gereed is daarvoor. Voor Hy vir jou meer geld gee as wat jy weet wat om mee te maak, gaan Hy eers seker maak dat daardie geld nie tussen jou en Hom gaan staan nie. Verstaan julle? Hy wil hê dat jy die geskenk moet verstaan en dit oordeelkundig moet gebruik.

Wees dus bly as jy getoets word! Wat die HERE sal NOOIT toelaat dat jy bo jou kragte getoets word nie, selfs al lyk dit partykeer vir ons so.

# Wie was Nikodémus?

Die Bybel gee nie vir ons veel agtergrond oor wie Nikodémus was nie, behalwe dat hy 'n Fariseër was. Hy word ook net genoem in die Evangelie volgens Johannes en uit dit wat ons lees, kan mens aflei dat Nikodémus nie met sy mede Fariseërs saamgestem het nie.

Die eerste keer wat die naam Nikodémus genoem word is in Johannes 3:1-15 waar hy in die nag na Jesus gekom het en Jesus aan hom die wedergeboorte verduidelik het. Ons lees daarna weer van hom in Johannes 7:50-51 waar hy aan die ander Fariseërs gesê het dat mens nie iemand veroordeel voor jy nie sy kant van die saak gehoor het nie. Die laaste keer wat ons van hom lees is in Johannes 19:38-42 waar hy na die kruisiging 'n mengsel van mirre en aalwee verskaf het vir Jesus se begrafnis. Hy was ook self teenwoordig by die begrafnis.

Een ding moet julle verstaan en dit is dat die mense in Jesus se tyd baie anders was as nou. Hulle het nie die kennis van die Bybel of die verstand gehad om die geskrifte te interpreteer soos ons vandag het nie. Vandag weet ons almal wat Jesus bedoel het met die gelykenisse wat Hy gespreek het, maar die mense van daardie tyd het dit nie verstaan nie. Dis dan waarom Jesus altyd in gelykenisse tot hulle gespreek het. Nooit het hy enige iets aan die skare gesê as dit nie deur gelykenisse was nie.

Dis dan ook waarom die Fariseërs en die Skrifgeleerdes so hooggeag was in Jesus se tyd. Hulle was daar om die geskrifte aan die mense duidelik te maak, maar dis wat hulle nie gedoen het nie. Hulle het eerder hulle posisies gebruik om swaar laste op die skouers van die mense te laai en verder het hulle hulleself verryk uit die tempel uit! Jesus het dit geweet en die Fariseërs en die Skrifgeleerdes het geweet hy weet dit. Dis waarom hulle van hom ontslae wou raak.

Jesus was ‘n bedreiging vir hulle voortbestaan, maar hulle het geweet dat hulle dit nie kon doen sonder die skare nie. Die manipulasie van die skare was die sleutel tot sukses vir hulle planne.

Om iemand te kan veroordeel in daardie tyd, moes die hele Sanhedrin teenwoordig wees en moes elkeen van hulle saamstem dat die veroordeelde skuldig was. Dit was belangrik dat hulle die veroordeelde se kant van die saak aanhoor. Daardie aand voor die kruisiging was al die lede van die Sanhedrin nie teenwoordig nie. Jesus se veroordeling en die daaropvolgende kruisiging was dus nie volgens die wet nie.

Om die storie teen die muur te laat vassit was dit nodig dat vals getuienisse ingebring word; mense wat getuig het dat Jesus gesê het dat hy die tempel sal afbreek en in drie dae weer sal opbou. Jesus het natuurlik nie verwys na die tempel as gebou nie. Die hele veroordeling en Jesus se kruisiging was dus hoogs onreëlmatig, maar ons weet vandag dat dit nodig was en dat dit so moes gebeur.

As dit nie so gebeur het nie, dan sou ons nie vandag die vryheid gehad het om tot die HERE te bid soos ons vandag het nie en sou die vergifnis van ons sondes deur die bloed van die Lam nie moontlik gewees het nie. Satan het gedink hy het gewen, maar hy het eintlik een van sy grootste nederlae ooit gehad en hy het dit nie eers besef nie! Prys die HERE!

Daarom liewe leser; of jy nou ‘n geredde Christen is of nie; die HERE het vir jou sondes op die kruis gesterf! Die onregverdige manier wat Hy behandel is bewys dit! Jy kan hierdie geskenk aanvaar of jy kan dit verwerp. Die keuse is joune om te maak, maar weet dat die gevolge van jou keuse ook net joune gaan wees om te dra. Maak dus die regte keuse, want daar is verkeerde keuses ook!

As jy gereed is, gaan op jou knieë en bid tot die HERE. Moenie bekommerd wees oor wat jy gaan sê nie. Die Gees van die HERE sal

jou lei om te sê wat jy moet sê. Sê dit wat in jou hart opkom om te sê. Die HERE sal jou hoor en Hy staan gereed om jou al jou oortredinge te vergewe!

# <u>Die twee gevaarlikste leuens</u>

Ek glo dat die twee gevaarlikste leuens in vandag se samelewing as volg is: “Jy is ‘n goeie mens” en “omdat die HERE is ‘n God van liefde is, sal Hy jou nie straf nie”.

Hierdie leuens word elke dag regdeur die wêreld aan miljoene vertel en die ergste is dat mense dit glo! Nommer een dat jy ‘n goeie mens is; ons is almal goeie mense. Kyk maar as ons na ‘n begrafnis gaan... Daar word gedurig klem gelê op hoe ‘n goeie mens hy was of hoe ‘n goeie mens sy was en dat hy of sy nou in ‘n beter plek is.

‘n Denkwyse soos die maak die deur vir satan oop en so begin baie te redeneer dat hulle tog goeie mense is. Hulle gaan gereeld kerk toe; hulle doen goeie dade; hulle roof, steel en moor nie en daarom is hulle goeie mense.

Die rede waarom die stelling hierbo ‘n leun is, is omdat die HERE in Sy Woord vir ons so sê! In Romeine 3:10-12 en 23 staan daar: *“[10] Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. [11] Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. [12] Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.” “[23] want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.”*

Hierdie wêreld sal vir jou sê dat jy ‘n goeie mens is, maar die HERE sit in die Hemel en Hy kyk af en Hy sê dat hy niemand sien wat goed is nie. Hy sien ons sonde; almal is ewe sondig en daarom verdien almal om gestraf te word.

Net voor die sondvloed het die HERE ook na die Aarde gekyk in Genesis 6:11-18 en gesien hoe sondig die mens was. Dis waarom Hy besluit het om die vloed te stuur sodat almal kan omkom. Ek is seker dat daar toe ook mense was wat gesê het dat hulle goeie mense

was, maar die HERE het afgekyk en niks goed gesien nie. Die HERE het besluit om almal te verdelg, behalwe vir Noag en sy familie.

Hierdie gaan hand in hand met daardie tweede leun wat sê "omdat die HERE is 'n God van liefde is, sal Hy jou nie straf nie". Daar is mos nie iets soos 'n hel nie en die HERE kan mos nie iemand aan die einde van die lewe in 'n put van swael en vuur gooi nie. Sal 'n liefdevolle God werklik dit doen?

Ja, Hy sal, want Hy is 'n God van reg en geregtigheid! Die boek van Openbaring is vol daarvan! In Openbaring 20:10 lees ons: *"En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid."* Om daarom te sê dat die HERE 'n God van Liefde is en iemand nie sal straf nie is 'n LEUEN, want hier doen hy dit met satan, die dier en die vals profeet!

Verder lees ons in Openbaring 20:15 die volgende: *"En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."* Hierdie sluit ons almal in, liewe lesers, ongeag of jy 'n goeie mens was of nie! Sommige sal sê dat hierdie "old school" is, maar weereens is jy verkeerd, want Openbaring praat van dinge wat nog nie gebeur het nie en in die toekoms gaan plaasvind!

Die vraag wat ons onsself moet afvra is wie jy gaan glo. Gaan hy die samelewing glo wat sê dat die HERE 'n God van liefde is en ons daarom nie gaan straf nie. Hy is mos nie meer die HERE van die ou testament nie en hierdie is die nuwe tyd! Of gaan jy die Woord van die HERE glo wat sê dat die HERE 'n God van liefde is, maar ook 'n God van geregtigheid en oordeel?

Lesers, hierdie is twee baie gevaarlike leuens: "Jy is 'n goeie mens" en "omdat die HERE is 'n God van liefde is, sal Hy jou nie straf nie", maar dit is teenstrydig met wat die Woord van die HERE vir ons leer.

Die wêreld, of moet ek liewer sê satan self is besig om jou te leer dat jy 'n goeie mens is en dat die HERE jou nie sal straf nie en dis waarom jy van niks gered hoef te word nie, maar die waarheid is dat ons Jesus en dit wat Hy op die kruis vir ons gedoen het nodig het om ons skoon te was van sonde.

Prys die Naam van die HERE!

# Beheer die boot, nie die golwe nie

Ons in ‘n deurmekaar wêreld, maar soos julle weet is dit hoe die wêreld is. Dit was nog altyd ‘n deurmekaar plek sonder rigting of leiding. Wat erg is, is wanneer die kerk nie meer die kerk is nie en ons nie meer anders is as die wêreld nie.

Dit laat my so dink aan 2 Timoteus 3 waar Paulus vir Timoteus waarsku hoe daar swaar tyd tye in die laaste dae gaan kom. Dis nie omdat die wêreld enigsins verander het nie, maar omdat die kerk verander het! In ons kerke van vandag vind ons mense wat liefhebbers van hulleself is, liefhebbers van geld, kinders wat ongehoorsaam is aan hulle ouers. Hierdie is dinge wat ons al as van self sprekend aanvaar het, want kinders is mos altyd ongehoorsaam aan hulle ouers! Dis dan waarom Paulus vir Timoteus gewaarsku het dat dinge in die laaste dae swaar gaan word omdat hierdie dinge het in ons kerke ingesluip sonder dat ons dit agterkom.

Mense dink dat as daar in die kerk gepreek word dat jy jou naaste moet lief hê, dan moet ons eers daaraan werk om onsself meer lief te hê! Want ons het liefhebbers van hulleself geword eerder as liefhebbers van God.

Dit laat my so dink aan ‘n boot wat in ‘n storm vasgevang is. Die golwe slaan die boot links en regs sodat die mense in die boot heen en weer geslinger word. Mense raak bang, maar in die middel is die kaptein die van boot. Hy sê vir die mense dat hy geen beheer oor die golwe het nie, maar dat hy beheer oor die boot het en dis waarom hy hulle veilig daardeur gaan bring, want die boot kan hy beheer! Dis presies soos die wêreld is. Ons as Christene is die boot. Ons kan nie die wêreld beheer nie, maar ons kan die boot beheer! Ongelukkig spandeer hopeloos te veel christene hulle tyd om die wêreld te probeer verander!

Ons is die kapteine van ons eie bote en ons moet besluit oor ons eie pad vorentoe. Ons is veronderstel om te sê: "Ek gee nie om wat hulle daar buite preek nie, ek is die kaptein van hierdie boot en daarom sal ek besluit!"

Paulus sê vir Timoteus in 2 Timoteus 3:14 *"Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het."* Met ander woorde liewe leser, bly jy by wat geleer het omdat jy verseker is waar dit vandaan kom! Beheer jy jou boot en moenie dat die wêreld jou anders probeer oortuig nie! Prys die HERE!

Ons hoop vir die toekoms vind ons in die gebed wat Paulus bid in Efesiërs 3:14-19 *"[14] Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, [15] van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, [16] dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, [17] sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, [18] en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, [19] en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God."*

Wanneer laas het u 'n gebed soos dit gehoor? Of moet ek liewer sê; wanneer laas het u 'n gebed soos dit gebid vir iemand anders? Ons hoor nie meer mense op hierdie manier bid nie. Ons hoor mense vir Tant Annie bid want haar voet is seer, maar ons hoor nie mense bid "Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus" nie.

Wanneer laas het ons op ons knieë voor die HERE afgesak en intens vir iemand anders gebid sodat daardie persoon van binne af verander mag word om die HERE as sy Saligmaker te mag aanvaar? Kom ek vat dit verder. Wat daarvan as u na 'n kerk toe gaan waar die

prediker nie baie goed is nie, maar u weet dat hy elke week etlike ure spandeer om vir jou en sy gemeente lede by naam te bid voor die HERE. Jy weet dat jou naam voor die HERE genoem word en dat daar vir jou kinders gebid word. So 'n slag gee mens nie om hoe 'n goeie prediker iemand is nie, want hy KEN die HERE en hy BID vir jou! Dis waar die krag vandaan kom! Prys die HERE!

Kon ons haal almal diep asem. Voel julle nou beter? Weet jy dat jy daardie diep asem teug kon vat net omdat die HERE jou dit toegelaat het? Kom 'n slag oor jouself en vergeet van die eie ek. Die eie ek is nie belangrik nie! Self oorlewing en self beskerming is nie belangrik nie! Wat belangrik is, is om die God van Hemel en Aarde te eer vir die asem wat jy elke dag inasem en wat Hy jou toelaat om te doen uit liefde vir jou uit! Dis waarom Paulus op sy knieë gaan voor die HERE! Verstaan julle? Volgens die rykdom van God se Genade! Prys die HERE!

Ons het die vermoë om so baie te doen deur die rykdom van God se Genade, dis net nie snaaks nie! Daarom liewe Kind van God wil ek hê julle moet vandag vir my iets doen. Gaan uit in die wêreld en hou op om die wêreld te probeer verander. Jy gaan dit in elke geval nooit regkry nie. Wees jy anders as die wêreld en kyk hoe mense aangetrek gaan word na jou toe omdat jy anders is!

Prys die HERE vir hierdie boodskap!

# Wees die nederige een

As mense kyk ons so graag na ander en dan wens ons dat ons soos hulle kan wees. Kom ons wees eerlik: ons almal doen dit! Dis waarom ek vandag met julle wil gesels oor nederigheid, want die HERE lê dit op my hart en dis vir Hom uiters belangrik dat julle dit moet verstaan.

Kom ons lees eers uit Johannes 13:1-9: *"[1] En voor die fees van die Pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe. [2] En gedurende die maaltyd—die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskáriot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai— [3] het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan, [4] van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. [5] Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het. [6] Hy kom toe by Simon Petrus en dié sê vir Hom: Here, gaan U my voete was? [7] Jesus antwoord en sê vir hom: Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan. [8] Petrus sê vir Hom: U sal my voete in der ewigheid nie was nie! Jesus antwoord hom: As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie. [9] Simon Petrus sê vir Hom: Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof."*

Hier het Jesus self vir ons die voorbeeld gestel. Hy wat GOD was, die hoogste gesag in die Hemel en op Aarde het 'n mens wat van die stof van hierdie aarde gemaak was, se voete gewas. Hierdie takie was gewoonlik aan 'n dienskneg gegee om te doen, maar die HERE het Hom nie eers hoër as 'n dienskneg geag toe Hy dit verrig het nie. Dis nederigheid, liewe lesers!

Wat is jou eerste reaksie as iemand jou probeer verkleineer? Jy probeer die ander persoon net so seer maak soos wat jy jou gedoen het, is ek reg? Weet julle waarom mense so optree? Omdat hulle klein voel in jou skaduwee. Hulle voel bedreig deur jou, want hulle sien dat dit wat binne in jou is groter as hulle is en dit maak hulle bang. Hulle besef nie dat daar geen rede is om bang te wees nie, nou probeer hulle jou klein laat voel. As dit weer gebeur, bly stil. Wees die nederige een en antwoord geensins terug nie, maak nie saak hoe moeilik dit is nie. Die HERE sal jou die krag gee om te oorwin.

Nederigheid is die sleutel tot baie dinge. In die Hemel is dinge die teenoorgestelde van hier op aarde. Op aarde probeer ons die hoogste sporte van die samelewing bereik, die meeste geld verdien en die beste te kan koop wat die lewe bied. In die Hemel gaan die hoogste plekke aan die wat die nederigste is! Die wat op aarde gedink het dat hulle laer is as die stof van die aarde word verhoog tot konings! Verstaan julle?

As jy nederigheid kan bemeester op aarde, dan kan die HERE begin om jou te seën en die sluise van die Hemel vir jou oop te maak! Daar wag telkemale gawes vir jou as jy nederigheid kan bemeester; dis is die sleutel, liewe Kind van God!

Ek weet dis moeilik, want mens se eerste reaksie is om jouself te verdedig en nou vra die HERE julle om die teenoorgestelde te doen. Die geheim is om die eie ek te begrawe. Daardie persoon wat dink dat hy beter is as enige iemand anders. Begrawe hom of haar en al die ander dinge sal vanself in plek val! Dit is die geheim! Prys die Naam van Jesus!

Daarom liewe Kind van die HERE. Probeer die nederige een wees. Maklik gaan dit nie wees nie, maar met die HERE se hulp kan jy oor berge spring!

Mag die HERE hierdie boodskap seën!

# Ek het Jesus; waarom het ek die Heilige Gees nodig?

Die van julle wat hierdie lees het seker almal al die HERE in julle lewens en Hom as Verlosser aanvaar, daarom weet ek dat baie van julle sal wonder oor hierdie vraag. Ek het Jesus aanvaar, so waarom sal ek die Heilige Gees nodig hê?

Dis omdat die Heilige Gees ons metgesel is. Hy is soos die HERE in Johannes 15:26 sê, die Trooster wat Ek vir julle van die Vader sal stuur. Deur die Trooster kan ons met die HERE gesels en leer ons wat die HERE van ons verlang. Deur die Trooster maak die HERE sy Wil duidelik en verduidelik Hy die Bybel aan ons. Die Trooster kommunikeer met ons. Nie deur fisiese woorde nie, maar deur gevoelens en deur idees wat by ons opkom. Kom ek verduidelik.

Ons almal wil tog so graag iets vir die HERE doen, maar ons weet nie altyd hoe nie. Ons hardloop na stilte plekke toe en ons bid en vra die HERE om Sy Wil aan ons duidelik te maak, tog sê die HERE in Sy Woord presies wat ons vir Hom moet doen in Mattheus 25:40 *"Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."*

Dus, liewe Kind van die HERE; dit wat jy aan die minste van mense doen, sien die HERE raak. Daardie glas water wat jy vir iemand gegee het wat baie dors was. Daardie R50 noot wat jy vir iemand op straat gegee het omdat hy nie gehad het nie. Daardie toebroodjie wat jy wou weggooi, maar aan iemand langs die pad gegee het omdat daardie persoon honger was. Dis wat die HERE wil hê ons moet doen. Dit is Sy Wil vir ons! Dis waarom ons die Heilige Gees nodig het, want die Gees oortuig ons van die waarheid! Verstaan julle?

Ons probeer so baie keer die HERE vind deur weg te kom van alles en almal af, maar dis glad nie nodig nie. Reik net uit na die wat nie het nie en jy sal God vind! Prys die HERE!

Partykeer wil die HERE hê dat ons net gehoorsaam moet wees. Kom ek vertel julle hierdie storie.

Daar was ‘n man gewees wat die gewoonte gehad het om elke oggend op pad werk toe by ‘n sekere koffie winkel ‘n koppie koffie te gaan koop. Nadat hy sy koffie gekoop het, het hy op pad werk toe sy koffie gedrink.

Hierdie oggend het hy dit weer gedoen, maar toe hy uitstap, sien hy ‘n man wat motorfiets ry op die grond voor die winkel sit. Hy het ‘n baadjie aangehad met sy klub se logo op en hy was vol tatoeëer merke. Mens kon sien dat hy ‘n geharde man was, wat gewoond was om te baklei.

Onmiddellik het die Gees met die man begin gesels en gesê hy moet met die man op die grond praat, maar hy was bang. Die motorfiets man het rof gelyk en hy was bang vir wat hy aan hom sou doen. Hy het daarom eers verbygestap, maar die gevoel dat hy moes teruggaan en met die man moes praat, wou net nie wyk nie. Eers het hy aan allerhande verskonings gedink om nie te gaan nie. Miskien is die man nie meer daar nie, maar uit gehoorsaamheid het hy besluit om tog terug te gaan. Hy was bang; wat as die man se vriende intussen opgedaag het? Wat sal hulle nie alles aan hom doen nie, maar toe hy daar aankom, sit die man nog steeds voor die winkel in presies dieselfde posisie soos wat hy hom in gelos het.

Hy was bang en sy hart het vinnig geklop toe hy nader stap. Om ‘n wildvreemde persoon te nader is nie iets wat hy gereeld doen nie, maar dis wat die HERE wou hê hy moes doen. Hy het voor die man gaan staan en môre gesê. Die man op die grond het opgekyk en dadelik weer af gekyk sonder om te groet. Hy het begin deur te sê

dat hy seker sal dink dis snaaks, maar die HERE het hom gestuur om vir hom te sê dat Jesus hom baie lief het.

Die man wat op die grond gesit het, het niks geantwoord nie. Uiteindelik het die man opgekyk en gesê: “Ek dink nie dis snaaks nie. Ek is nie ‘n gelowige man nie en ek wil nie daaroor praat nie, maar ek dink nie dit is snaaks nie.” Daarna het hy weer afgekyk.

Die man wou graag nog iets sê, maar sy verstand het toe geslaan. Hy kon aan niks dink om nog te sê nie! Hy het net omgedraai en weggestap. Agterna het hy gedink hoe dom hy was, want hy het niks gehad om terug te antwoord nie! Aan die ander kant het hy gevoel dat dit was wat die HERE wou hê hy moes doen en hy het ‘n vrede in sy hart gevoel soos wat hy nog nooit gevoel het nie.

Julle weet; dis wat die HERE baie keer wil hê ons moet doen. Partykeer moet jy voor op die wa wees en jy moet dapper wees. Baie keer gebeur dit dat die Heilige Gees iemand anders na daardie persoon lei en dan sal die persoon miskien begin dink aan wat gesê word. Jy maak partykeer net die pad van die HERE net gelyk met dit wat jy doen sodat die volgende persoon se taak makliker gaan wees.

Die HERE praat baie met ons deur Sy Gees, maar ons is baie keer bang of ons dink dat ons nie goed genoeg is nie. Agterna kan ons nooit vrede daarmee maak dat ons nie gegaan het nie. Julle weet; dis baie keer net uit gehoorsaamheid en luister na die Gees.

Prys die Naam van die HERE!

# Waarom is jy so bang?

Ek weet daar van julle is wat dink hoe wonderlik dit sal wees as die HERE direk met ons kan praat. Om Sy stem te kan hoor soos wat ons enige iemand anders se stem kan hoor!

Dit laat mens dink aan die briewe in Openbaring 2 waar die HERE direk met die Gemeente in Éfese gepraat het en vir hulle gesê het presies wat verkeerd was in hulle kerk. Stel jou voor jy hoor ‘n stem direk van die Hemel en jy weet instinktief dit is wat die HERE wil hê jy moet doen op hierdie oomblik. Dit klink so wonderlik, maar soos mens ouer word, besef jy dat dit miskien nie is wat jy wil hê nie. Jy wonder of jy gereed is om die absolute waarheid oor jou lewe te hoor en jy wonder of jy gereed is om totale beheer van jou lewe oor te gee aan die HERE.

Kom ek verduidelik dit so: ons almal hou van verwerkte vlies soos worsies, salami, polonie, noem maar op. Dis soos iemand wat ek geken het wat eendag vir my gesê het hy sal nooit daardie goed eet nie, want hy het in ‘n fabriek gewerk waar hulle dit maak het en dit was sy werk om... Daar het ek hom onderbreek, want ek wou dit nie weet nie. Ek wil graag aanhou om my worsies, salami en polonie te eet omdat ek daarvan hou. Ek wil aanhou om wors te eet en ek wil aanhou om te dink dat die wit stukkies in die wors eintlik vitamiene is! Ek stel nie belang om die waarheid te weet nie!

Dis presies soos baie van ons se geestelike lewens. Ons hou van ons geestelike lewens soos dit is. Ons is nie gereed om die Wil van die HERE of die waarheid te hoor nie. Dis waarom ons vir die HERE sê: *“Moenie vir my sê wat Jy wil hê ek moet doen nie HERE. Laat ek op my manier aangaan en doen wat ek dink Jy graag wil hê. Ek wil graag aanhou glo dat Jy my geroep het om hierdie gemaklike lewe te lei en as ek in die Hemel kom, hopelik is dat dan daar meer*

*gemaklik as nou. Ek weet dat die Bybel sê dat ons nie geroep is tot ‘n gemaklike lewe nie, maar ek wil graag aanhou glo dat dit so is, net soos ek graag wil glo dat alle verwerkte soorte vleis eintlik goed is vir my.”*

Is jy gereed om alles op te gee vir die HERE? Is jy gereed om te sê: *“HERE, neem my lewe, Heilige Gees lei my enige plek?”* Persoonlik dink ek dat dit elke jaar moeiliker word en dat die doelwit om te bereik elke jaar verder geskuif word. Dis maklik om alles vir die HERE te gee as jy niks het nie, maar baie van ons het kinders, huise en motors wat betaal moet word. Ons is nou meer gevestig en dis moeiliker nou as wat dit was toe ons uit die skool uit gekom het en niks gehad het nie. Ek weet dat die HERE dit absoluut werd is en dat alles wat ons vir Hom gee ons weer tienvoudig gaan terug kry. Ek gebruik hierdie net as ‘n voorbeeld sodat julle moet verstaan waarom party mense so moeilik ‘n oorgawe maak.

Hierdie laat my so dink aan die gelykenis van die ryk jong man in Lukas 18:18-24. Ons veroordeel hierdie mense so maklik omdat hulle nie die regte besluit kon maak nie, maar gaan dink bietjie aan hulle omstandighede. Dis maklik om na ‘n plakkerskamp te gaan en vir die mense daar wat niks het nie te gaan sê die HERE het iets beter vir jou ingedagte. Los alles wat jy het en volg Hom. Dis makliker as om na ‘n ryk woonbuurt te gaan en vir ‘n familie wat lyk of hulle alles het te gaan sê; los alles wat julle het en volg die HERE.

Die waarheid is dat ek weet wat alles in verwerkte vleis gesit word. Miskien weet ek nie presies wat alles daarin is nie, maar ek weet genoeg om te besef dat dit nie goed is vir my nie. Ek weet dat die wit stukkies in wors nie vitamiene is nie! Maar ek probeer om nie daaraan te dink nie. Ons weet dat die HERE ons geroep het tot baie meer. Party van ons voel dit aan, maar partykeer geniet ons die lewe so baie, dat ons net nie daaraan wil dink nie.

# Ek kan nie in tale praat nie, maar ek het die Heilige Gees in my.

Mag die vrede van die HERE die hele tyd in julle gedagtes en in julle harte wees. Hy lei ons in die pad van 'n bewustheid elke oomblik van die dag, want daar is 'n konstante veldtog om dit wat belangrik is van ons te steel en die swakste skakel is by die wat onkundig is.

Die praat in tale is een van die Gawes van die Gees van die HERE. Ons lees daarvan in 1 Korintiërs 12:10. So baie mense verkondig die praat in tale asof dit die belangrikste van al die gawes is. Self was ek al in ‘n kerk waar die leraar vir die mense gesê het dat as hulle nie in tale kan praat nie, dan het hulle nie die Heilige Gees in hulle nie!

Niks hiervan is natuurlik waar nie, want in 1 Korintiërs 12:11 staan dat die Gees die gawes uitdeel soos Hy wil. Ek kan glad nie in tale praat nie en dis nie dat ek al probeer het of gevra het nie. Ek het geredeneer dat as ek in tale kan praat, dit my nader aan die HERE sal bring en dis waarom ek dit so graag wou kon doen, maar ek het die gawe nooit ontvang nie. Soos baie mense het ek natuurlik die punt gemis, want in 1 Korintiërs 12:30 sê die HERE *“Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê?”* Die antwoord is natuurlik “nee”.

Natuurlik gaan jy verwerp word uit sekere kringe uit omdat jy nie in tale kan praat nie. Soos ek gesê het redeneer mense dat as jy nie in tale kan praat nie, dan het jy die Gees van die HERE nie in jou nie. Dis natuurlik verkeerd, want dan gebruik die HERE net ‘n ander manier om Sy liefde aan die mense deur jou lewe uit te beeld.

Dis soos om jou broer of jou suster voor jou te sien staan. Hy of sy kan nie in tale praat nie en dis vir jou snaaks, maar jy kan sien hoe die lig van die HERE in sy of haar lewe skyn! Jy besef dan dat miskien

is daar tog mense in die Liggaam van die HERE wat nie die gawe het om in tale te kan praat nie, maar dat julle mekaar nog steeds lief sal hê en sal saamstaan vir wat reg is.

Julle weet, dis so ongelooflik om die HERE te dien en in sy klaskamer te mag wees. Hy leer ons nie met harde woorde nie, maar met sagte woorde van liefde sodat ons kan verstaan hoe lief Hy ons het. Prys die wonderlike Naam van die HERE!

Let ‘n bietjie mooi op en jy sal die Gees van die HERE in mense se lewens kan sien. Hulle mag miskien nie in tale kan praat, duiwels uit dryf of siekes gesond kan maak nie, maar hulle bly Kinders van die HERE! Hulle sal saam met jou staan en saam met jou baklei vir wat reg is, selfs al word hulle deur die wêreld gehaat en mens het nie baie vriende soos dit nie!

Prys die Naam van die HERE!

# ‘n Verhouding met Jesus

Ek weet dat die HERE my lief het; alles in my weet dit net. Deur die Heilige Gees het ons daardie sekuriteit dat Hy ons Vader is en dat ons Hom ook so kan noem.

Dit voel snaaks, want hoe verduidelik mens dit aan iemand anders? Hoe verduidelik mens aan iemand dat die HERE jou lief het, self al weet jy dit met hart, siel, gees en liggaam? Elke persoon se ondervinding van Jesus se liefde is natuurlik anders. Die HERE roep ons almal bymekaar, maar sy verhouding met elkeen van ons is anders; persoonlik, as julle verstaan.

Die van julle wat kinders het sal die volgende beter verstaan, veral as julle meer as een het. Jy het tog al jou kinders lief, maar hulle het elkeen ‘n persoonlikheid van hulle eie. Dis waarom dit vir ons nodig is om met elke kind op sy eie te werk en op ‘n vlak wat hy of sy verstaan. Ons kinders is nie almal die selfde ouderdomme nie en mens kan nie die konsep wat vir ‘n tiener maklik is om te verstaan aan ‘n vyf jarige verduidelik nie. Verder het elke kind sy eie persoonlikheid wat wyd van mekaar verskil. Dis waarom ons tyd maak om met ons kinders te spandeer en aan elkeen van hulle wys dat ons hulle lief het op ‘n manier wat hulle kan verstaan.

Daar was ‘n sekere prediker wat eendag sy vyfjarige dogtertjie saam met hom gevat het om ‘n preek te gaan lewer. In die middel van die preek het die dogtertjie besluit dat sy by haar pa wil wees en sy het by die verhoog opgestap. Die prediker het vir die persoon gekyk wat haar moes oppas en laasgenoemde het gewys dat hy jammer was, maar sy gedagtes het afgedwaal en sy het weggekom. Die prediker tel haar toe op en vra waarom sy hier is en sy antwoord dat sy net graag by pappa wil wees! Almal in die gehoor het dit gehoor, want hy het een van daardie mikrofone gehad wat om sy oor en mond

gepas het! Hy het sy preek klaargemaak met sy dogtertjie in sy arms en haar selfs as voorbeeld gebruik van Jesus se liefde vir ons.

Julle weet, kinders gee nie om hoe belangrik iets is nie. Hulle sien ons nie as besige ouers en dink dan dat hulle ons nie nou kan steur nie. By hulle is daar net die instink dat hulle by ons wil wees en hulle kan dit enige tyd doen wat hulle wil. Dis wat die Heilige Gees aan ons ook doen. Dit gee ons daardie vermoë om enige tyd te kan uitroep *"Abba Vader"* enige tyd wat ons wil. Dit maak die saak of die HERE die Regeerder van die Heelal is of op daardie oomblik baie besig is met iets anders nie. Enige tyd van die dag wat jy voel jy soek die vertroostende arms van Vader Jesus, kan jy na Hom gaan en sê *"Abba Vader"*!

Weet ek dat die HERE Heilig is en dat ek respek moet betoon? Ja, natuurlik! Terselfdertyd sê die Bybel ook vir ons dat ons tot die Troon van die HERE kan nader met vertroue en die Heilige Gees bevestig dit! Net soos ons liefde bewys aan elkeen van ons kinders op 'n manier wat eie aan elke kind is, net so bewys die HERE ook liefde aan elkeen van ons op 'n manier wat ons sal verstaan. Dis waarom ons verhoudings met die HERE so wyd van mekaar verskil en ook waarom die ondervinding van die HERE se liefde anders is van persoon tot persoon.

Nie een van ons kinders is perfek nie en elkeen van hulle maak foute, maar hulle weet dat ons as ouers hulle lief het, ongeag wat! Net so doen die HERE met ons ook. Hy is onvoorwaardelik lief vir elkeen van ons, ongeag wat jy gedoen het of wat se foute jy het! Dis baie belangrik vir die HERE dat ons moet weet dat Hy ons liefhet, want ons is seuns en dogters van die Allerhoogste. Ons is nie slawe nie! Ons geeste roep uit na die HERE toe om 'n verhouding met Hom en ons verhouding met die HERE is net so werklik soos die verhoudings wat ons met ons kinders het.

Ons kan nie die HERE sien nie, maar die verhouding wat ons met Hom het is werklik. Hy is my Vader, my vertroueling, my alles! ‘n Verhouding met die HERE is nie iets wat ek julle kan leer nie; dis iets wat julle moet vertrou en weet dat dit daar is. Dis iets wat elkeen van ons op ons eie ervaar en die ervaring is anders vir elkeen van ons deur die Gees van die HERE.

Is ‘n verhouding met die HERE een van reëls, outoriteit en gehoorsaamheid? Beslis, maar dit gaan baie verder as dit. Dis ‘n verhouding wat net soos eg is, indien nie meer eg nie, soos enige verhouding wat ons met enige mens op aarde sal hê. Dis wat die Heilige Gees in ons siele in brand en dit is wat die HERE baie graag wil hê wat jy moet ervaar.

# Versoekinge

Ons almal word versoek van tyd tot tyd en dan wonder ons waarom en ons wonder of ons ooit uit hierdie versoekinge gaan uitkom.

Ons almal kan die gedeelte waar Jesus deur satan versoek is in Mattheus 4:1-11. Dis seker een van die mees bekendste gedeeltes in die Bybel. Ons lees dit en dan wens ons dat ons satan so kan teëstaan! Ek gaan egter nie hierdie gedeelte met julle vandag behandel nie, maar ek gaan eerder vir julle wys hoe versoekinge werk en waarom satan so suksesvol daarmee is.

Satan is soos iemand wat met 'n visstok gaan visvang. Hy rol die vislyn versigtig af, sit 'n sappige wurm aan die hoek en gooi dan die hoek in die water. Die woord hiervoor is uitlok en dit beteken om 'n vis uit sy natuurlike habitat te lok sodat dit aan die aas moet byt. Dis natuurlik wat satan heeldag met ons doen. Hy doen alles in sy vermoë om ons van die HERE af weg te lok en hy is baie geduldig daarmee!

Nadat die aas in die water is, gaan die rympie heel moontlik iets soos volg: "Kyk hierdie lekker wurm wat ek vir jou het; kyk hoe lekker vet is dit; lyk dit nie mooi nie?" Die hoek is mooi met die aas toegemaak en jy sien glad nie die gevaar nie, maar die aanloklikheid is daar! "Kom, vat hom, vat hom..." Die van julle wat visvang sal weet dat die oomblik as die vis byt, dan is die geveg aan! Maar so elke nou en dan is ons slim genoeg om nie die aas te vat nie.

Wat doen satan dan? Gee hy op? O, nee! "So dit het nie gewerk nie. Nou goed; kom ons probeer iets anders! Jy hou seker nie van wurms vandag nie!" Nou word die wurm afgehaal en 'n geldnoot word aan die hoek gesit, maar dis nie sommer enige R10 of R20 nie. O, nee! Dis 'n R200 noot! Weer word die lyn ingegooi. "Kyk hier! Dis R200! Komaan, jy weet jy wil dit graag hê!" Ons antwoord dan: "Dis nogal

waar! Ek wil graag!" "Jy weet jy wil nie graag vanoggend kerk toe gaan nie... Jy wil my volg en baie van die maak!" Partykeer werk geld ook nie en dan probeer hy iets anders. "Goed, geld doen dit nie vir jou nie; kom ons probeer iets anders." En so gaan dit aan dag na dag! Dis aas word afgehaal en vervang met iets anders net sodat jy moet byt; die hele dag lank!

Satan gebruik nie net een aas of een lyk op 'n slag nie. Dis baie lyne en baie soorte aas en elkeen van hulle se doen is om jou uit te lok! Jy word letterlik elke dag gebombardeer met versoekinge! Oral waar jy kyk is daar iets wat jou uitlok. Wat doen mens daaromtrent? Hardloop ons weg na die berge en begin ons ons eie kamp met bordjies buite op die grensdraad wat sê "Geen versoekinge toegelaat"? Is dit die antwoord om die wêreld te verlaat en te maak of versoekinge nie bestaan nie? Nee, natuurlik nie, want versoekinge gaan daar altyd wees. Dis die hele tyd daar, maak nie saak waarheen jy gaan nie.

Voor ek vir julle die antwoord gee, het julle al ooit met die motor êrens heen gery en jy het so op die pad gekonsentreer dat 'n vriend langs die pad of in die motor langs jou vir jou gewaai het, maar jy het dit nie gesien nie? Het dit al ooit met jou gebeur? Later sal die persoon vir jou sê dat hy of sy gewaai het en vir jou getoet het, maar dat jy hom of haar nie eers gesien het nie. Dan sê jy dat jy baie jammer is, maar dat jy so gefokus was dat jy hom of haar nie eers gesien het nie.

Dis die geheim om met versoekinge te werk. Stel jou gedagtes op Jesus, nie op aardse dinge nie. As ons so gefokus kan wees op ons liefde vir die HERE, dan sal ons die versoekinge van satan nie eers raaksien nie. Jy kan nie van versoekinge weghardloop nie en jy kan ook nie jou hele lewe lank aan die hardloop bly nie. Ons moet hardloop na die HERE toe; ons oë op Hom gevestig! Dit is die sleutel om versoekinge te weerstaan!

Die Bybel sê dat as ons oë op die HERE gevestig is, dan gaan niks op Aarde meer vir ons saak maak nie. Niks gaan so belangrik wees dat jy aandag daaraan wil gee nie. As jy jou naaste lief het soos jouself, dan kan jy nie sondig teenoor jou naaste nie. As jy die dinge najaag wat saak maak, dan sal jy die versoekinge nie sien nie, want jou oë is die hele tyd op Jesus en jy is gefokus op jou doel!

Maar elke nou en dan sien ons iets voor ons oë en soos die Bybel sê, dan vat begeerte oor. Die versoeking is nie die sonde nie, want ons ‘n keuse. Ons kan besluit om ons begeertes te vervul of om nee te sê daarvoor. Die vraag is: gaan jy jou begeertes vervul of gaan jy omdraai en op die HERE fokus?

Die keuse is u s’n liewe leser.

## Spandeer jou tyd met wysheid

Die wêreld gaan aanhou om jou te laat omkyk na jou verlede en daar gaan aangehou word om al die foute wat jy gemaak het aan jou uit te wys. As Christene moet ons die verlede ignoreer en net op die toekoms konsentreer.

As jy op jou verlede konsentreer, dan gaan jy net depressief word en jy gaan vasgevang word in jou verlede. Baie van die dinge wat ons nou doen is omdat ons aan ons toekoms dink en omdat ons wonder hoe die toekoms saam met Jesus gaan wees. Alles wat ons nou doen, gaan ons of oor spyt wees of dit gaan vrug voortbring wat beloon gaan word. Op daardie dag wat ons die HERE gaan ontmoet, oor hoeveel dinge wat ons gedoen het gaan ons spyt oor wees en hoeveel oor hoeveel dinge gaan ons dankbaar wees?

Ons almal het al dinge gekoop waaroor ons spyt is en dan dink ons wat 'n mors van geld dit was. Dink nou 'n bietjie wat jy gaan sê aan die einde as jy voor die HERE staan. Gaan jy spyt wees oor die motor wat jy gekoop het, die huis wat jy gekoop het, die klere wat jy gedra het? Wat van jou tyd? Gaan jy spyt wees hoe jy jou tyd bestee of gemors het? Gaan jy bly wees oor die sewe duisend flieks wat jy kon kyk of gaan jy spyt wees dat jy so baie tyd daarop gemors het?

Ons almal het al 'n tou gesien. Baie keer sal die vervaardiger 'n gekleurde omhulsel aan die punte van die tou sit om te keer dat die ente uitrafel. Stel jou voor ons rol die tou geheel en al af en stel jou dan voor die tou het geen einde nie. Kom ons sê die tou gaan 'n paar keer om die wêreld en hou dan vir altyd aan. Ek weet dis 'n bietjie vergesog, maar hou net aan en julle sal sien waarheen ek op pad is.

Stel jou nou voor dat hierdie tou 'n tydlyn is van jou hele bestaan. Onthou, dit hou aan vir ewig. Nou kyk ons na daardie omhulsel wat

die vervaardiger aan die begin van die tou gesit het. Daardie omhulsel stel ons lewens op aarde voor. Soos julle seker kan voorstel is die omhulsel 'n baie klein gedeelte van die tou! Ons het 'n paar kort jare op aarde en dan volg die res van die tou wat die ewigheid voorstel iewers anders.

Wat so skokkend is, is dat ongelooflik baie mense net dink aan die kort omhulsel gedeelte van die hele tou. Hulle is totaal obsessief daarmee en hulle kan nie wag tot hulle amper aan die einde van die omhulsel kom sodat hulle kan aftree nie. Hulle spaar elke sent wat hulle verdien sodat hulle in totale gemak kan lewe vir die laaste vyf millimeter wat van die omhulsel oorbly! Hulle beplan hoe baie hulle gaan reis, die plekke wat hulle gaan besoek en die vakansies wat hulle gaan geniet en hulle is totaal manies daaroor.

Rêrig?! Maak jy 'n grap? Wat van die res van die tou wat die ewigheid is? Die Bybel leer vir ons dat dit wat ons gedurende die omhulsel gedeelte van die tou in ons lewens doen, bepaal hoe ons gaan bestaan vir miljoene en miljoene jare daarna. Die omhulsel gedeelte bepaal jou rangorde in die Hemel, waar jy gaan woon en hoe ver van die Troon van die HERE af jy die ewigheid gaan deurbring. En jy is bekommerd oor die laaste vyf millimeter van die omhulsel? Om watter rede dal jy so baie tyd wil mors op die laaste vyf millimeter van die omhulsel gedeelte as daar so baie voorlê?

Wanneer jy die eindstreep oorsteek, dis nou wanneer jy van die omhulsel van die tou oorgaan na waar die tou werklik begin, dan gaan jy voor die HERE staan. Dan gaan jy die omhulsel gedeelte van die tou wat jou aardse bestaan was, nooit weer oor kan hê nie. Dit gaan tyd wees wat jy of goed gespandeer het of dit gaan tyd wees waaroor jy spyt gaan wees dat jy so baie daarvan gemors het! Verstaan julle?

Nog erger is dat die omhulsel gedeelte van elke tou nie almal dieselfde lengte het nie. Party is baie lank en ander is weer baie

kort. Die omhulsel gedeelte van die tou kan dus enige tyd eindig en alles wat jy beplan het vir daardie laaste vyf millimeter kan dan verniet wees! Nie een van ons weet wanneer ons tyd op aarde tot 'n einde gaan kom en wanneer jy met die ewigheid begin nie.

Mense kyk partykeer na my finansiële besluite en dink: "Sjoe, maar jy was dom om sulke besluite te maak!" Ek kyk na hulle en dink dat hulle dom is want my besluite affekteer net die omhulsel gedeelte van die tou! Die dommes is die wat halsstarrig aan die wêreldse dinge vasklou; die wat net vir die omhulsel gedeelte van die tou lewe, want hulle besluite affekteer die hele lengte van die tou! Niemand dink aan die res van die tou en die miljoene en miljoen jare wat daarna gaan volg nie. Die wol word so oor mense se oë getrek dat dit net nie snaaks is nie!

Paulus sê in Filippense 3:14 *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."* Dit moet ons doel as Christene wees en nie om bekommerd te wees oor die omhulsel gedeelte van die tou nie!

Vergeet wat agter jou is, liewe Kind van die HERE en konsentreer op die toekoms. Die toekoms in die ewigheid saam met Hom wat ons gemaak het! Daardie laaste vyf millimeter van die tou wat jou aftrede is, is geensins belangrik nie! Dis 'n oogknip, dan is dit verby en gaan ons die ewigheid in wat vir miljoene en miljoene jare gaan aanhou.

Prys die Naam van die HERE!

## Waarom versoekinge nodig is

Ek weet dat daar baie van julle is wat wonder waarom ons so versoek word en waarom die HERE satan toelaat om ons so te versoek. Dit voel partykeer of alles om ons in duie wil stort, maar op een of ander manier kry ons die krag om aan te kan gaan.

Dis belangrik om te weet dat elke versoeking 'n doel het en daardie doel is altyd dieselfde: om jou sterker te maak. Die HERE laat toe dat satan ons versoek om ons sterker te maak. Dis die enigste rede!

Sommige sal nou sê dat dit 'n dom stelling is om te maak, want hoe kan mens iets sterker maak deur dit die hele tyd onder druk te plaas? Julle moet onthou dat ons die hele tyd op die pad van Heiligmaking is. Op die oomblik is ons geestelik onvolwasse en dit is waarom die versoekinge nodig is, sodat ons moet leer. Efesiërs 4:22 sê dat ons die ou mens moet aflê en begrawe en dit is presies wat die HERE besig is om te doen met ons. Die HERE laat toe dat satan ons versoek om ons sterker te maak sodat ons uiteindelik dood kan wees vir die sonde soos Paulus dit in Romeine 8:10 stel.

Kom ek verduidelik dit vir julle op nog 'n manier. Satan sal nooit sy tyd mors om my sover te kry om te probeer steel nie. Waarom nie? Omdat ek volwasse genoeg in die Gees is om dit nie te doen nie en hy (satan) weet dit. Nou versoek hy my op gebiede waar ek nie geestelik sterk genoeg is nie en die HERE laat dit toe totdat ek op daardie gebiede ook geestelik sterk genoeg is om satan te kan weerstaan.

Julle moet onthou dat satan se tyd om ons as mens te versoek besig is om uit te loop en hy weet dit! Daarom sal julle vind dat die aanvalle meer doelgerig en sterker word! Julle moet net asseblief nooit vergeet wat Paulus in Efesiërs 6:12 gesê het nie: "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede,

teen die magte, teen die wêreld heersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." Hierdie teks vers, veral vandag is meer waar as wat ons ooit sal besef.

Alles wat met jou gebeur en elke aanval wat jy beleef, maak nie saak waar dit vandaan kom nie, word uitgedink en uitgevoer deur satan. Satan gebruik die mense om jou om jou te versoek en die HERE sal aanhou om hierdie versoekinge toe te laat totdat jy sterk genoeg is om dit die hoof te kan bied. Soos ek in die begin gesê het; dit gaan daaroor om jou sterker te maak totdat jy vir satan kan weerstaan.

Selfs al word jy versoek moet julle onthou dat die HERE nooit sal toe laat dat jy bokant jou vermoë versoek word nie. Ek weet dat ons baie keer voel dat ons nie sterk genoeg is nie, maar daardie gedagtes kom van satan af omdat hy wil hê jy moet vaal. Vaal jy, dan het hy iets om oor te gaan spog! So maklik!

Hierdie versoekinge is deel van die pad wat ons met die HERE loop en die geestelike groei wat elkeen van ons moet ondergaan. Jy moet onthou dat jy nou in die klaskamer van die HERE is. Die lesse is streng, maar eendag sal jy verstaan, net soos Paulus in 1 Korintiërs 13:12 gesê het!

Tot dan, loop die pad en dra jou kruis met waardigheid! Hy skaaf miskien op tye seer, maar hy is die regte lengte en die regte gewig vir jou en vir jou alleen! Iemand het eenslag gesê die HERE maak ontwerpers kruise, want elkeen se kruis is spesiaal gemaak vir die persoon wat hom moet dra! Dra joune met trots, liewe leser!

Prys die Naam van die HERE!

# Die groot rooi trekker

Eendag was daar ‘n groot rooi trekker wat aan Boer Jan behoort het. Die plaas was naby ‘n klein dorpie geleë waar almal gelukkig saam gewoon het.

Elke lente het die mense van die dorp na die plaas gekom om te help met die ploeg van die land en om te plant. Boer Jan het op die trekker geklim en die trekker aangeskakel en dan sal almal juig, want hulle het gehou van die klank van die kragtige enjin. Dan het die mense om die trekker bymekaar gekom. Sommige sou die trekker stoot terwyl ander die trekker getrek het. Vir baie generasies het die mense van die dorpie dit so gedoen.

Party dae het dit beter gegaan as ander en dan het hulle tien meter ver geploeg. Ander dae was weer nie so goed nie en dan het hulle maar net vyf meter ver gekom. Elke jaar vir drie maande lank het die mense so bymekaar gekom om die land te ploeg en danksy hulle harde werk het hulle altyd betyds klaargemaak; net voor die reën gekom het. Die reën het die veld natgemaak en dan sou die son opkom om die groente te laat groei. Dan sou die mense kom om die groente te pluk. Die groete wat gegroei was, was net genoeg om die hele dorp aan die gang te hou.

Eendag het Boer Jan ‘n ou trommel van sy oupagrootjie in die skuur ontdek. Hy het dit uitgepak en onder in die trommel het hy die eienaars handleiding van die groot rooi trekker gekry. Hierdie handleiding het vertel hoe die trekker gemaak is en van al die goed wat dit kon doen. Hy het dit vinnig deurgelees en hy was geskok om uit te vind dat as die trekker reg werk, dan kon hulle die hele veld in een dag ploeg en nie drie maande soos hulle dit nog altyd gedoen het nie.

Boer Jan het die mense van die dorp bymekaar geroep. Hy het vir hulle die boek gewys en desperaat probeer om hulle te oortuig dat wat hy gelees het waar is, maar niemand wou hom glo nie! Een man het gesê dat daar geen manier is wat daardie trekker op sy eie kon loop nie. 'n Ander vrou het gesê dat dit klink of Boer Jan 'n sprokie lees! Die mense het vir Boer Jan gelag en dit het hom baie seer gemaak, maar dit het hom nie gestop nie. Elke aand as die mense geslaap het, het Boer Jan aan die groot rooi trekker gewerk en een aand het hy sowaar die trekker klaar reggemaak. Hy het op die trekker geklim en begin ry. Hy het dit so geniet, dat hy besluit het om die hele land met die trekker te ploeg in een nag!

Die volgende oggend het die mense van die dorp weer soos oudergewoonte opgedaag om te help stoot aan die trekker, maar tot hulle verbasing was die veld klaar geploeg! Dis 'n wonder werk het die een man gesê. Miskien het ruimte wesens die veld vir ons klaar gemaak het 'n ou vrou gesê. Nee, kyk daar, het 'n klein seuntjie gesê. Dit was Boer Jan en hy was aan die slaap op die trekker. Die mense het uitgeroep dat hy reg was en dat die trekker boek waar was.

Die mense van die drop het daardie jaar groter gedeeltes van die veld geploeg as wat hulle nog ooit voorheen kon doen. Hulle het meer geoes as wat hulle self kon gebruik. Hulle het so baie kos gehad dat hulle begin uitvoer het na ander dorpe wat nie so baie gehad het nie en waar kos skaars was. Die groot rooi trekker en sy dorpie het baie gou baie bekend geword as die mees vrygewigste mense in die hele wye wêreld!

As julle dit nog nie uitgewerk het nie; daar is 'n Bybelse tema in hierdie gelykenis weggesteek. Die rooi trekker stel die kerk van vandag voor. Ons het hierdie kerk stelsel wat goed is daarin om te oorleef en vir sy eie te sorg, maar as ons die Bybel lees, dan lees ons dat die kerk veronderstel is om baie meer as dit te kan doen.

Elke Sondag kom mense bymekaar om die kerk te "stoot". Ons kry die mees begaafste sangers, musikante, besigheid mense en dan begin ons stoot en dit werk, want dinge gebeur. Maar as ons die Bybel lees, dan besef ons dat die kerk veronderstel is om baie meer Gees gedrewe te wees. Die kerk in die Bybel het 'n beweging van sy eie en die Heilige Gees het die kerk gelei. Mense het dan net saam met die kerk beweeg sonder om enige fisiese stoot werk te doen.

As ons die Bybel lees, dan sien ons 'n kerk wat nie gestop kan word nie, maar vandag se kerke kan so maklik gestop kan word. Al wat jy hoef te doen is om die begaafde mense uit die kerk uit te vat en dit sal doodgaan, maar in die Bybel is daar geen manier hoe enige kerk van God ooit sou doodgaan nie. Die kerk van daardie tyd was aangevuur deur die Heilige Gees en as ons begin om te leef soos die Heilige Gees lei, dan sal ongelooflike dinge begin gebeur.

Daar was op geleentheid hierdie kerkraad vergadering waar almal bymekaar gekom het om die probleme in die kerk aan te spreek en na etlike ure het hulle nog niks uitgerig nie. Een van die ouderlinge het opgestaan en gesê dat hy dink dat hulle te hard probeer. Hy het begin om hulle te vertel hoe hy probeer het om hierdie groep mense in sy woonbuurt te beredder, maar dat niks wat hy gedoen het wou werk nie. Hy het later so moedeloos geword dat hy opgegee het om te probeer en eerder individueel begin het om te bid vir hierdie mense. Daarna het hy begin om te vertel hoe die mense vir wie hy gebid het se lewens begin verander het. Hy het glad nie met hulle gesels soos voorheen nie, maar net vir hulle gebid en hulle lewens was begin om te verander sonder dat hy enige iets gedoen het! Hy het afgesluit deur te sê dat miskien moet daar eerder vir die kerk gebid word as om so hard te probeer om dit te verander.

Die Bybel leer vir ons in Mattheus 6 dat ons nie die wêreldse dinge moet najaag soos die heidene doen nie. Ons is nie veronderstel om oor enige iets bekommerd te wees nie, want ons het 'n Hemelse

Vader wat lief is vir ons en Hy sal vir ons sorg. Maar ons almal het hierdie siniese kant waar ons wonder of ons gebede gaan werk. Ons bid en ons vra, maar langs die pad begin ons wonder of die HERE luister en of Hy iets gaan doen. Die beste raad wat ek vir hierdie het is om dit voor die Vader te bely, want dit is satan wat ongeloof in jou hart saai! Hy probeer om dit wat die HERE vir jou gee te steel voor dit kan ontkiem en groei.

Die HERE het deur die hele Bybel nog altyd probeer om Homself te onderskei as die Een Ware God. Dit is nog steeds die HERE se begeerte dat die hele wêreld Hom moet sien as die enigste ware God. In die Nuwe Testament sê die HERE dat Hy wil hê dat ons heilig moet wees; ‘n groep mense wat uitstaan bo die ander; wat nie is soos enige ander groep daar buite is nie. Die manier hoe die HERE dit gaan doen is met Sy Heilige Gees. Met Sy Gees in ons, kan ons begin bid en so die bonatuurlike regkry.

Ek wil bid vir elkeen wat hierdie lees en ek wil vra dat die HERE iets bonatuurlik in julle lewens sal doen, want op hierdie manier sal die HERE Homself onderskei in julle lewens as die Een Ware God!

# Vrouens, wees julle mans onderdanig in alles

As 'n man voel ek nie gekwalifiseerd om hierdie week se boodskap vir julle te bring nie, maar ek weet van iemand wat is. Lisa Chan is die vrou van Francis Chan, 'n evangelis van Amerika. Dis haar boodskap wat ek hierdie week vir julle bring omdat ek voel dat die HERE dit belangrik ag dat ons kennis moet neem daarvan. Lisa, oor na jou.

Om te praat oor onderdanigheid is sekerlik die beste manier wat ons as vroue ons liefde vir die HERE kan uitbeeld. Dis die een manier wat ons as Christen vroue kan uitstaan onder die vroue van die wêreld daarbuite. Dis een van die maniere wat die wêreld na ons kan kyk en dan vra waarom behandel daardie vrou haar man so en waarom baklei sy nie vir haar posisie en leierskap nie? Dis die een manier hoe ons Christus kan wys aan die wêreld en hulle terselfdertyd kan aantrek na Hom toe deur die manier wat ons onderdanig is aan ons mans.

Hierdie is 'n boodskap wat natuurlik geheel en al anders is as wat die wêreld verkondig. Dis die teenoorgestelde wat in elke tydskrif of TV program uitgesaai word, want die boodskap van die wêreld is dat ons as vroue die heeltyd moet soek na mag, onafhanklikheid en beheer. Maar dis die teenoorgestelde van hoe die HERE ons as vroue geroep het om te leef.

Die middelpunt van die evangelie is om onsself die heeltyd te verloën en die hele tyd te lewe in totale oorgawe tot God. As jy nie bereid is om die HERE eerste te stel in alles nie of 'n respek het vir die Woord van die HERE het nie of die wil het om alles wat die HERE beveel het te gehoorsaam nie, dan kan ons nie aan beweeg na enige ander onderwerp nie, want hierdie drie dinge vorm die basis van Christenskap. Om te probeer aan beweeg sonder hierdie drie dinge

in plek, gaan wees soos om die kar voor die perde in te inspan. Jesus sê: "Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet." (Johannes 14:21) en Hy het ons beveel om onderdanig te wees aan ons mans.

Ek gaan vir julle lees uit Efesiërs 5:22-24 *"[22] Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. [23] Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. [24] Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees."*

Ek is seker dat julle hierdie boodskap al voorheen in een of ander vorm gehoor het. Vir my was onderdanigheid baie soos om kinders groot te maak. Julle weet mos hoe slim jy is en altyd die beste weet hoe om kinders groot te maak tot jy jou eie het. Jy het die onderwerk deeglik bestudeer en jy weet net mooi alles en dan kom die HERE en Hy bewys jou verkeerd! Dan kom jy agter dat jy eintlik niks weet nie; hoe swak jy werklik is en hoe baie jy die HERE in jou lewe nodig het! Dit was dieselfde vir my in my huwelik met Francis. Ek het in 'n Christen huis groot geword, het die Woord van die HERE geken en ek het gedink dat ek onderdanigheid ten volle verstaan, maar dit was 'n heel ander ding toe ek eers getroud was!

My eerste les wat die HERE my gegee het hoe om onderdanig te wees, was met ons eerste Kersfees saam. Ek en 'n vriendin het uitgegaan om kersversierings vir ons huise te koop en ons het hierdie ongelooflike mooi Kersvader figure raakgeloop wat so ongeveer 60 sentimeter hoog gestaan het. Die figuurtjies het lap klere aangehad met geweefde hare en baarde; hulle arms kon swaai en hulle kon die mooiste kers liedjies sing; te pragtig! Ons het dit gekoop en huis toe gegaan en alles was net perfek tot my man by die huis gekom het. Hy het gevra wat dit was en ek het verbaas geantwoord dat dit Kersvader is. Hy het gesê dat hy nie vir Kersvader

in ons huis wil hê nie. Ek was stomgeslaan, maar wat nog erger was, was toe hy gesê het ek moet dit terugvat na die winkel waar ek dit gekoop het.

Die eerste ding wat deur my gedagtes gegaan het was dat hy sopas vir my gevra het om my Kersvader wat ek met my geld gekoop het terug te vat. Maar wat die konfrontasie afgeweer het was toe hy vir my gesê het dat hy nie werklik ‘n probleem met Kersvader het nie; hy hou maar net nie van die idee dat dit so prominent in die huis staan nie. Ek het toe maar vir Kersvader opgepak en dit terug gevat na die winkel toe. Die eerste ding wat die mense by die winkel wou weet is of daar iets met Kersvader verkeerd is. Ek wou eers sê dat daar niks met Kersvader verkeerd is nie, maar dat daar eerder iets met my man verkeerd is, maar ek het myself ingehou. As ek nou terugkyk op die voorval, dan dink ek aan wat die HERE gesê het toe Hy gesê het dat ons aan ons mans onderdanig moet wees in alles. Vir my was dit ‘n harde slag en my ego het baie gehawend anderkant uitgekom, maar dit was so ‘n groot geskenk van die HERE om te verstaan wat Hy bedoel het in Sy Woord; om te hoor wat Hy gesê het en bereid te wees om deur te druk daarmee.

Die Woord van die HERE sê vir ons in Efesiërs 5 dat ons as vroue gehoorsaam moet wees aan alles, maar dit verwys nie na die gevalle waar jou man jou vra om te sondig nie. Ons almal staan onder die sambreel van die HERE se wil; ons mans ook. Elke slag wat jou man onder daardie sambreel uitstap om wat ook al te doen; te kul op sy belasting opgawe, na pornografie te kyk of om dronk te word op naweke; wat ook al die geval mag wees, dan is dit ons plig as vroue om te sê dat so lief soos ons ons mans het, hulle respekteer en onderdanig aan hulle wil wees, moet ons die HERE meer gehoorsaam wees. (Handelinge 5:29)

Om aan ons mans onderdanig te wees is nie maklik nie. Om met ‘n evangelis getroud te wees is makliker, maar dis nie maklik nie, want

ons is beide sondige wesens en ek weet julle gaan my nou nie glo nie! Vir julle wat nog nie getroud is nie, neem hierdie ter harte en let op na wat die HERE jou gaan roep om te doen. As jy ‘n man sien wat besluite neem gebaseer op die wil van die HERE en jy sien hoe hy ‘n pad met die HERE stap, dan is dit makliker om onderdanig aan so iemand te wees. Let op dat die klem val op makliker, nie maklik nie! Die HERE weet presies hoe dit voel om met jou man getroud te wees en hy weet ook hoe ‘n mooi mens jy kan word in Hom, ongeag van hoe gelowig of ongelowig jou man is.

Ek het die week ‘n stukkie gelees wat deur Moeder Theresa geskryf was wat so passend is: Ek weet dat die HERE my nooit meer sal gee as wat ek kan hanteer nie, maar ek wens net dat Hy my nie so baie vertrou het nie! Voel jy partykeer dat die HERE jou te veel vertrou? Elke moeilike ding wat jou pad kruis en nie ‘n direkte uitvloeisel is van jou eie sonde is nie, was aan jou toevertrou deur die HERE. Die HERE vertrou jou met elke toets wat Hy jou gegee het om deur te staan net soos Hy jou vertrou met die man wat Hy jou gegee het.

Ek wil vir julle nog ‘n stukkie lees, veral vir die van julle wat moeilike mans het. Dit staan in 1 Petrus 3:1-2 *“[1] Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word [2] as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.”* Ek wil veral die gedeelte beklemtoon wat sê sonder woorde, want om iemand sonder woorde te kan oortuig is die werk van die Heilige Gees.

Kom ek vra julle die vraag: wat sien julle mans in julle as hulle na julle kyk? Sien hy ‘n stil Godvresende vrou wat kosbaar is vir die HERE? Sien hy werke wat van die HERE getuig? Met ander woorde, sien jou man die HERE in jou as hy na jou kyk? Jou man gaan dit baie makliker vind om jou lief te hê en vir jou te sorg op ‘n Goddelike

manier as hy die HERE in jou lewe sien. Net soos jy dink dat dit makliker sal wees om saam met hom te leef as hy net ‘n bietjie meer Godvresend was, net so dink jou man van jou.

Die gedeelte wat ek wil hê julle moet onthou is in Efesiërs 5:22-24. Die HERE is die hoof van die gemeente en die HERE het die man oor die vrou aangestel. Die HERE gaan die man verantwoordelik hou vir die besluite wat hy geneem het, net soos Hy vir jou verantwoordelik gehou het oor die besluite wat jy geneem het rakende jou man.

Prys die HERE vir hierdie boodskap en baie dankie aan Lisa Chan vir haar bydrae.

# <u>Die middelpunt van die evangelie</u>

Die middelpunt van die evangelie is om onsself die heeltyd te verloën en die hele tyd te lewe in totale oorgawe tot God. Dis ongelooflik hoeveel Christene hierdie gedeelte nie verstaan nie of hulle hele lewe lank sukkel om hierdie begrip te verstaan.

Die drie dinge wat die basis van Christenskap vorm is om die HERE eerste te stel in alles wat ons doen. Tweedens moet ons respek hê vir die Woord van die HERE as ons riglyn in hierdie lewe. Derdens moet ons die wil hê om dit wat die HERE beveel het te gehoorsaam. Hierdie drie dinge vorm die basis van Christenskap want Jesus sê: *"Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet."* (Johannes 14:21)

Die HERE het 'n sambreel van beskerming vir ons daargestel en solank ons onder hierdie beskerming bly, sal niks met ons gebeur nie. Satan val ons aan omdat ons gedurig onder hierdie beskerming wil uit. As mens wil ons gedurig ons eie ding doen. Ons wil die HERE gedurig op die kantlyn los terwyl ons die spel van die lewe speel. As dinge dan verkeerd loop, dan hardloop ons terug en vra: "Nou waar was Jy dan? Waarom het Jy my nie gehelp nie?" Hallo... Jy het die HERE op die kantlyn gelos; onthou? Onthou die eerste reël? "Ons moet die HERE eerste stel in alles wat ons doen?" Dis waarom so baie dinge in ons lewens verkeerd gaan, want ons luister nie!

Hoe baie van ons het nog respek vir die Woord van die HERE as ons riglyn deur hierdie lewe? Gaan kyk maar vandag rond hoe die Woord van die HERE geïnterpreteer word. Dis verbasend, want dit wat daar staan is presies wat bedoel word, maar omdat ons dit nie glo nie, probeer ons allerhande uitlegte rondom dit te kry. Al gesien hoe baie mense dink jy kan 'n Christen wees sonder om tot bekering te kom? Kyk maar hoe baie mense wonder of hulle gedoop moet

word of nie? Kom ons kyk wat sê Jesus in Mattheus 28:19 vir ons: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* Einde van die argument, né.

Kyk maar hoe baie mense nog die wil het om dit wat die HERE beveel het te gehoorsaam. Ons is meer bekommerd oor wat die wêreld van ons gaan sê en dink as wat ons is oor wat die HERE vir ons beveel het. Jesus sê vir ons in Mattheus 6:24 *"Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag."* Jy kan nie God en die wêreld dien nie. Dis een of die ander, maar nie albei nie. Kyk maar wat sê die HERE vir satan in Matteus 4:10 *"Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."*

So baie mense kry hierdie drie dinge verkeerd en dis dan ook waarom hulle die dieper dinge in die Bybel nie verstaan nie. As dinge in hulle lewens verkeerd gaan, dan wonder hulle waarom. Dis omdat hulle die middelpunt van die evangelie nie verstaan nie...

In Mattheus 7:24-25 verduidelik die HERE dit so mooi aan ons: *"[24] Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. [25] En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots."*

Prys die HERE vir hierdie boodskap.

# Eendag sal ons weet!

Iemand het die volgende stukkie op Facebook gepos en ek het dit so treffend gevind, dat ek dit met julle wil deel. Die oorspronklike skrywer is Ian Smit. Baie dankie aan jou vir hierdie juweel van ‘n boodskap!

Ek sien die kind meters ver deur die lug trek as die motor sy fiets tref. Die slag van sy lyfie op die teerpad klink soos iets wat mens nog nooit in jou lewe gehoor het, of ooit wil hoor nie. Die kind wat skynbaar leweloos in die pad lê. Die geskokte skare wat nader storm. Die besope drywer van die voertuig wat op sy knieë langs sy voertuig sit. Die voertuig van die verkeerspolisie wat met loeiende sirenes stilhou op die hakke van die polisie voertuig.

Almal is daar. Die erg-beseerde, die skare, die wetstoepassers, die skuldige. Iets kort... Nêrens sien ek ‘n ambulans nie. Nêrens sien ek ambulanspersoneel nie. Ek luister. So waar as wragtig. Bykans ‘n halfuur het verloop en ek luister weer. Ek hoor nie ‘n ambulans-sirene nie. Glad nie. Ek stap nader na die verkeerskonstabel wat langs die bloeiende kind in die pad sit. Langs hom lê sy tweerigting radio. Hy is besig om met iemand op sy selfoon te praat en te verduidelik hoe ernstig die kind se beserings is. Dan smyt hy weer sy selfoon neer en praat oor sy radio. Sy een hand onder die grys kombers, wat ‘n samaritaan oor die kind kom gooi het.

“Wat is fout, waar is hulle”, fluister ek vir hom.

“Almal besig”, antwoord hy en ek sien ‘n traan van sy wang af loop.

“Ons gaan hom verloor. As ons nie noodpersoneel binne die volgende paar minute hier kry nie, gaan ons hom hier verloor.”

Die grys kombers wat oor die kind gegooi is, gly af. Ek sien hoe die klein handjie krampagtig om die verkeersman se vinger vasklou.

Wat kan ons doen. Is daar niemand wat kan help nie, dink ek hardop. Nee sy beserings is te erg; ons kan niks vir hom hier doen nie.

‘n Polisiekonstabel baklei met iemand op sy radio. Die geruis van die ander persoon se stem klink soos ‘n donderslag.

“Ons sal ons bes probeer om oor ‘n uur daar te wees. Besig met ‘n ongeluk op naburige dorp.”

Uit die hoek van my oog sien ek ‘n vrou nader storm.

Meer as ‘n uur is al verby vandat die kind raak gery is. Sy gil en sak langs die kind neer.

“Waar is die ambulans mense, waar is die ambulans mense,” gil sy.

Die verkeerskonstabel wat nou openlik huil, kyk na haar en met hakkelende stem sê hy dat alle ambulanse in die streek besig is. Die vrou gaan sit langs haar seun. Die straaltjie bloed wat uit sy mondjie loop, vlek haar handgemaakte lappies rok. Prewelende staar sy na die hemel.

"Here, wys hoe groot is U. Wys ons dat U die kinders lief het."

Rondom haar begin die skare saam te bid. Elkeen in sy eie taal op sy eie manier.

Ek sien dat die handjie besig is om sy greep op die verkeerskonstabel se vinger te verloor. Hy buk af en fluister in die klein mannetjie se stukkende oor (tot vandag toe wil hy my nie sê wat hy vir die kleintjie gefluister het nie) en ek sien hoe die handjie weer vasvat om sy wysvinger. Radeloos sit en wag ons dat die ambulans moet opdaag. Wetend dat ‘n uur te lank sal wees. Hopeloos te lank.

En dan hoor ons in die verte die dreuning van ‘n helikopter. Die kenmerkende klink geluid van die helikopter se rotor kom al hoe

nader en nader. Die Rooi Kruis-teken op die helikopter is duidelik sigbaar. Die vlieënier se stem raas oor die tweerigting radio van die konstabel.

“Neem hom na die skool se rugby veld, ek sal hom daar kry.”

Ywerige hande gryp die grys kombers - ek het heeltyd gevrees dat dit oor die stukkende kind se kop getrek gaan word - en sit die gebroke lyfie daarop neer.

Ons staan en staar die helikopter agterna soos dit met die kind oor die berge verdwyn in die rigting van die Rooi Kruis-Hospitaal.

Jare later sit en kyk ek hoe die mannetjie met die val merk op sy kop saam met maats in die parkie speel.

Hy lag, so ‘n lekker lewe, lekker lag, en ek wonder - was dit die gebed van ‘n Ma wat hom sy lewe laat behou het, was dit die liefde wat die Here vir kinders het, of was dit tyd dat die skare ‘n wonderwerk voor hulle moes sien afspeel?

Eendag sal ons weet.

# Waarom slegte dinge moet gebeur

Die vorige keer het ek vir julle 'n getuienis gebring van iemand wat se kind deur 'n dronk bestuurder omgery was. Ek besef maar net te goed dat daar mense is wat wonder waarom die HERE sulke dinge sal toe laat. Ek wil net vir julle sê dat dit heel normaal om so te dink, maar dis net omdat ons nie die groter prentjie kan sien nie.

Ek was self in die Polisie gewees en ek kan nie eers begin om vir julle te verstel hoeveel beseerdes en dooies ek in my loopbaan gesien het nie. Ek het letterlik die goeie en die slegste in die mensdom gesien en ek kan vir julle met alle eerlikheid sê dat ek meer as een keer gewonder het waarom die HERE toelaat wat Hy toelaat om te gebeur.

Iemand het op geleentheid vir my gesê die lewe is soos 'n legkaart en ons kan nie sien hoe die hele legkaart lyk as ons die hele tyd net na die een stukkie staar nie. Dis ons as mens se grootste probleem. Ons probeer so hard om sin te maak uit die een stukkie van die prentjie dat ons nie eers oplet dat ons besig is om 'n legkaart te bou nie. Later as die stukkie eers in plek is, dan sien ons waarom daardie gedeelte van ons lewens nodig was.

In my eie lewe het ek al verskeie sulke lesse gehad en ek kan vandag met alle eerlikheid sê dat ek weet waarom die meeste van hulle daar was. Dit was of as gevolg van my eie sonde of dit was om ander redes, maar in beide gevalle het dit 'n koersverandering teweeg gebring.

Die HERE sien watter rigting elkeen van ons op pad is in ons lewens boot en dis waarom Hy toelaat dat dinge met ons gebeur. As ons aanhou op die rigting waarop ons is, sal dit sekerlik lei tot groter skade en dat ons moontlik van Hom afvallig word en dit sal die HERE altyd probeer keer.

Kom ons gaan nou terug na die getuienis van die vorige keer. ‘n Dronk bestuurder het ‘n kind op ‘n fiets raakgery en daar was geen ambulans wat kon help nie. Einde ten laaste is ‘n helikopter ingekry om die beseerde kind na die hospitaal te vervoer.

Ek kan julle waarborg dat daardie dronk bestuurder nooit weer sou gedrink het nie. Vir hom sou daar ‘n lewens verandering van epidermiese proporsies gewees het. Die HERE het in mense se harte gewerk daardie dag soos nog nooit, want almal op die toneel het begin bid. Dit sou sekerlik die wat nie gelowig was nie ingesluit het. Die wonderwerk wat daar afgespeel het sou by mense bly vir die res van hulle lewens. Die persoon wat die gebeurtenis in skrif gestel het, sal nog meer mense bereik het met die storie en so nog meer siele vir die HERE wen. Die kind wat in die ongeluk was, het wonderbaarlik herstel met net ‘n litteken op sy kop!

Kan julle nou sien hoe die HERE werk? Iets vreeslik het gebeur, maar kyk net hoe baie goed het daaruit gevloei. Satan het gedink hy wen, maar hy het eintlik so ver verloor, dis net nie snaaks nie!

Liewe lesers, vertrou die HERE! Altyd! Selfs al lyk dinge vir ons as mense so deurmekaar dat ons geen sin daarvan kan maak nie, sit jou hand in Syne en weet dat jy veilig is en niks sal gebeur sonder Sy Wil nie!

Prys die HERE vir hierdie boodskap!

# <u>My weë is hoër as jou weë</u>

Die afgelope week het ek baie gepraat oor waarom slegte dinge gebeur. Ek kry die gevoel dat hierdie onderwerp vir iemand wat hierdie stuk gaan lees baie belangrik gaan wees, want anders gaan die HERE my nie so baie daaroor laat skryf het nie.

In Jeremia 18:6 vergelyk die HERE ons mense as klei in Sy hande wat Hy kan vorm soos Hy wil: “Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!” As ek nou dit in vergelyking bring, dan is ons soos stukkies klei wat die ander stukkies klei wil leer hoe die pottebakker is! As ons hieraan dink, dan besef ons hoe dom dit is vir enige van ons om voor te gee dat ons ‘n ekspert op die gebied van die Bybel is! Die beste wat ons voor kan hoop is dat die HERE homself aan ons sal openbaar sodat ons Sy wil aan die ander stukkies klei sal kan oordra.

In Psalm 25:9 verduidelik die HERE hoe hy die wat nederig is lei en die wat nederig is Sy weg leer. As ons die waarheid wil weet, dan gaan ons eers alle trots uit ons lewens moet verwyder en nederig moet word voor die HERE, want dis hoe ons die waarheid sal leer.

Liewe leser, as jy iemand wil oortuig van die evangelie; is jy soos ‘n bul in ‘n Sjinese winkel? Storm jy in kop eerste in en probeer jy dan so hard om die ander persoon te oortuig dat jy die hele inhoud van die winkel vernietig? Dink ‘n bietjie hieraan: dis mense se toekomstige plek in die ewigheid waarmee ons werk. Onder geen omstandighede mag ons traak-my-nie-agtig daaroor wees nie! Ons kan nie net baklei om die standpunt wat ons dink reg is oor te dra nie.

Ons werk is daarom om slegs die bewyse op die tafel te lê en dan toe te laat dat daardie persoon sy keuse maak. Dis nie ons werk om enige iemand te oortuig nie! Daardie persoon moet sy eie keuse

maak en niemand van ons kan dit vir hom maak nie. Om die evangelie in sy keel af te druk is nie die regte manier nie! Wat my die meeste bekommer is die arrogansie wat hiermee gepaard gaan: ek is reg en jy is dus outomaties verkeerd!

Soos ek gesê het, ons werk met mense se plek in die ewigheid. Wees versigtig wat jy sê, want die HERE sê dat ons wat baie leermeesters is, ‘n groter oordeel sal ontvang! (Jakobus 3:1)

Ons is almal klei in die hande van die Pottebakker. Dis nie vir ons om vir die HERE te vra waarom hy die een persoon so gemaak het en die ander anders nie, want die HERE het die mag om voorwerpe te maak soos Hy wil! (Romeine 9:20-21) As jou broer dus weier om die HERE te volg, los hom dan, want die HERE het ‘n doel waarom Hy hom so gemaak het en vir jou anders.

In Jesaja 55:8-9 sê die HERE vir ons dat die Hemel hoër is as die Aarde en daarom is Sy manier van dink nie ons manier van dink nie. Ons bedink menslike dinge en ons probeer sin maak uit die bietjie inligting tot ons beskikking en nou wil jy met God kom redeneer oor waarom Hy iemand gemaak het soos wat Hy in Sy alewige wysheid beskik het? Hoe arrogant is jy?

Ons sien nie die groter prentjie nie, want dis nie vir ons gegee om te kan sien nie. Ons is almal stukkies klei en ons probeer ander stukkies klei oortuig wat reg is deur die genade van die HERE. Berus in die HERE dat Hy weet wat die beste is. Stel jou kant van die saak, maar as die boodskap wat jy het en die feite wat jy op die tafel lê verwerp word, moenie kwaad word nie. Dis nie jy persoonlik wat verwerp word nie, maar die boodskap van die HERE.

# Jesus reinig die Tempel

Toe Jesus na die Pasga in Jerusalem aangekom het, het hy by die tempel gestop om te aanbid. Dit wat hy daar gevind het, het hy glad nie mee saamgestem nie. Hierdie gedeelte is in die Bybel in Johannes 2:13-17 asook in Mattheus 21:12-13 opgeteken.

In Johannes 2:13-17 lees ons die volgende: *"[13] En die Pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem. [14] En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. [15] En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uit gedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. [16] En vir die duiwe verkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie. [17] En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer."*

Wat het hier gebeur? Die verkopers van beeste, skape en duiwe het voorsien in die mense se behoeftes vir offers. Waarom jou eie diere bring om geslag te word as jy sommer by die Tempel kan koop? Die geldwisselaars het onrein of vreemde muntstukke vir rein Joodse muntstukke verruil – muntstukke wat in die tempel gebruik kon word. Ons kan sê dat hulle noodsaaklike dienste verrig het, maar Jesus het 'n probleem daarmee gesien. Sy huis is tog immers 'n huis van aanbidding en nie een waarin mens handel dryf nie! Die gedeelte wat Jesus se dissipels aan gedink het in vers 17 staan opgeteken in Psalm 69:9 (69:10) *"Want die ywer vir u huis het my verteer..."*

Is dit nie wat ons vandag in ons kerke doen nie? Gebruik ons nie nog steeds vir Jesus en sy kerk as 'n geleentheid om "wins" te maak nie? As ons na Jesus en die kerk kom primêr vir selfsugtige voordeel en

nie primêr om God te aanbid nie, maak ons misbruik van die huis van die Vader. Dit maak nie saak hoe edel ons bedoelinge is nie. Onthou dat die verkopers van diere gedink het, hulle verskaf ‘n diens aan die mense, maar satan het hulle verblind sodat hulle nie die waarheid gesien het nie en dit is dat hulle die Huis van die HERE wat heilig is verander het ‘n handelshuis!

Kom ons gaan verder. In 1 Korintiërs 6:18-19 sê Paulus *“[18] Enige sonde wat ‘n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam. [19] Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?”*

Sien u waarheen ek op pad is? Is dit nie tyd dat ons ‘n slag vir satan wat ons so verblind vasvat en ons tempels reinig nie? Baie keer dink ons dat die sonde wat ons doen nie so erg is nie en dat die HERE sal verstaan, maar sonde bly sonde. Maak nie saak hoe groot of hoe klein die oortreding is nie.

Ek wil vra dat julle baie mooi sal gaan dink oor alles wat jy doen en as die Gees van die HERE jou oortuig dat dit verkeerds is, vra dan om vergifnis. Dis nooit te laat om na die HERE terug te keer en te sê: “HERE, ek is jammer” nie.

<u>Die Christelike Dieet</u>

Ek weet dat baie van julle wonder oor die titel van vandag se boodskap! Ek het dit doelbewus so gekies om julle aandag te trek!

Ek hoef seker nie te vra hoeveel van julle al op ‘n dieet was nie, né! Ons almal was al een of ander tyd in ons lewe en raai wat? Dit werk wonderlik in die eerste week en selfs in die tweede week, maar teen die derde week dan val die hele ding plat en tel ons meer gewig op as wat ons voorheen gehad het! Waarom gebeur dit? Omdat ons moeg raak vir die roetine. Dit raak vervelig en jy kry lus vir die dinge wat jy nie mag eet nie. Voor jy dan weet wat gebeur, is jy terug waar jy begin het en het jy al die gewig weer opgetel!

Dieselfde gebeur met ons geestelike lewens. Ons trek weg met ‘n vaart en halfpad deur die ding dat verloor ons stoom en voor ons weet wat gebeur, is alles maar net weer soos dit was. Christenskap is presies soos om ‘n dieet te volg. Dis ‘n lewensstyl verandering en nie ‘n straf nie. Jy maak ‘n voorneme om minder te eet en om daardeur gewig te verloor. In die begin is dit moeilik, maar later word dit makliker soos jou liggaam aanpas by die nuwe lewens styl.

Om die HERE te dien is presies dieselfde. Jy kan nie daardie 30 sekondes wat jy in die oggend bid gebruik om jou hele lewe in orde te hou nie. Dit gaan nooit werk nie. Op soortgelyke wyse gaan die oggend in die kerk nie genoeg wees om jou die hele week te hou nie. Vir ‘n dieet om suksesvol te wees, moet jy dit in jou lewe integreer. Jy moet elke dag reg eet en jy moet jouself weer hou van dinge eet wat nie goed is vir jou nie. Christenskap is presies dieselfde. Jy moet die HERE in jou lewe integreer en Hom in alle aspekte van jou lewe ken. Jy moet as te ware niks doen sonder die goed keuring van die HERE nie! Jy moet jouself weerhou van sonde, want dis nie goed vir jou nie.

Die HERE sê in Sy Woord dat ons die lig van die wêreld is. (Mattheus 5:14) Ons is die sout van aarde. (Matteus 5:13). Jy moet jouself verloën om agter die HERE aan te kom. (Lukas 9:23) As jy nie bereid is om hierdie te doen nie, kan jy nie die HERE se dissipel op aarde wees nie. (Lukas 14:27)

Kom ek verduidelik: Die HERE moet so in jou lewe geïntrigeer wees dat mense dit van ver af sal sien en aangetrek word na jou toe. As sout in kos gegooi word is die reaksie altyd dieselfde. So moet ons reaksie op dit wat rondom ons gebeur ook altyd dieselfde wees. Julle moet besef dat net soos met 'n dieet, daar geen maklike middel pad is nie. Jy kan ook nie halfpad ophou en dink jy het nou oorwin nie. Dit werk nie so nie! Dis alles of niks! As jy in 'n dieet nie alles gee nie, gaan jy niks wen nie. Die HERE sê ook so in Sy Woord. Dis waarom jy jouself moet verloën. Jou liggaam sal altyd die sondige rigting wil inslaan. Die pad van minste weerstand, wat die maklikste is, maar jy moet jouself verloën en jou van hierdie dinge weerhou! As jy nie bereid is om hierdie dinge te doen nie, dan sê die HERE dat jy nie Sy dissipel kan wees nie! Dis harde woorde, maar dis hoe belangrik dit vir die HERE is dat ons moet verstaan hoe belangrik dit is wat ons doen.

Al gewonder hoekom so baie dinge in jou lewe verkeerd gaan? Waarom jy geen deurbrake kan maak nie. Waarom jy altyd so sukkel? Hier is jou antwoord! As jou hart en gedagtes nie is by wat jy besig is mee nie, dan maak jy dit aansienlik makliker vir satan om jou aan te val! Die HERE het 'n sambreel van beskerming daar gestel vir al sy kinders. Solank jy binne daardie sambreel van beskerming bly is jy veilig, maar as jy onder die sambreel uitbeweeg deur jou eie liggaamlike begeertes te bevredig dan kan satan jou aanval. Dis waarom jy jouself moet verloën deur weg te bly van sonde.

Om die HERE te volg is nie maklik nie, want satan gaan jou uitlok. Om 'n dieet te volg is op soortgelyke wyse ook nie maklik nie, maar

liewe leser, net jy kan hierdie veranderinge maak. Net jy kan besluit om van mens na dissipel te beweeg. Onthou Jesus se woorde in Openbaring 3:20: “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.” Net u kan die deur van u hart vir Jesus oopmaak! Ek bid dat u die regte besluit sal maak. Dis nog nie te laat nie!

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Die gewoonte van gebed

Gebed kan partykeer so ‘n gewoonte ding word. Ons gaan om voor die HERE te wees sodat ons versterk kan word en daardeur kan doen wat nodig is, maar dis nie waaroor dit gaan nie.

Die fokus van gebed moet nie wees op ons nodig het nie, of wat ons wil gaan doen, of wat ons wil hê die HERE moet vir ons doen nie. Die fokus moet wees om beskikbaar te wees vir die HERE en wat ook al Hy wil hê ons moet doen.

Vir ons wat werk esels is, is dit moeilik, want ons wil dadelik aan die werk spring en werk. Baie van ons kry vervulling uit ons werk uit, want daardeur bewys ons dat ons nodig en onmisbaar is. Ongelukkig vervul dit nie die HERE se behoefte om te weet dat ons Hom net so lief het nie...

Daar is vrede en verkwikking vir ons siele in die arms van die HERE en Hy is so versot daarop as ons tyd in ons lewens maak om saam met Hom te wil wees. Moenie dus nie toe laat die vyand kom en jou tyd saam met die HERE te steel nie.

Dis waar dat die HERE baie bly is as ons iets vir die Koningryk van die Hemele doen, want dis waarvoor Hy ons geroep het. Hy is egter meer bly as ons Hom in waarheid en krag aanbid met harte wat aan die brand is vir Hom!

Julle moet onthou dat ons almal kruise vir die HERE dra, maar dat dit nie altyd dieselfde kruis is wat ons dra nie. Daar is kruise van siekte, skete, pyne en nog baie meer. Ons moet daaraan dink as ‘n oefening om nederig te bly, want net soos die weermagte van die wêreld hulle troepe oefen om fiks te wees, net so is ons onder opleiding van die HERE en laat die HERE hierdie dinge in ons lewens toe om ons in oefening te hou.

Die koms van die HERE is nie meer ver nie en Hy is met elkeen van ons; sy aan sy met ons, ongeag watter kruis jy ook al mag dra en Hy lei saam met jou. Die doel is nie net om jou sterker te maak nie, maar ook om jou oë oop te maak en jou harte wyer te maak vir Sy teenwoordigheid in jou lewe.

Vreugde volg altyd op die hakke van swaarkry en die HERE se seën kom oor ons ure nadat ons gelei het vir Hom. As hierdie nie die volgorde van dinge was nie, dan sou ons nooit staande kon bly in hierdie moeilike tye nie. Ons is in baie opsigte soos silwerware wat bevlek is. Die HERE kom met sy poleer lap en poleer al die vlekke van die wêreld uit ons lewens uit totdat ons weer glinster!

Dis hoe die HERE ons gereed hou om te dien: altyd skoon en blink gepoleer. Op die manier dra ons verkwikking uit na ander in die wêreld. Daar is ‘n gedurige skoonmaak proses aan die gang in ons lewens, want na elke versoeking van die vyand is daar vlekke in ons lewens. Hierdie skoonmaak proses sal eers eindig die dag as ons saam met die HERE in die Hemel is.

Voor dit kan gebeur is daar eers werk om te doen deur die goeie te laat groei en die slegte uit te kap en dit moet daagliks gedoen word sodat ons kan groei. Daar kan nie net versoekinge wees nie, want dan gaan ons opgee. Ook kan daar nie net oorwinnings wees nie, want dan gaan ons laks word. Dis waarom die HERE dinge in ons lewens balanseer met skoonmaak, poleer en verfyning. Kyk na die goeie wat die HERE in jou lewe gedoen het. Kyk na die oorwinnings en wees bly daaroor, maar hou jou wapenrusting aan en jou swaard gereed, want die vyand slaap nooit nie.

Die HERE is met jou, liewe leser. Elke oomblik van die dag; heeltyd besig om ons te voed en lief te hê. Moenie kosbare tyd laat verbygaan om nie by die HERE te wees nie. As jy tyd mis om saam met die HERE te wees, sal jy nie behoorlik gewapen en gereed wees om die aanvalle van die vyand tee te kan staan nie.

Laat die HERE toe om jou elke dag gereed te kry en moet Hom nie op die agtergrond skuif nie. Kom na die HERE en kom rus by Hom sodat Hy jou siel kan verkwik.

# Hoe kruisig ek die sondige mens?

Die een vereiste om tot bekering te kom is om ‘n ommekeer te maak dit wil sê, jy moet afskeid neem van jou ou sondige manier van dinge doen. Ek weet dis die een vraag wat almal seker een of ander tyd vra. Hoe op aarde kry ek dit reg?

Die een ding wat ek vir julle kan belowe, is dat dit nie ‘n maklike taak is nie. Jou liggaam is gemaak uit die stof van hierdie aarde (Genesis 2:7) en daarom gebind aan die aarde. Dit sal altyd probeer om sy aardse begeertes uit te voer. Dis ‘n ewigdurende geveg tussen aardse begeertes en die gees, want die aardse liggaam met sy aardse drange sal altyd wêreldse plesier probeer aanhang. Nou sal julle seker verstaan waarom Jesus in Mattheus 16:24 gesê het *“As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.”*

Paulus sê vir ons in Romeine 6:6 dat ons die ou sondige mens moet kruisig. Galasiërs 2:20 leer vir ons dat ons die eie wil moet kruisig, want dis nie meer ons wat lewe nie, maar die HERE binne in ons. Galasiërs 5:24 leer vir ons dat ons die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede moet kruisig. Laastens in Galasiërs 6:14 lees ons dat as Christene, ons dood is vir die wêreld en sy begeerlikhede.

Om hierdie dinge te lees is maklik, maar om dit toe te pas is ‘n perd van ‘n totale ander kleur! Baie van julle sal vra; maar hoe? Ek kan julle net uit persoonlike ondervinding leer.

Ek is amper 40 jaar al ‘n Kind van die Koning en ek kan met alle eerlikheid sê dat die pad wat ek tot nou toe gestap het geen maklike een was nie! Julle moet verstaan dat die HERE met elkeen van ons ‘n ander pad loop. Elkeen van ons se ondervinding met die HERE is daarom anders. Partykeer laat die HERE toe dat jy die doel sien waarom sekere dinge met jou gebeur, maar in die meeste gevalle

weet ons nie wat agter die skerms gebeur nie. Dis soos Paulus in 1 Korintiërs 13:12 sê *"Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel."* Ons probeer ons bes om sin te maak van hierdie raaisel, maar baie keer dan bly dit net dit: 'n raaisel. Paulus gee ons darem hoop later in die vers deur te sê *"Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is."*

Ek gaan geen doekies met julle omdraai nie! Jy gaan sukkel om al die verkeerde dinge uit jou lewe uitgewerk te kry en dit gaan jare vat. Partykeer slaag jy nooit werklik daarin om al die verkeerde goed uitgeroei te kry nie. Dis frustrerend, ek weet, want ons almal wil graag perfek wees voor die HERE. Ek het op meer as eenkeer soos 'n stuk gemors gevoel wat net kan sondig! Dis satan wat vir jou hierdie stories wysmaak. Moenie daarna luister nie!

Die HERE laat verder toe dat satan ons aanval. Baie keer is dit om ons nederig te hou, want die HERE heg meer waarde aan nederigheid as aan enige iets anders! Die poging wat jy aanwend om 'n heilige leefstyl te volg tel net so baie! Moet dus nie te hard op jouself wees nie. Iemand het eenslag vir my hierdie gedeelte gestuur en ek gaan dit vir julle hier pos.

*Ons is Christene. Ons struikel en ons val en ons bly alewig op die verkeerde pad. Maar God werk in ons. My lewe mag miskien in my oë een groot gemors wees, maar ek is God se gemors en Hy is besig om hierdie gemors uit te sorteer! Die dag gaan kom wat ek aan die Here se sy sal staan; Sy werk in my volbring! Tot daardie dag kom, sal ek Sy hand in myne vat en Hom toe laat om te doen wat gedoen moet word, maak nie saak hoe pynlik dit vir my mag wees nie, want ek weet dat as Hy klaar is, dit alles die moeite werd sal wees!*

Sterkte aan al my jong broers en susters in die HERE. Die pad wat jy begin stap het gaan op die ou einde die moeite oor en oor werd wees! Hou net aan met stap saam met die HERE, selfs al verstaan jy nie altyd nie!

Prys die Naam van die HERE!

# Om te laat gaan is pynlik

Ons almal gaan een of nader tyd deur ‘n krisis van een  of ander soort. Dit kan verskuiwings binne ons werk omgewing wees, of dalk in ons huislike omstandighede.

So het ek onlangs die storie gehoor van ‘n vrou wat op die punt was om uit die huis wat sy gehuur het gesit te word. Die eienaar het haar huurkontrak summier opgesê. Daar was ‘n ander plek vir haar gegee om in te bly, maar sy kon nie haar baie katte saam met haar neem nie. Die gebou het nie troeteldiere toegelaat nie. Haar katte was vir haar spesiale vriende en kon nooit vervang word nie. Die voordeel is dat die nuwe plek vir haar ander deure sal oopmaak sonder haar katte en nou weet sy nie wat om te doen nie. Sy moet nou kies tussen haar geliefde katte en ‘n ander beter woonplek.

Daar is tye in ons lewens wat ons sulke pynlike keuses moet maak om vooruit te kan gaan. Ons sien nie altyd wat die HERE besig is om te doen en waarom dit belangrik is dat ons vooruit moet gaan nie. Dis pynlik as ons dit wat ons aan gewoond is moet agterlaat...

Sommige keuses in die lewe is nie maklik nie, maar solank ons die HERE se leiding vra in alles wat ons doen, sal daardie leiding vir ons gegee word. Dan sal die keuses wat ons in die lewe moet maak ook baie makliker gaan. Ongelukkig is daar sommige wat verkies om hulle eie besluite sonder die HERE te neem. Vir hulle kan ons net jammer voel, want die besluit sou soveel makliker gewees het as dit die HERE se wil ingesluit het.

Vandag wil die HERE vir julle sê dat julle geensins bang hoef te wees om dit wat oud is agter te laat en die nuwe na te jaag nie. Onthou dat elke opoffering wat jy maak, self wanneer ons geliefdes moet agterlaat, ooit onnodig is nie. Die HERE gebruik elke opoffering om genade te gee waar dit die nodigste is. Geen ontbering is ook ooit

sonder vergoeding nie. Partykeer word jy vergoed op Aarde en partykeer sal jy die vergoeding in die Hemel ontvang.

Die HERE roep sommige van julle om julle ou lewens agter te laat en die nuwe aan te kleef. Sommige sal selfs moeilike keuses moet maak voor die nuwe aangekleef kan word. Sal jy na die HERE kom en vra vir leiding? Die HERE wag vir jou om dit te doen. Die HERE sal jou help om die beter keuse te maak as jy Hom sal vra...

Die HERE lei saam met ons in die keuses wat ons maak. Hy verstaan maar net te goed dat daar herinneringe is wat nie maklik weg sal gaan nie. Die vyand wil jou baie graag sien val, maar die HERE wil jou graag sien dat jy die regte besluit maak. Daar is toekomstige geluk wat rus op jou besluit waarvan jy op die oomblik niks van weet nie. Dis waarom dit so belangrik is dat jy die HERE se leiding moet soek. Hy sal jou die leiding en die vrede gee wat alle verstand te bowe gaan in hierdie tyd van krisis.

Onthou dat vandag die eerste dag van die res van jou lewe is. Jy is besig om die ou weg te skraap, skoon te maak en gelyk te maak. Jy is besig om die fondasie te lê en dis waarom die keuses wat jy moet maak so moeilik is, maar ook so krities is vir die toekoms.

Natuurlik is daar verskillende grade van keuses. Sal ek dit koop of nie; sal ek uitgaan of by die huis bly; sal ek verhuis of nie; sal ek die HERE by my besluite betrek of nie of sal ek eerder staat maak op die leiding van vriende? Daar is lae van keuses om oor te dink. Hoe meer jy jouself oor gee aan die wil van die HERE, hoe gelukkiger gaan jy in die toekoms wees. Hoe groter die ontbering, hoe groter die groei. Dis belangrik om die los ente van die verlede bymekaar te knoop voor jy vry gaan wees om aan te kan beweeg.

Onthou; die HERE is genade uit Homself. Hy weet jy lei op hierdie oomblik en Hy sal blydskap na jou hart terugbring. Vertrou net op Hom!

Die HERE is besig om uit te reik na jou toe. Met die HERE se genade sal jy deur hierdie tydperk van toetsing gaan in vrede. Die HERE lei saam met jou op hierdie oomblik en hy weet waardeur jy gaan. Hy sal jou nooit alleen laat nie en jy sal nooit alleen lei nie. Hy is aan jou sy en geluk wag vir jou, net soos die HERE beplan het.

Moenie moed opgee nie. Die HERE se genade is met Sy geliefdes en julle is die HERE se geliefdes!

# Die lewens wedloop

Ons almal het al gehoor van ‘n Maraton en ons almal weet dat dit ‘n resies is wat per voet gehardloop word oor ‘n baie groot afstand. Hoe baie van julle het al gehoor van ‘n Ultra Maraton?

Daar was jare gelede die bekende Sydney na Melbourne Ultra Maraton wat oor ‘n afstand van 875km was tussen die stede van Melbourne en Sydney in Australië. Dit het die hardlopers vyf dae gevat om hierdie afstand gehardloop te kry.

Hulle moes vir 18 ure hardloop en dan was hulle ‘n ses uur rus periode gegun voor hulle weer moes hardloop. Die prys geld vir die wenner was ‘n ongelooflike $60,000 Australiese Dollar! Hierdie maraton was natuurlik baie gesog onder die atlete en die wêreld se beste het na Australië gestroom om te kon deelneem.

In 1983 het ‘n 61 jarige Australiese Aartappel boer met die naam van Cliff Young ingeskryf om deel te neem. Die ander wêreld klas atlete het gedink dis ‘n grap, want hier staan hulle met jare se ondervinding agter hulle met hulle ontwerpers skoene en klere wat gemaak is vir hardloop en aan die ander kant staan arme Cliff met sy werk klere en rubber stewels aan! Almal het gedink Cliff is die grap van die jaar.

Met die wegspring het almal gehardloop om vooruit te kom. Heel agter was Cliff. Hy het die hele tyd stadig gehardloop, glad nie haastig om vooruit te kom soos die ander atlete nie. Vir die hele eerste dag het hy agter die ander atlete gebly, maar toe dit tyd word vir die toegelate ses uur slaap, het Cliff aangehou om te hardloop. Teen die volgende dag was Cliff voor al die ander atlete en het hy sy voorsprong deur die hele resies behou.

Die volgende aand was dit weer dieselfde: terwyl die ander atlete hulle toegelate ses uur geslaap het, het Cliff aangehou hardloop. Die ander atlete het later die organiseerders gevra om Cliff te verplig om te slaap, maar hulle het gesê dat dit sy keuse is om te hardloop en nie te slaap nie.

Vir die volle vyf dae van die wedstryd het Cliff gehardloop met sy rubber stewels aan sonder om te slaap. Teen dag drie het almal gedink dat hy sal doodgaan as gevolg van die uitputting, maar hy het nie. Teen die einde van die vyfde dag het hy die wedloop gewen en was hy 'n hele tien ure voor sy naaste teen stander!

Toe hulle later vir hom vra hoe hy dit regkry om so aanmekaar te hardloop sonder slaap, het hy gesê dat hy as jongman op sy pa se plaas gereeld agter skape moes aanhardloop, somtyds vir dae aaneen, want hulle het nie perde gehad waarmee hulle kon ry nie. Baie keer moes hy saam met sy skape voor 'n storm uithardloop sodat die skape nie iets moes oorkom nie.

Op soortgelyke wyse hardloop ons 'n wedstryd sonder slaap vir die HERE. Ek het op geleentheid vir julle gesê dat om 'n Christen te wees geen grap is nie en dat die HERE ontberings in ons rigting stuur om ons te toets. Die geheim is om net nooit moed op te gee nie, selfs al word jy moeg en lyk dit of daar geen doel meer in is om die wedloop te voltooi nie.

In 2 Timoteus 4:7 se Paulus vir ons: *"Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou." Wat kan beter wees as om aan die einde van die wedloop te sê: "Ek het die geloof behou!"* Prys die HERE!

'n Beloning wag vir elkeen wat die wedstryd voltooi! Paulus sê in die volgende vers: *"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal*

*gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.”*

My en jou beloning wag ook vir ons, liewe leser. Sorg dus dat jy aanhou hardloop en maak die wedloop klaar!

Prys die Naam van die HERE!

# Waar is jy my Bruid?

Baie van ons se tyd word so opgeneem deur wêreldse dinge en as die HERE nie daar was vir diegene nie, sou baie van hulle dit nie gemaak het nie. Die HERE sit baie nagte om en wag vir sy Bruid om na hom toe te kom in gebed, maar sy is te besig met die wêreld. Sy het ingegee om die HERE af te skeep...

Kinders van die HERE; wat is aan die gebeur in julle geestelike lewens? Waar is die tyd wat jy saam met die HERE gespandeer het? Het dit verander in traak-my-nie-agtigheid en is jy besig om weg te dryf van die HERE af? Weer jy dat dit wat my jou gebeur die vyand se doel is omdat hy jaloers is op die verhouding wat jy met die HERE het?

Jy sal nie die pas kan volhou om die berg saam met die HERE te klim as jy nie veilig in Sy arms is nie. Omdat jy die wêreld bo die HERE gekies het, is jy baie naby aan val. Dis nie nou die tyd om jou gebed tyd af te skeep en op te hou met bid nie. Baie van julle is op versigtig gestelde dwaalspore weg van die HERE af...

Vir die van julle wat ten spyte van die versoeke nog steeds getrou bly, wag daar groot seëninge. Bly asseblief getrou aan die HERE. Jou getrouheid het in aanmerking gekom by die HERE en die HERE gaan jou binnekort wys hoe baie hy jou getrouheid waardeer.

Moenie moeg raak om goed te doen nie. Hou aan om vir die te gee wat nie het nie. Bid vir die wat haweloos is en die wat sukkel, want baie van hulle het ‘n hewige stryd met die wat hulle lewens moeilik maak en met die wat hulle uitmaak as sleg.

Daar is baie afleiding en gevaar om elke hoek. Humeure vlam op en vleeslike swakheid is oral. Mans en vroue is swak en as jy nie aanhou bid nie; is die gevaar om te val is groot. Dis nooit veilig om op ‘n

geestelike vakansie te gaan nie. Enige oomblik wat jy afskeep is soos ‘n kraak in ‘n damwal. Jy moet besef dat die verhouding wat jy met die HERE het vir die vyand groot gevaar inhou. Jy dra as te ware ‘n teiken op jou rug; dus kan jy nie bekostig om selfs een sekonde af te skeep nie.

So baie word teen jou beplan as jy vir 24 uur nie bid nie en die HERE wil hê dat jy die vyand moet uitken as hy by die deur inkom, selfs al doen hy homself voor as iets goed. Daar is baie bedrieglike mense wat nie sal huiwer om jou te beroof van jou beloning as jy nie versigtig is nie.

Die HERE is besig om seëninge uit te stort, maar as jy verkies om in die woestyn te speel, gaan jy dit mis. Keer terug na die HERE toe, want hierdie is geen tyd om op ‘n geestelike vakansie te wees nie. Die HERE verlang na jou. Kom asseblief terug, Kind van die HERE!

# Waarmee gaan jy mee besig wees as Ek kom?

Mag die Here die wysheid en deursettingsvermoë aan ons gee wat die weg vir die Wegraping moet voorberei, sodat ons nie moeg word om goed te doen en die werk wat Hy aan ons toegewys het, verlaat nie. Amen.

Ek wil begin deur te sê dat hierdie nie my eie boodskap is nie, maar ek voel gelei om dit aan julle te bring.

Daar is verskeie mense wat die laaste ruk drome oor die wegraping gehad het. Self weet ek dat die Here binnekort gaan kom, maar ek weet ook dat die HERE se "gou" nie onmiddellik "gou" is in ons terme nie. Maar sommige van julle is haastig en daar is baie stories hieroor wat op Internet sirkuleer, daarom gaan ek hierdie boodskap wat ek ontvang het deel.

Jesus gaan voort: *"Die bewustheid moet die hele tyd daar wees, want mense is geneig om te vergeet en hulle in hulle werk te begrawe. Ek verheug my oor diegene wat hulle in My werk begrawe . Maar daar is diegene wat nog steeds aan die slaap is oor My koms en vir hulle is dit nodig dat daar weer alarm gemaak word."*

*"Diegene van julle, wat hard werk vir My, maar weet dat ek binnekort kom: julle doen die regte ding. Diegene van julle wat julle werk vir My neergegooi het omdat Ek gou kom, in jou is Ek teleurgesteld. Ek is getrou en Ek openbaar wat julle gaan ondervind voor die tyd. Daar is dus geen rede vir jou om die taak wat Ek jou gegee het om te doen af te skryf omdat die tyd min is nie. Satan lieg vir jou as hy vir jou sê dat daar nie meer tyd oor is om enige iets wat Ek jou gegee het te voltooi nie. Ek sal geen taak aan jou gee om te doen as daar nie die tyd was om dit klaar te kry nie."*

*"Hierdie is presies wat Ek julle gewaarsku het om nie te doen nie. Daar is tyd om jou werk te voltooi. Hou dus aan! Moenie in jou taak vir My slap lê nie. Moenie so bekommerd raak oor wanneer Ek gaan terugkom dat jy ophou om aandag aan jou werk vir My gee nie."*

*"Asseblief, My Kinders; Ek maak vrugte bymekaar van die werk wat julle doen. Jy is besig om 'n voorbeeld sonder gelyke aan die wêreld te stel. Ja, Ek kom gou, maar jy moet alles wat jy kan doen tot die dag dat Ek julle van hierdie wêreld af wegvat. Ek sal geen taak aan jou gee om te doen as dit nie vrugte gaan afwerp nie. Hou dus op om in die lug op te kyk en kyk eerder na die siele wat voordeel gaan trek uit die werk wat jy doen."*

*"Sê vir die wêreld dat Ek gou kom. DIE TYD IS MIN! Maar stel My werk eerste! Moenie vir die wêreld werk nie, werk vir My. Laat elke minuut tel! Werk vir die koningryk van die Hemele. Wees doelbewus met jou tyd en moenie die tyd mors nie. Dan gaan jy gereed wees vir die wat binnekort gaan kom."*

*"As jy egter aanhou om vir die mense te sê die uur is nou en dat Ek aan die kom is, dan voeg jy net by die ontmoediging en ontnugtering wat daar reeds is en maak jy 'n bespotting van die geloof."*

*"Nee, dis nie jou skuld dat mense of selfs mede Christene jou nie glo nie, maar baie is so ontmoedig dat hulle nie na jou sal luister nie. As jy egter sê dat Ek gou kom en dat die oes ingebring moet word, dan weet niemand presies hoeveel tyd daar oor is nie. Ons weet egter dat die tyd min is en as jy dit uitbeeld in jou produktiwiteit vir die Koningryk dan sal jou getuienis soveel meer krag dra."*

*"Julle sien, almal het 'n opinie; almal het iets te sê en almal dink hulle het die jongste profetiese woord. Maar wat mense soek is jou belegging in wat jy glo. As jy dan glo dat ek gou gaan kom, waarom spandeer jy dan ure voor die TV, op Internet, speel jy rekenaar speletjies, gaan jy na partytjies toe en leef jy vir die wêreld? Dis geen*

*voorbeeld om te stel as jy 'n Christen is met oortuiging dat Ek gou gaan kom nie. Dis die teken van 'n louwarm Christen!"*

*"Maar as jy heeltemal daartoe verbind is om die Koninkryk te bevorder en jou daaraan te onderwerp, sal jy mense na My toe aantrek. Hulle sal die werk van jou hande sien, jou toewyding en die manier waarop jy jou tyd gebruik. Hulle sal jou dan glo en hulle sal luister!"*

*"As jy getuienis lewer, moet jy altyd die moontlikheid uitdruk dat daar klein vertragings sal wees saam met die feit dat Bybelse profesie, vir die eerste keer in die geskiedenis, aan die voorwaardes wat Ek in Mattheus 24 uiteengesit het, voldoen. Ander profesieë van ander godsdienstige bronne kan ook genoem word soos die opvolging van pouse volgens naam en nommer, Israel wat weer 'n land is en dat die evangelie wat tans aan elke uithoek van die aarde verkondig word. Alles is volbring soos Ek gesê het dit sal wees voor My koms. Net voor My koms. Wees ferm in die feit dat hierdie die finale uur is, want van nou af is dit net 'n kwessie van tyd voor die Vader vir My gaan sê 'dis tyd'!"*

*"My Kinders, verstaan tog dat jy meer siele gaan bereik met die feite soos bo genoem as wat jy gaan bereid deur te sê "Hy gaan kom, Hy gaan kom, Hy gaan gou kom!" Julle kan ook byvoeg deur te vra "Wat doen jy vir die HERE?", "Leef jy vir die HERE?", "Waarmee gaan jy besig wees as die HERE kom?""*

*"Moenie ophou werk om vir 'n oomblik in die lug op te kyk nie. Hou aan met arbei tot Ek vir jou sê dis tyd om te stop, want daar gaan 'n tyd kom wat jy baie min gaan kan doen. Maar tot dan, as jy My liefhet, hou aan met werk! Maak klaar waarmee jy begin het en verkondig dit onder die mense. Jy weet glad nie watter verlore siele jy gaan bereik deur jou werk nie en dit beteken alles in die wêreld vir My."*

*“Ek sal die wat suiwer van hart is en wat sonder ophou vir my werk beloon. Die wat halfhartig werk en nie hulle take voltooi nie sal wees soos die dienskneg wat sy talent begrawe het.”*

*“Ja, Ek sal jou vergoed met bevordering. Die van julle wat alles gee, sal nooit glo wat Ek vir julle beplan nie. Ek sal egter dit sê; jou wildste drome gaan nie kan vergoed daarvoor nie! Jy sal meer werk gegee word om te doen omdat jy getrou was aan die klein goedjies wat Ek vir jou gegee het om te doen. Jy het nie gaan sit en gesê: ‘Hy kom, dus is daar geen punt daaraan om verder te werk nie!’”*

*“Daardie is ‘n leun en dit word vertel sodat jy moet ophou werk. Moenie daarna luister nie. As Ek kom, sal jy saam met My gaan feesvier terwyl ander wie nie wou luister nie agter gelaat word. Vat My woorde ter harte, want dit is Gees en Waarheid. Moenie verder tyd mors nie. Gebruik die tyd wat oor is met wysheid. Moenie sit en rus nie, want dit gaan ‘n groot impak hê waar jy sal gaan en of jy geneem gaan word.”*

*“Ek is baie trots op die van julle wat so hard vir My werk. Julle sal julle beloning nie verloor nie.”*

*“Vir die res van julle, staan op en werk. Daar is nog tyd; meer as wat jy dink daar is. Ek het nodig dat julle gehoorsaam moet wees.”*

Dit was die boodskap. Prys die Naam van die HERE!

# Voorbereiding vir oorlog

Mag die vrede en die wysheid wat Jesus ons gee deur Sy teenwoordigheid oorheers oor vrees en angs.

Daar word op die oomblik baie voorbereiding gedoen vir oorlog, maar nie een van hierdie voorbereidings sal betyds klaar wees nie. Nie een van die wêreld se weermagte is geensins gereed om enige aanval te kan loods nie.

Nie teenstande is die dreigement altyd daar. Wat die HERE wil hê ons moet verstaan is dat niks gaan gebeur sonder Sy toestemming nie. En solank ons aanhou bid en ons kruise met dankbaarheid dra, sal niks ook gebeur nie.

Baie van ons volg die nuus en dink dat die HERE met ons daardeur praat. Dis waarom internet profete altyd almal dieselfde boodskap het; omdat die boodskap gebaseer word op wat hulle deur die nuus gevoer word. Boodskappe soos die is veronderstel om algemene kennis te wees, maar dit is nie. Opwinding lok luisteraars en hulle wil voortgaan om die opwinding te hoor – dus ondersteun hulle hierdie kanale wat die opwinding lewer.

Klim uit jou tonnelvisie, liewe Kind van die HERE en wees eerder bly oor die gawes wat jy het en die impak wat hierdie gawes op ander mense het. Dis wat die HERE werklik gelukkig maak en ook waarom daar gekeer word dat die ergste plaasvind. Geen plan deur enige iemand, insluitende satan gesmee word kan uitgevoer word sonder die HERE se toestemming nie. Solank as wat ons in gebed bly en intree vir die wêreld sal ons anderkant uitkom sonder dat ons halfpad begin water trap, wag vir die oorlog en die daaropvolgende wegraping.

Ek weet julle is moeg om dieselfde boodskap oor en oor te hoor, maar op die oomblik moet dit gesê word. Hou vas aan die HERE terwyl ons wag vir daardie dag. Laat die HERE ons siele verkwik met lewende water en laat hy ons toerus met inspirasie omdat hy ons so baie lief het! Daar is nog baie siele wat gered kan word en daar moet na hierdie mense uitgereik word.

Genade om ou probleme en terugslae te oorkom is reeds op pad, maar moenie verwag dat enige iets verniet gaan wees nie. Daar is nog steeds opposisie wat oorkom moet word. Ons wat glo is nou meer ‘n teiken as ooit tevore omdat ons elke struikel blok en slaggat wat die vyand vir ons stel omseil deur die genade van die HERE.

Ons is op die oomblik meer toegerus om die vyand te kan weerstaan as ooit voorheen deur die genade van die HERE. Hou dus aan met bou met die een hand terwyl jy met die ander hand die swaard vashou. Onthou dat hoe meer genade uitgedeel word, hoe groter is die opposisie en hoe meer planne word daar gemaak om hierdie genade te steel. Wees daarom op julle hoede en staan vas soos julle hoër gaan in die HERE.

Ons as mens se groot probleem is dat die wêreld partykeer op ons afvryf. Ons kry dan ‘n wêreldse houding teenoor sukses en mislukkings. As die wêreld begin om op jou af te vryf, dan begin jy dink en redeneer soos die wêreld. Dis die soort denk patroon waar jou laat dink dat niks gebeur tensy ons dit laat gebeur nie. Hierdie manier van dink werk goed as jy die skottelgoed was of huis skoon maak, maar in die groter prentjie is daar geen plek vir die HERE in hierdie denk patroon nie. Dis omdat alles sentreer om die eie ek en nie wat die HERE deur ons kan doen nie. Jy sal nooit die opposisie kan weerstaan as jy nie in die teenwoordigheid van die HERE bly nie, want ons gedagtes is nie die HERE se gedagtes nie. (Jesaja 55:8)

Die HERE kan deur ons werk as ons Hom toelaat en as ons die selfvertroue en die geloof daartoe het. Dis waarom dit so belangrik

is om die hele tyd in die HERE te bly, net soos die HERE in Johannes 15:5 gesê het: *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*

Die HERE seën julle die week! Bly in Hom en laat hom toe om jou swakheid te omskep in Sy sterkte!

## Staan vas in die Here!

Mag die HERE ons versterk in die geloof sodat ons hierdie oorlog tot die einde sal kan baklei.

Staan vas in die geloof! Baie van julle het reeds begin om deurbrake te maak in julle lewens. Dis nou die tyd om vas te hou aan die vordering wat jy gemaak het, want soos altyd en met elke seëning wat die HERE gee, is die vyand daar om te steel wat die HERE gee.

Waarom is dit dan dat so baie die stryd verloor? Ongeloof, luiheid, oordeel en trots. Trots gaan Oordeel altyd vooruit. Julle sal nou-nou sien waarom.

Wanneer ons neerkyk en met ander fout vind, dan maak ons onwetend ‘n deur oop en laat ons satan in ons lewens toe. As jy baie krities is, sonder enige empatie, dan kan jy sterk teenstand verwag, maar as jy agterkom wat jy doen en dadelik vergifnis vra, dan maak jy daardie deur in satan se gesig toe. Dis in elke geval net iemand met ‘n meerderwaardigheid gevoel wat dink dat hy ‘n ander siel kan oordeel. Jy het geen idee wat se teenstand daardie persoon elke dag moet deurgaan net om staande te kan bly nie. Net die HERE weet dit en om te dink dat jy die reg het om te oordeel is trotsheid op sy beste.

Luiheid hou voor die tyd op om te werk en neem troos in dinge wat gemaklik is om te doen en wat afleiding gee soos fliek kyk, deur Internet te blaai en so voorts. Daar word natuurlik nie verwys daarna as jy ‘n blaaskans vat nie. Ek verwys nou na die ek-het-hard-gewerk-en-nou-kan-ek-dit-gemaklik-vat houding. Om dit te sê terwyl jy nog die energie het om meer te kan doen is luiheid!

Laaste en sekerlik die ergste is ongeloof. Ongeloof is satan en sy demone se gunsteling wapen! Ongeloof sê: *“Ek doen die beste wat*

*ek kan, maar ek sien geen vordering nie. HERE, is Jy seker dat dit die rigting is waarin Jy wil hê ek moet gaan?"*

Die grootste sonde is Ongeloof! Ongeloof en trotsheid loop hand in hand, want jy dink jy weet beter as die HERE en op daardie oomblik glo jy nie in die HERE nie! Ons vergelyk onsself so maklik met ander mense en dis waar ons ons grootste fout maak, want jy vat jou oë van die HERE af weg as jy dit doen. So laat jy die vyand toe om jou te oortuig om nie die HERE te gehoorsaam nie, want Hy moes tog iewers 'n fout gemaak het toe Hy vir jou gesê het jy kan dit doen! So begin ons om die HERE te bevraagteken: "Waarom ek HERE? Daar is so baie ander wat beter as ek is..." Dis ONGELOOF, Kind van die HERE, ongeloof!

Die belangrikste reël van onderskeiding, liewe leser, is om te weet wanneer jy geaffekteer word deur moegheid, afleiding, emosies of 'n terugslag. Satan wil baie graag hê dat jy 'n terugslag moet beleef, want dan kan hy en sy trawante op jou spring en jou aanval omdat jy die HERE volg. Wat jy oom al doen, moenie jou rigting verander nie, want jy ken die HERE en jy weet wat Sy Wil vir jou lewe is. Opposisie sal daar altyd wees, maar moenie van rigting verander nie. Dis die geheim van onderskeiding en ook die belangrikste reël.

Ek weet dat baie van julle lus voel om in te gee en soms soos 'n mislukking voel, maar weet dat jou lewe vir die HERE geen mislukking is nie. Ons help baie keer siele sonder dat ons dit besef. Dis waarom baie van ons se harte soos vuur gelouterde goud is wat gloei en blink!

Liewe Kind van die HERE, moenie oor die klein goedjies in die lewe bekommerd wees nie. Daardie dinge is maar net spoedwalle in die pad van die ewigheid en jy sal baie gou daaroor wees en dan gaan dit vergete wees... vir altyd!

Bid vir geloof. Bid dat die HERE jou hart gaan versterk. Sê vir jouself dat jy kan, jy sal en dat jy wil! Staan vas in die geloof. Satan wil hê dat jy moet vaal en hy sal gedurig leuens in jou oor fluister soos dat jy nie goed genoeg is nie, dat jy gaan vaal of dat jy nie die ondervinding het nie. Dis ‘n demoniese gees wat jou uittart! Bestraf hom! Verwerplike wese!

Hierdie is die tipe leuens wat in die vorm van gif pyle op ons afgevuur word. Jou verdediging behoort te wees dat die HERE gesê het dit sal so wees en dan die HERE se Woord te vat as die een absolute waarheid! Dit sal ‘n einde aan satan se gifpyle maak.

# Jesus leer waar woede vandaan kom

Die HERE seën jou liewe leser, daarom wil ek vandag begin met 'n gebed: *"Liewe HEER, U is so sag en verstandig teenoor ons. Help ons om net so 'n sagte hart te hê en om nie so bekommerd te wees oor die sorge van die lewe en ons eie lewens agendas nie. Help ons om eerder meer bekommerd te wees oor die wat gewond is deur lewens omstandighede sodat ons hulle kan troos en op die regte pad kan lei."*

Die HERE gaan voort: *"Mense is so belangrik vir My. Dis waarom die belangrikste wat julle vir My kan doen is om ander te vertroos. So baie het seer en daar is niemand om hulle te vertroos nie. Of dit nou in geskrewe woord of gesange is; dit is julle roeping; vertroos hulle vir My."*

*"Baie van my Kinders ken My glad nie. Hulle dink hulle ken My, maar hulle weet nie hoe baie Ek omgee nie en dis omdat hulle my natuur nie ken nie. As hulle dit weet, sal hulle glad nie bang wees om na My toe te kom nie en hulle sal ook nie bang wees om my te hoor nie."*

*"Weet julle wat is die nommer een rede is waarom julle My nie wil hoor nie? Omdat julle bang is Ek gaan julle veroordeel en dit is so ver van die waarheid af... Jy raas en skree nie op 'n baba of op 'n gebroke siel nie. Jy vertroos hulle. Dis My natuur wat so min van weet... Selfs die wat dit vermoed is bang vir My."*

*"Selfs die sataniste glo leuens oor my. Die fondasie vir hulle optrede is gegrond op 'n waninterpretasie van my natuur. Hulle is gewond en loop rond sonder dat daar iemand is om olie op hulle wonde te gooi. As hulle verstaan hoe baie Ek vir hulle omgee; sal hulle baie gou van satan af wegdraai, maar hulle besef nie dat Ek 'n God van Genade is, vol genesing vir hart en siel nie. Hulle word deur satan gebreinspoel wie die vader van die leuen is."*

*"Mense leer wie Ek is deur te kyk hoe julle optree. Niks is vir My beter as om een siel te vind wat verstaan wie Ek is nie. Terselfdertyd is dit hartverskeurend om 'n siel te sien lei en al wat hy of sy hoef te doen is om uit te reik na My toe sodat Ek hulle kan voed. Dit maak ook seer om te sien dat hulle nie verstaan hoe vernietigend sonde vir hulle is nie. Ek is nie die harde slawedrywer wat net My eie manier wil hê nie. Jy is in baie opsigte harder op jouself en die mense om jou as wat Ek op jou is."*

*"Wees altyd bedag op woede en veroordeling, want baie keer is dit die vyand wat jou aanhits om iemand tereg te wys wat reeds gebroke binne in is. Ek vir baie vreugde daarin as jy jouself kan in hou. Ek weet maar net te goed hoe moeilik dit is en wat se groot opoffering jy vir My maak deur jou stilswye, selfs al skree elke deel van jou wese om vergelding. Wat jy nie sien nie, is die demone wat jou uittart en jou met stokke te steek om op te tree nie."*

*"Elke dag laat Ek toe dat jy getoets word om te sien wat jy gaan doen. Gaan jy ingee of gaan jy die aas gryp en die las wat ander dra nog meer onuithoubaar maak? Jy verstaan seker dat Ek die meeste van die tyd siele jou pad laat kruis wat genesing nodig het. Geduld is 'n groot deugde as dit by menslike natuur en siele kom. En om geduld te beoefen gaan jou beter en beter maak soos jy met ander werk."*

*"Daar is verskeie kere deur die dag dat jy deur satan aangehits word. As jy maak net kan sien waar dit vandaan kom, sou jy nie so vinnig opgetree het nie. Wees bedag daarop, want die vyand steel jou energie op daardie manier en dis waarom jy party dae so dood moeg voel. Hulle leef van woede, weet jy, maar nie net dit nie, hulle gebruik jou ook om ander te ontmoedig."*

*"Ek is teen die wat trots is, maar ek gee om vir die wat klein is van hart. As jy dus gedurig teenstand in jou lewe kry, ondersoek dan die moontlikheid of jy nie dalk te krities is teenoor ander nie; veral*

*teenoor jou naaste familie soos jou man, kinders en jou ouers nie. Ek kan nie ophou om hierdie les op te bring nie, My liewe Kinders, want baie van julle is nog steeds net te lief om ander te oordeel, veral teenoor die in julle huishoudings."*

*"Dis ook om die rede waarom Ek al verskeie kere gewaarsku het om nie na die nuus te kyk nie. Die nuus word so opgestel om jou uit te lok sodat jy moet oordeel en so maak jy die deur wyd oop vir woede. Julle sien, hierdie nuus berigte word deur demone beïnvloed en so word jy kwaad en dan oordeel jy almal wat daarby betrokke is sonder dat jy die agtergrond van die storie verstaan of weet wat in die agtergrond gebeur. Dit is hoe die media mense manipuleer en beheer oor hulle hou. Dis maar net een van die baie tegnieke wat satan gebruik om reaksie te ontlok."*

*"Net die ergste stories word altyd gepubliseer en so word jy kwaad en oordeel jy. Jou woede is soos bloed vir die demone. Dit voed hulle op jou en so word hulle nog sterker. Ek wens julle kan die demone sien wat op die negatiewe energie van verkeersopeenhopings teer. Mense kom by die huis aan uitgeput van kwaad wees en hulle weet nie waarom nie. En dit gebeur elke dag!"*

*"Woede en vrees is kragtige energie bronne vir die vyand. Dis waarom hulle altyd probeer om 'n reaksie te probeer ontlok in ander. Wees dus voorbereid en gewaarsku, veral nou dat jy weet waar jou energie heengaan as jy kwaad word. Gee dus aandag en moenie gaan vir die aas nie."*

*"Ek leer julle vandag 'n les, My Kinders. Jy is die teiken, elke liewe dag. Elke dag word koeëls en pyle vol dodelike gif van woede, trotsheid en oordeel op jou afgevuur. Wees asseblief slimmer as die vyand. Wees slim soos die slange, maar sag soos die duiwe. Moenie vir die aas val nie en probeer om nie kwaad te word nie. As jy 'n word in liefde spreek sonder om kwaad te word, dan steek jy 'n stok in die speke van die vyand se plan."*

En dit was die einde van die boodskap. Mag die HERE u seën!

# ‘n Lewe in afhanklikheid van die Here

Mag die HERE julle harte vandag aanraak met sy wysheid sodat ons die eie ek kan afsweer vir ‘n lewe wat geheel en al afhanklik is op die HERE se wysheid en Sy beste oordeel.

Ons lewens is ‘n boek vol verkeerde keuses en besluite wat op eie wil gemaak is en so raak ons betrokke in dinge wat die lewe elke dag uit ons uit suig. As jy in so ‘n situasie vasgevang is, wil ek vir jou sê dat daar niks meer is wat jy kan doen vir die HERE om jou meer lief te hê nie. Jy het reeds gesien hoe die HERE jou lei en hoe Sy arm jou uit veelvuldige gevaar situasies gered het: situasies wat jou vroeë dood kon veroorsaak het.

Daar is so baie geskenke wat die HERE jou mee toevertrou het; so baie talente en so baie genade. Hy verwag nie van jou om al hierdie geskenke in jou leeftyd te gebruik nie. Elkeen sal ontvou in sy eie tyd. Net soos die HERE met ander mense werk, net so sal Hy met jou ook werk.

Ons almal begin ons lewens in die wêreld met trotsheid en daarop uit om ons merk in die lewe te maak. In daardie toestand kan die HERE nie met jou werk nie, want jy is te in die wêreld. Daarom wag Hy geduldig dat jy eers moet uitbrand voor Hy jou kan gebruik vir die doel waarvoor jy gemaak was en jy gaan besef dat die HERE se wysheid beter is as jou eie wysheid.

Jy is iemand met baie talent en die HERE weet dit, maar voor jy daardie talent kan gebruik, moet jy eers opgelei word. Op ‘n soortgelyke wyse kan ‘n jong perd nie sommer dadelik voor ‘n koets saam met ander perde ingespan word nie. Daardie perd moet eers opgelei word om in ‘n span te kan trek en daardie opleiding is nie maklik nie.

Die HERE weet jy sukkel met rigting in jou lewe. Baie keer het Hy jou gelei en jy het gevolg. Daarvoor is die HERE baie dankbaar, maar ander kere het jy gerebelleer en jou eie rigting ingegaan. Nou gaan jy deur ‘n tyd waar jy die vrug van jou eie keuses oes. Sommige is goed, maar ander is nie so goed nie.

Hierdie is die tyd van wysheid in jou lewe waarvoor die HERE so geduldig gewag het. Hy het gewag vir die tyd waar jy gaan besef dat jy nie op jou eie kan aangaan of om meer besluite op jou eie te maak nie. Dis een van die redes waarom die HERE jou tot hier gebring het. Die HERE weet jy wonder waarom dinge altyd verkeerd gaan as jy die regte besluit probeer maak. Die HERE sê dis omdat daar altyd weerstand teen die regte besluite gaan wees.

*“My liewe Kind; waarom probeer jy om dinge op jou eie te doen; op jou eie krag en met jou eie verstand? Waarom soek jy nie eerder na My en My wysheid nie. Ek laat hierdie dinge in jou lewe toe sodat jy jou lewe totaal kan oorgee in My hande. Dis waarom Ek hierdie dinge in jou lewe toelaat.”*

*“Jy hoef My nie te oortuig hoe mooi of waardevol jy is nie, want Ek het jou gemaak en Ek weet dit reeds. Ek wil egter nie sien hoe jy jou lewe vermors op verkeerde besluite nie, dis waarom Ek jou tot hier gebring het. Dis nie ‘n sonde om swak te wees, hulp te vra of liefde nodig te hê nie. Die werklike sonde is trotsheid, en om te dink dat jy onafhanklik is en dat jy My nie nodig het nie.”*

Die HERE het ‘n plan met jou: ‘n blink nuwe toekoms, maar voor Hy hierdie deur kan oopmaak in jou lewe, het Hy eers jou samewerking nodig. Jou samewerking om oor te gee in Sy Wil vir jou lewe en totaal op Hom te vertrou. Jy kan op die HERE vertrou, want dis die regte besluit! Maar eers moet die verlede afgesluit word, want die HERE kan nie sy geskenke vir jou lewe op ‘n dooie verlede spandeer nie.

Jou lewe gaan weer begin om vrug te dra: goeie vrugte van lojaliteit en jy gaan die soet vrug van jou arbeid pluk. Net die HERE ken die pad wat jy moet loop; laat Hom dus toe om jou te lei. Vertrou op Hom soos jy nog nooit vertrou het nie. Die HERE het jou doelbewus hier geplaas sodat jy moet leer en dis net hier waar jy dit kan leer, as jy bereid is.

*"Al wat Ek vra my liewe Kind is vir jou erkenning dat jy My nodig het. Soek My wil vir jou eerste en wanneer Jy my in jou gedagtes hoor fluister, let dan op en volg, want Ek wil jou die regte pad wys. As jy nie seker is nie, gebruik dan die dinge in jou lewe om bevestiging te kry. Op hierdie manier sal jy weet jy is op die regte pad, want op My pad, werk alles altyd uit!"*

*"Alles wat Ek het is joune as jy net vra. Vra My om hulp, vra My om te voorsien en laat Ek jou in My wysheid lei. Op hierdie manier sal jy meer vooruitgang maak in jou lewe. Moenie bang wees om vir hulp te vra nie. Wees eerder bang om op jou eie te loop sonder My beskerming en wysheid. Ja, Ek sal jou beskerm solank jy onder My wil is. Dit is die regte pad om op te wees."*

Prys die Naam van die HERE!

# Oorkom afleiding en ontmoediging

My HEER, ons het u nodig om te oorleef in hierdie wêreld en om te kan doen waarvoor ons gestuur is. Die vyand is te slim en ons is te swak. Gee ons asseblief die krag wat ons nodig het om te kan sien wanneer ons aangeval word en die krag om te kan uitroep om hulp. Amen!

Hoe lief is die vyand nie om sy gemors op ons te stort as ons slaap nie. As jy dan wakker word, dan voel dit of jy twee meter diep in ‘n hoop van gemors begrawe is. Jy voel moeg, uitgewas en net mooi lus vir niks nie. Alles wat jy daarna aanpak is ‘n krisis omdat jy nie behoorlik kan konsentreer nie. Dan is jy sommer kwaad vir almal en alles en jy weet nie waarom nie!

Wat ‘n manier om jou dag te begin! Maar weet dit, liewe leser, Jesus het jou trane gesien en dit het aanklank by die die Vader gevind. Die Vader voel baie jammer vir jou, liewe kind van die HERE.

Hierdie is ‘n wêreld wye aanval op alle Christene op hierdie oomblik regdeur die wêreld. Jy is dus baklei dus nie alleen nie. Ons word baie keer goed swart gesmeer deur die gedagtes en die gebede van die bose mense. Jou gees voel die gewig van dit wat op hom gelaai word en dis waarom jy so neerslagtig word. Dis dan nodig dat ons na die HERE gaan in gebed en vra dat Hy ons ongeregtighede weg was en dat Hy ons reinig van ons sondes. As jy so vra om gereinig te word, dan sal jy dadelik beter voel.

Julle sien, as jy nie vra om gereinig te word nie, sal die vyand aanhou om moedeloosheid op jou te laai tot jy dit nie meer kan dra nie en dan opgee. Die vyand gaan altyd probeer om van jou te steel. Aanvanklik gaan dit lyk soos ‘n onoorkombare berg, maar wees geduldig, prioritiseer jou gedagtes en jy sal oorkom.

Met baie van julle word hierdie proses bemoeilik deur julle perfeksionistiese geaardheid. As alles nie perfek is nie, dan is julle hewig ontsteld. Hierdie kan geklassifiseer word as kompulsiewe gedrag. Die HERE wil julle nie ontmoedig nie, maar julle sal moet leer om te laat gaan en by die HERE se voete te bly.

Wees asseblief bedag daarop, want die vyand gebruik hierdie taktiek om jou van Hom af weg te lok op die voorwendsel dat jy nog net een ding oor het om te doen. Die vyand lok jou dan weg op die voorwendsel dat dit wat jy nog het om te doen vir jou plesier gaan skep, maar dis ‘n leun!

Baie van julle boots julle ouers se stemme na en sê dan vir jouself dat jy kan speel nadat jy met jou werk klaar is. Dis waar dat dit op die meeste mense werk, maar die HERE sê vir jou dat jy ‘n PLIG het! ‘n Plig teenoor Hom en Hy kom eerste! Jou PLIG is om die HERE jou GOD lief te hê met jou hele hart, jou hele verstand, jou hele siel en daarmee saam jou naaste soos jouself. Moet dus nie jou gebed tyd of jou Bybelstudie tyd afskeep en dit terwille van wêreldse plig nie. As jy op die regte pad is, dan sal satan vir jou probeer oortuig dat jy jou Bybelstudie moet doen na jou werk afgehandel is en dat jy jou wêreldse plig meer gaan geniet. LEUENS! Hoe skelm is hy nie!

Om met mense oor die HERE te gesels, hulle aan te help met bemoedigende woorde, die wat siek is te besoek en te sit en luister; basies enige iets wat kan oordra hoe lief die HERE hulle het, tel! En dit kom NIE na jou aardse pligte nie! Kyk net hoe lieg satan vir jou. Hy het dit wat jy van hou om te doen gevat en ‘n verbode bordjie daaroor gehang totdat jou aardse plig afgehandel was!

Die vyand weet maar net te doen hoe om jou skuldgevoelens teen jou te gebruik! Dis hoe hy jou sover kry om op te hou om die HERE te dien met jou hele hart, hele verstand en al jou krag, want aan die einde van die dag is jy so moeg van jou aardse verpligtinge eerste doen, dat die HERE tevrede moet wees met die bietjie wat jy oor

het! So steel satan die meeste van jou dag en los hy net ‘n bietjie oor waarmee jy die HERE kan dien en dan wonder ons waarom ons nie geseën kan word nie...

So steel en manipuleer satan jou om nie te doen waarvoor jy gebore was om te doen nie en gebruik hy jou goeie intensies teen jou. Hy gebruik hierdie eeue oue taktiek al vir jare om mense mee te manipuleer en hy is baie suksesvol daarin!

Onthou julle die storie van Martha en Maria in Lukas 10:38–42? Daardie stukkie is in die Bybel opgeneem sodat die HERE aan ons kan wys hoe die vyand sy tegniek op ons gebruik! Hoeveel van julle het die kant van Marta gekies? Daar was baie mense in die huis en Martha het seker baie gehad om te doen, maar daar was genoeg mense om te help, maar sy wou dit graag perfek gehad het. Martha kon soos Maria by Jesus se voete gaan sit het, maar omdat sy obsessief was en perfeksionisties van geaardheid, het satan haar oortuig dat sy eers alles perfek moet doen vir die HERE, voor sy by sy voete kon gaan sit.

Nou dat julle ‘n praktiese voorbeeld het van hoe die vyand werk, sal julle weet hoe om die slaggat te vermy. Die HERE seën, jou liewe Kind van die HERE. Hy seën jou om deur die valsheid van die vyand kan sien. Die HERE seën jou om te kan optree en satan in sy plek te kan sit terwyl jy fokus om te doen wat die HERE jou geroep het om te doen.

# Hoe ons gedagtes ons kan isoleer van die werklikheid

HEER, U is die geneesheer en U weë is altyd perfek. Ek wil vra dat U ons die gawe van vertroue gee sodat ons ons lewens totaal in u hande sal kan plaas. Amen!

Hoe baie keer wil ons nie ons naasbestaandes help nie en hier kan ek van persoonlike ondervinding praat! Party mense kan ‘n handvol wees: baie mooi en kalm buite om, maar binne in is dit ‘n warrel wind van selfbejammering wat deur die kalmte bedek word. Hulle is soos ‘n draaikolk en as jy nie versigtig is nie; alles uit jou sal uit suig en die vrede in enige huis ernstig kan belemmer.

Hoe graag wil die HERE hierdie mense nie help nie, maar vir dit om te kan gebeur moet die HERE die middelpunt van hulle lewens wees. Hulle hou hulle lewens styf vas; beskermend van enige indringing. Dis waarom hulle so ‘n warrel wind van selfbejammering is, omdat hulle nie wil prys gee wat hulle beskou as hulle enigste beskerming nie. Is die lewe nie interessant nie?

Wat kan ons doen as ons met so iemand kennis maak? Wees lief vir hulle met alles wat jy het, maar moenie toelaat dat hulle jou in hulle realiteit intrek nie. Ja, dit kan hoogs ontstellend wees, veral as jy iemand is wat mense graag wil help.

Elkeen van ons was ook op ‘n stadium van ons lewens so gewees: doelloos en deur ons emosies aangevuur, maar ons was bereid om ons eie sondige bestaan in die oë te kyk. Ons was bereid dat die HERE ons sondes aan ons kon wys en ons was bereid om die HERE in ons lewens toe te laat sodat Hy kan doen wat nodig was. Met ander woorde, die HERE het totale beheer oor ons lewens.

In hulle geval, is hulle nog nie daar nie. Hulle is nie bereid om die die omvang van die wanorde in hulle lewes te erken en dat hulle hulp nodig het nie. Dis waarom hierdie draaikolk binne in hulle is en dit gaan saam met hulle, waar hulle ook al heen gaan.

Liewe Kind van die HERE: vir die HERE om te kan werk in ons lewens, moet jy bereid wees om beheer aan Hom oor te gee. Die HERE kan niks doen as jy nie bereid is om vrye teuels aan die HERE te gee nie. Hierdie feit word onderstreep in Mattheus 16:25: *"Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."*

Wat meer kan 'n mens sê?

Jesus gaan voort: *"My Kinders, julle gaan siele langs julle lewenspad ontmoet wat in voortdurende verwarring en chaos leef. Hulle lewens voer hulle van een krisis na die ander en dit bring geweldige wanorde in hulle eie lewens. Hulle kan baie mooi en liefdevol aan die buitekant wees, maar binne is hulle gevange in 'n draaiende draaikolk van probleme waaruit hulle nooit blyk te kom nie."*

*"Die probleem is gewilligheid. Hulle kan hulle lewens aan My oorgee en so werklik weer gebore word; of hulle kan niemand vertrou nie en vasklou aan dit wat hulle het om lewe en dood. Julle moet verstaan dat My hart bloei vir hierdie mense en dat Ek rou vir elke geleentheid wat gemis word om hulle te help. Ek wil hulle so graag help, maar dan moet hulle bereid wees om te laat gaan. Ongelukkig is hulle nie bereid nie. Hierdie is diegene wat nooit sien wat hulle kon gewees het en hoe baie die vyand van hulle steel nie omdat hulle lewens 'n voortdurende draaikolk van probleme en verdedigende denke is."*

*"Baie van julle kom uit so 'n agtergrond, maar julle was bereid om julleself aan My te gee en nou is julle nuwe skepsels. Julle was bereid om totale beheer aan My oor te gee. Elkeen van julle is geskape om*

*anders te wees en dit is deur daardie verskille dat ek julle gereed maak vir die Hemel."*

*"Wat Ek hulle kan bied is so 'n bedreiging vir hulle stelsel van verdediging dat hulle gedurig van My af weghardloop. Ek voel niks anders as jammerte vir hierdie siele nie, veral vir die wanorde wat hulle in ander se lewens veroorsaak. Natuurlik sien hulle nie die chaos wat hulle veroorsaak nie, want hulle emosies is opgesluit in 'n draaikolk van self verdediging en beheptheid met hulle self wat net terugkaats wat hulle graag self wil sien."*

*"My liewe Kinders; tensy julle bereid is om julle lewens aan My oor te gee, sal julle dit verloor. Ek bedoel nou nie deur die dood nie, maar deur die feit dat jy jou aardse roeping nooit sal voltooi nie. Tensy jy bereid is om totale beheer aan My oor te gee, gaan dit wat jou beheer, jou beheer vir die res van jou lewe."*

Ek wil hier graag byvoeg dat ek self groot opofferinge vir die HERE gemaak het, maar vandag weet ek dat as ek daardie opofferinge nie gemaak het nie, sou ek nooit met Suider Kruis begin het nie en sou ek nie hierdie boodskappe vir julle kon gebring het nie. Ons sien nie altyd wat die uitkoms van ons opoffering is nie, maar weet dit dat daar altyd iets goed uit sal kom. Ek weet byvoorbeeld glad nie hoeveel siele gered is deur my boodskappe of hoeveel mense ek op die regte pad gehelp het nie, maar ek weet dat dit wat ek doen vir die HERE van onskatbare waarde is en dat my beloning vir my wag!

Die opofferinge wat ons baie keer moet maak, mag miskien lyk asof dit onregverdig en onmoontlik is om te doen, maar dit is glad nie so nie. As jy eers daardie opofferinge gemaak het en jy begin terug kyk na hoeveel mense jy gehelp het en hoe jou lewe verander het, dan besef jy waarom dit nodig was om daardie opoffering te maak.

Ek wil graag afsluit deur vir julle wat voor die keuse staan om veranderings te maak te bid. Mag die HERE julle die krag gee om te

verander wat julle kan, te aanvaar wat jy nie kan verander nie en die wysheid om die verskil te ken!

Prys die Naam van die HERE!

# As jy maar net kon sien wat Ek sien

Ek wil vandag bid en vra vir wysheid, liewe HEER. Ek wil vra dat U ons die krag sal gee om aan U hand vas te hou, ongeag wat gebeur en dat ons net op U sal vertrou. Amen!

Iemand het die week vir my die volgende rema boodskap gestuur: *"Hou vas, Ek is by jou, spreek die HERE! As jy maar net kon sien wat Ek sien, sou jy My eerder vertrou en met die een hand vashou!"*

Julle weet, om die stem van die HERE op so 'n manier te hoor roer iets binne in jou, want baie mense dink dat as jy die Woord van die HERE bedien, dan is jy volmaak, maar dis glad nie so nie. Ek is maar net 'n gewone mens wat genade by die HERE ontvang het net soos julle. Ek struikel en val oor dieselfde dinge as julle. Baie keer is die boodskappe wat ek bring meer op my van toepassing as vir julle, maar ek bring dit nogtans vir julle, want so kan ek ander ook help.

Ek werk vir myself. In Maart en April het ek die beste twee maande ooit in my besigheid gehad, maar sedert Mei maand is dit asof iemand 'n kraan toegedraai het. Die geld het al hoe skaarser geword tot waar ek nou is en net genoeg het om my oor die drumpel te vat. Nog erger het my kar die gees gegee en moes ek hoed in die hand by die bank gaan staan om 'n ander een te koop. Die herstel werk sou my net te veel uitgewerk het om die ou motor te laat herstel.

Gewoonlik as dinge so erg gaan dan kan jy verseker wees jy word getoets. In die leerskool van die HERE leer ons elke dag lesse om ons gereed te maak vir die Hemel, maar hierdie lesse gaan geen doel dien as daar nie 'n eksamen op volg nie. Ons moet tog immers kan wys dat ons die lesse geleer het en dat ons die werk verstaan. Die HERE kan jou nie bevorder in Sy koningryk as jy die lesse nie verstaan of die eksamen nie slaag nie. Slaag jy, dan beweeg jy aan en

kry jy moeiliker lesse om te leer, maar eers moet jy kan wys dat jy die makliker werk verstaan.

Dan kom satan en fluister leuens in my oor en dan bekommer ek my oor my finansies! Op verskeie geleenthede as ek my Bybel oopslaan, dan slaan dit oop by daardie gedeelte oor bekommernisse. (Mattheus 6:25-34) Dan gaan dit vir 'n rukkie beter, maar ook net 'n rukkie.

Eendag toe satan weer kom met sy leuens, toe gaan staan ek stil en sê: *"Die HERE het my hier in gekry en Hy kan my weer hier uit ook kry!"* Ek kan julle een ding sê; sekelstert het niks hiervan gehou nie! Toe probeer hy sy geluk op 'n ander manier en dit is om die verhouding tussen my en my familie te versuur. Aanvanklik het dit gelyk of hy sou wen, maar dit het net so gelyk, want die ons verhouding is nou sterker as ooit!

So word jy getoets, liewe leser, en die HERE laat dit toe! Dis die enigste manier om uit te vind of jy waardig is vir dit wat die HERE vir jou wil gee. Maklik is hierdie toetse nie, maar agterna wys die HERE jou waarom daardie toetse nodig was. Julle moet weet dat die HERE jou nie met 'n miljoen rand kan vertrou as jy nie eers met 'n duisend rand kan werk nie. Dis waarom die toetse daar is: om te kyk of jy gereed is vir meer!

Daarom liewe leser, as jy vind dat dinge vir jou te veel raak, ondersoek die moontlikheid of jy nie dalk getoets word nie. Hierdie toetse kan lank of kort wees. As jy jonk in die geloof is, dan is die toetse maklik, maar hoe verder jy vorder hoe moeiliker en langer word die toetse. Een ding moet julle weet; jy sal NOOIT bokant jou kragte getoets word nie!

As jy vaal, moet jouself dan nie skop nie. Leer uit jou foute, bely hulle voor die HERE en probeer dan weer.

In alles is dit uiters belangrik om te onthou dat die HERE verder in die pad af kan sien as ons. Hy laat toe dat satan ons versoek, maar met ‘n goeie rede. Solank jy aan die Vader se hand vashou sal jy getoets word, maar dan sal dit makliker gaan as wat jy hierdie toetse op hulle eie probeer deurstaan. Onthou, die HERE sien groot dinge in ons toekoms vir ons, maar dan moet jy eers bewys dat jy die klein goedjies kan baasraak.

Bid vir wysheid, liewe leser, en as jy getoets word, ag dit loutere vreugde! Prys die HERE!

# <u>Die vyand se gewildste teiken</u>

Here Jesus, help ons asseblief om nugter en waaksaam te wees, wetende dat die vyand se primêre doel is om ons deur middel van leuens van U te skei. Help ons om sy streke te herken en van hulle te kan wegdraai in volle vertroue in U. Amen.

Baie keer as ons vergifnis vra vir ons oortredinge, dan wonder of dinge werklik so maklik is. Dan vra ons: Net so? So maklik? Is daar nie iets wat ek moet doen om die vergifnis te verdien nie? Maar die antwoord is nee; jy hoef niks te doen nie; beweeg net aan!

Vir die van julle wat wonder of julle werklik vergewe is, vra die HERE: *"Is jy jammer oor wat jy gedoen het? Want Ek het gekom om die wêreld te red, nie te veroordeel nie."* (Johannes 3:17)

Ons almal moet op 'n daaglikse manier gered word; almal van ons en moet dit nooit vergeet nie. Eerder as om jouself te skel en allerhande veranderlike name te noem, soos 'dom' of 'idioot', herinner jouself dat jy nie anders is as ander nie en dus foute maak.

As jy hierdie kan verstaan, dan sal jy nie so kwaad wees vir jouself as jy foute maak nie. Jy sal dan eerder net sug en sê: "Here ek is so jammer!" Dan sal jy jouself aanvaar soos jy is sonder die selfhaat, want die selfhaat houding wat jy voel kom van 'n houding van trotsheid. Iemand wat trots is, dink hy is beter as almal en dat jy nie foute behoort te maak nie.

Weet julle hoe seer dit die HERE maak as ons aan Sy Woord begin twyfel? Kom ons kyk hoe dit gebeur. Jy kom uit gebed uit, ten volle toegerus en bereid om vorentoe te beweeg, vol geloof en oortuiging dat wat voor jou gestel is, moontlik is - met die HERE se genade.

Dan slaan jy 'n struikelblok. In die meeste van gevalle is dit moegheid en frustrasie met iets onbenulligs. Teen hierdie tyd staan

die vyand klaar gereed en wag vir jou om jou hoede te laat sak sodat die pyl van ongeloof jou verdediging kan binne dring. As jy in jou gedagtes nog sê hoe moeilik dit is, dan dit nie kan werk nie en wonder of jy dit ooit sal regkry, dan is die pyl reeds afgevuur en daardie pyl sal in jou hart bly; vol dodelike gif van ongeloof.

Julle sien, ons motivering om te lewe rus op die geloof dat die HERE sal voltooi wat Hy in ons begin het. As die vyand daardie geloof wat jy het kan ondermyn, gaan die deur oop wees vir die demone van mislukking, ongeloof en argumente teen wat die HERE belowe het Hy sal doen. So hol die vyand jou van binne af uit en elke slag as jy 'n terugslag kry daarna, vloei geloof uit jou uit en neem ongeloof sy plek in. So word jy ten volle oortuig dat jy iets nie kan doen nie of dat jy nie geskik is om dit te kan doen nie. Soos die gif van ongeloof posvat, word die beloftes wat die HERE aan jou gegee het opgelos in hopeloosheid. Die enigste manier om hieruit te kan kom is om die pyle in vlug te verslaan.

Hier wil ek net byvoeg dat ek al op geleentheid so versoek was. Al wat jy kan doen is om vas te hou aan die HERE se beloftes. Ek het na die HERE toe gehardloop en gesê dat die HERE my nie 'n pad sal laat loop as Hy dit nie klaar geloop het nie! As die HERE jou in 'n situasie kan inkry, liewe leser, dan kan Hy jou daar uitkry ook! Moenie moed verloor nie. Moenie vir satan die satisfaksie gee dat hy gewen het gee nie! Jou lewe mag miskien in jou oë 'n gemors wees, maar weet dat jy God se gemors is en Hy sal dit sal uitsorteer in Sy tyd. Eendag sal jy langs die HERE staan, Sy werk in jou volmaak! Klou vas aan daardie belofte!

Hou op om te erken dat jy 'n mislukking is, want daardeur erken jy dat die HERE nie 'n waarmaker van Sy Woord is nie. Ja, jy spreek Godslasterlik as jy dit doen, want jy erken dat alhoewel God die onmoontlike kan doen, daar dinge is wat Hy nie kan doen nie! Dis

waar die rubber en die pad mekaar ontmoet en waarop dit neerkom, liewe leser!

Ons werk is om te glo en om die HERE se eer te verdedig. Moenie toelaat dat die vyand die HERE se goeie naam oneer aan doen met ongeloof nie!

*"Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring? Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het."* (Johannes 6:28-29)

Om af te sluit, dis net natuurlik dat ons verstrengel raak in wêreldse dinge en daardeur vertroue in die bonatuurlike verloor. Dit gebeur so subtiel dat jy dit nie eens agterkom nie. Na 'n dag of twee sonder gebed, verswak jy en dan stel die vyand die hinderlaag. Wees bedag hierop, liewe leser.

Prys die Naam van Jesus!

# Die keuse om in God te glo

Die lewe is 'n eindelose ry keuses. In die oggend as jy opstaan kies jy om in 'n goeie bui of in 'n slegte bui te wees. Jy kies of jy jou tande gaan borsel, jou hare gaan was of gaan skeer as jy opgestaan het. Jy kies om ontbyt te eet of nie.

Met hierdie ingedagte gaan ek vir julle ‘n storie vertel. Daar was 'n man wat al by verskeie restaurante gewerk het as ‘n bestuurder. Wat hom laat uitstaan het bo al die ander was sy ongelooflike uitkyk op die lewe. Hy het altyd vir almal gesê dat die lewe 'n eindelose ry keuses is. Die keuse is altyd joune en niemand kan dit van jou wegvat of namens jou maak nie.

So gebeur dit een aand dat hy vergeet om die agterdeur van die restaurant te sluit voor by begin om die kasregister af te sluit vir die aand. Twee rowers het by die agterdeur ingekom en hom aangehou met vuurwapens. Hulle het hom geforseer om die kluis oop te maak. Terwyl hy met die kluis besig was, het een van die rowers paniekerig geraak en die man drie keer deur die rug geskiet.

Hulle het gedink hy is dood en het hom net daar gelos. Terwyl hy egter daar op die vloer gelê het, het hy 'n keuse gemaak om nie op daardie vloer dood te gaan nie. Gelukkig het iemand hom kort daarna gekry.

Terwyl die ambulans personeel op hom gewerk het, kon hy hulle oë sien wat hulle ding en dat alles net ‘n kwessie van tyd is. Toe hulle hom later in die hospitaal instoot het die verpleegpersoneel hom ook so aangekyk asof dit sy laaste oomblikke is. 'n Fris geboude verpleegster het bevele vir die ander geskreeu terwyl hulle op hom gewerk het.

Skielik het sy na hom gekyk en gevra: *"Is jy allergies vir enige iets?"* *"Ja,"* het hy geantwoord. Almal het soos een man opgehou om aan hom te werk; wagtende op sy antwoord. *"Ek is allergies vir koeëls!"* het hy geantwoord. Almal het uitgebars van die lag. Hy het gesê dat hulle aan hom moet werk asof hy gaan lewe, want hy het klaar die keuse gemaak dat hy gaan lewe. Hy het ook oorleef. Ten spyte van die ernstigheid van sy wonde het hy ‘n volkome herstel gemaak.

Soos julle kan sien; jou uitkyk op die lewe en die keuses wat jy maak, speel 'n kardinale rol in elke mense se lewe. Ons wonder baie keer wat die Here vir ons wil hê of wat Sy doel met ons is. Die waarheid is dat dit wat jy vir jouself wil hê, is wat God vir jou wil hê.

Satan gaan vir jou enige iets vertel om jou onder te kry: jy is nie goed genoeg nie, mense gaan vir jou lag... LEUENS! Jy is ‘n kind van die Koning van die Heelal en dit maak van jou ‘n Prins! Niks is vir ‘n Prins van die Heelal onmoontlik nie, want jy hoef net op jou knieë te gaan vir Koning Pa te vra en Jy SAL ontvang!

Die HERE is die hele tyd met ons en Hy praat die hele tyd met ons, maar ons hoor Hom nie altyd nie. Daardie idees wat by jou opkom wat jy geen idee het waar dit vandaan kom nie, dis die HERE wat met jou praat. Hy het jou toegerus met ‘n hele reeks van talente. Elkeen van Sy kinders het daardie talente, so moenie dat satan jou ander probeer oortuig soos dat jy geen talent het nie. Jy het!

Iemand het eenslag vir my gesê: "God help die wat hulleself help!" Ek het lank gesukkel om die een te verstaan, maar dis eintlik eenvoudig. Vra vir wat jy nodig het en gaan dan en gaan haal dit. Dis geloof! Vertrou op die HERE, want Hy sal jou nooit in die steek laat nie! Ek kan vir julle baie getuienisse gee wat dit gaan bewys, maar dan gaan hierdie gedeelte hopeloos te lank word! Ja, daar is so baie! Van kere waar my besigheid tegnies bankrot was en daar geen manier was waar ek daaruit sou kom nie, maar dan gee die HERE my skielik meer geld as wat ek weet wat om mee te maak!

Tien jaar gelede het ek 'n nuwe motor gesoek, want die ou een was klaar. Ek het vir maande daaroor gebid, maar niks het gebeur nie. Een Saterdag oggend het my vrou vir my gesê dat ons moet gaan kyk wat beskikbaar is. Ek het na die eerste motorhandelaar gery wat ek aan kon dink en vir ons 'n tweedehandse motor gekoop wat nog net een eienaar gehad het. Sommer net so!

Hierdie jaar het dieselfde gebeur. Die motor wat ek tien jaar gelede gekoop het, het ingegee en dit sou etlike duisende kos om reg te maak. Ek en my vrou het vooraf besluit op die motor wat ek wou hê. Ek het vir die HERE gevra, vir Hom gesê wat ek nodig het en daarna het ons gaan kyk. Hierdie keer het ek ‘n nuwe motor en ek weet dat die HERE die fondse gaan beskikbaar stel vir my om dit te kan betaal!

Liewe lesers, vat die HERE by Sy Woord! Onthou, Hy is nie ‘n mens wat kan lieg nie! Vra en daar sal vir jou gegee word! Gebruik daardie man wat ek julle van vertel het wat geglo het hy gaan lewe, ten spyte van alles wat teen hom was. Dis geloof!

Prys die HERE van Hemel en Aarde!

# Die Heilige Nagmaal

In al die jare wat ek vir julle boodskappe bring kan ek nie onthou dat ek al ooit oor hierdie gedeelte van die HERE se Woord geskryf het nie... Regdeur ons land word nagmaal elke laaste Sondag van die maand gevier, maar min besef die werklike betekenis daarvan.

Ek gaan begin deur te sê dat nagmaal nie net beperk is tot ons kerke nie. Julle mag dit elke dag gebruik as julle so voel. Laat die HERE jou lei tot die gebruik daarvan, want deur die gebruik van die nagmaal hernu ons die kontrak tussen ons en die HERE wat deur Hom begin is. Die nagmaal is ook 'n versterking van gees en dien ook as 'n reiniging, want die bloed van die HERE reinig ons van alle sonde.

Wat het ons nodig om nagmaal by die huis te kan nuttig? Eerstens, brood of enige iets wat brood kan voorstel. Dit kan 'n sny brood wees, 'n broodrolletjie, selfs beskuitjies van een of ander aard. U hoef nie op die letter af te gaan en net brood te gebruik nie. Dieselfde met die drank. Dit kan wyn wees, maar dit kan ook druiwesap wees of wat u ook al in die huis beskikbaar het; selfs water as dit daarop neerkom.

Nou dat ons al die bestanddele het, kom ons kyk wat sê die Bybel. Die nagmaal word in al die Evangelies beskryf, maar ek hou die meeste van die weergawe wat in 1 Korintiërs 11:23-29 opgeteken is. Kom ons lees saam:

*"[23] Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; [24] en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. [25] Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. [26] Want so*

*dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. [27] Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. [28] Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. [29] Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie."* (1 Korintiërs 11:23-29)

Die eerste gedeelte in verse 23 tot 24 is voor die hand liggend. Die neem van die brood is ter gedagtenis aan die HERE se kruis dood, maar dis die tweede gedeelte wat die meeste betekenis inhou. Om daardie betekenis te kan verstaan, gaan ons moet kyk na 'n ou Joodse gebruik.

Wanneer 'n jong man in Jesus se tyd met 'n jong vrou wou trou het hy 'n huwelikskontrak of 'n verbond opgestel vir voorlegging voor die jong meisie en haar vader. Die huwelikskontrak was 'n teken dat hy bereid was om vir haar te sorg en dit het ook die terme van die huwelik bevat.

Die mees belangrikste gedeelte van hierdie huwelikskontrak was die prys wat betaal moes word vir die vader se toestemming om met die jong meisie te mag trou. Die prys wat uit die aard van die saak baie hoog omdat seuns geag was om meer werd te wees as dogters omdat hulle fisies sterker was en dus meer met die plaaswerk kon gehelp het.

Die prys was dus 'n vergoeding vir die meisie se familie vir die seun wat hulle nie gehad het nie, maar ook vir die koste wat hulle aangegaan het om haar groot te maak. Die prys het laastens gedien as teken van die jongman se liefde vir die meisie. Die meisie was uit die aard van die saak baie waardevol vir die jongman! Die jongman sou na die huis van die meisie toe gaan om sy huwelikskontrak en die prys aan die meisie en haar vader aan te bied.

Jesus het na die huis van sy bruid, die wêreld, gekom om sy huwelikskontrak aan die wêreld voor te lê. Die huwelikskontrak is die Nuwe Testament wat voorsiening maak vir die vergifnis van sondes. Nou sal julle verstaan wat die gedeelte in 1 Korintiërs 11:25 beteken: *"Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed;"* Die prys het Jesus betaal deur sy lewe vir sy bruid af te lê.

Die terme van die huwelikskontrak word in Hebreërs 8 uiteengesit: *"[8] ...Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, [9] nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipte land uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. [10] Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. [11] En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. [12] Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie."*

Die prys wat vir die bruid betaal is word in die volgende skrifgedeeltes genoem:

1 Korintiërs 6: 20 *"Want julle is duur gekoop."*

1 Petrus 1:18-19 *"[18] omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, [19] maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,"*

As die prys wat die jongman wil betaal vir sy bruid, aanvaarbaar was vir die vader van die bruid, dan het die jongman 'n glasie wyn vir sy bruid gegooi. As die jong meisie die wyn drink, dan beteken dit dat

sy die huwelikskontrak aanvaar. Van hierdie punt af sal die jongman en die jongmeisie verloof wees.

Jesus het met die Nagmaal vir sy dissipels wyn geskink en hulle het die wyn gedrink as teken dat hulle die huwelikskontrak aanvaar. Deur die nagmaal te gebruik aanvaar ons dus die HERE se huwelikskontrak. Ons is dus wettiglik verloof aan Hom en daardeur Sy Bruid! Verstaan julle?

Met laasgenoemde ingedagte, sal julle nou verstaan waarom die laaste gedeelte van Korintiërs 11: 27-29 so verdoemend is. Ek verwys nou na die gedeelte wat sê dat jy skuldig sal wees aan die bloed van die HERE en dat jy 'n oordeel oor jouself eet en drink. Dis omdat jy die kontrak wat die HERE daargestel het nie ontsien nie en geen respek het vir die prys wat daarvoor betaal is nie. Verstaan julle? As jy dus iets teen jou naaste het, bid vir vergifnis voor jy nagmaal gebruik of nog beter, moenie nagmaal gebruik voor jy nie gaan regmaak het nie.

Onthou, dis nie nodig vir enige een van ons om te wag vir ons kerke om nagmaal te begin nie. Ons mag dit by die huis ook gebruik. Om die waarheid te sê, die HERE sê in Sy Woord dat ons dit so dikwels as wat ons kan moet gebruik. Daar gaan niks verkeerd daarmee wees as jy elke dag nagmaal gebruik nie. Gebruik dit tot die HERE se nagedagtenis.

Prys sy wonderlike Naam!

# <u>Waarom is daar skielik so baie teenstand?</u>

Sommige van julle sou seker al gevoel het hoeveel weerstand daar skielik in die lug is. Dis soos om deur ‘n moeras te loop waar die water tot om jou nek is. Mens kom tot op ‘n punt waar jy sê: “HERE, ek kan dit nie alleen doen nie.”

Dis altyd ‘n goeie ding om te sê: *“HERE, doen jy dit, want ek kan nie.”* Die HERE antwoord altyd op ‘n nederige versoek soos dit.

Deel van die probleem is natuurlik moegheid, maar dis nie fisiese moegheid nie, dis geestelike moegheid. Daar is kere wat mens vra: *“HERE, is jy nog daar? Doen ek nog die regte ding?”*

Dis dan wanneer die HERE ingryp en jou laat weet dat Hy met jou is en altyd met jou is. Hy sal nou nooit alleen laat nie; nie eers vir een sekonde nie! Hierdie is ‘n donker tyd wat ons nou betree in die geskiedenis van die mens, want baie word teruggehou deur die opofferinge wat ons maak. Dis waarom dinge op die oomblik so donker lyk.

Hierdie is die tyd waarin ons leef. Die donkerte is aan die toeneem. Satan is besig om sy planne vir hierdie wêreld in plek te kry en ons is dié wat letterlik terughou. Ons is in stryd; ‘n stryd vir Jesus en wanneer ons vir Jesus baklei is Hy ongelooflik trots op ons. Ongelukkig is ons mens en ons twyfel en dan vra ons: *“Is Hy weg?” “Waar is die salwing?” “Wat gaan aan?”*

Weet dit liewe Kind van die HERE; dis wanneer dinge op sy donkerste is dat die HERE gaan doen wat Hy belowe het, maar Hy het ons samewerking nodig. Moenie dat hierdie tydelike skeur van ongeloof enigsins groter word nie. Die HERE wil hê dat ons moet glo dat wat Hy gesê het gaan gebeur, maar net as ons glo. Hou vas aan

die droom, want ons het nog nie opgehou klim teen die berg uit nie. Die HERE weet dis moeilik, maar ons moet uithou.

Die HERE gebruik ons swaarkry om die planne van die vyand in die wiele te ry. Die vyand kan natuurlik nie verstaan waarom daar so baie weerstand teen hulle planne om hierdie wêreld oor te vat, is nie. Soos ons swaarkry, sukkel hulle nog meer en dit is baie ontmoedigend vir hulle.

Die swaarkry wat ons voel is direk in vergelyking met dit wat die vyand voel, maar vir hulle is dit net baie erger. Ons ontberinge word gebruik om die vyand se planne te vertraag en deurmekaar te krap sodat hulle die hele tyd moet vaal. Ongelukkig verstaan hulle dit nie en hulle hou ook nie op met probeer nie.

Vermenigvuldig dit nou met al die Christene om die wêreld en julle sal verstaan wat se mag van teenstand teen satan se planne ons van praat! Dis waarom die kerk van die HERE weggeraap moet word voor die Antichris sy planne ten volle kan laat geld. Alles hang af van daardie voorval en ons hou op hierdie oomblik die mag van donker terug.

Die HERE sê dat ons nie terneergedruk moet word met die gewig wat ons dra nie. Hy het ons voorberei vir hierdie uur en ons sal triomfeer oor die donkerte. Hy sal volbring alles wat Hy belowe het oor elkeen van ons lewens. Hy sal voorsien wat ons nodig het om die volgende stap te kan neem.

Moenie jou oggend gebed afskeep nie. Drink van daardie fontein in die oggend voor jy probeer om jou dag aan te pak en jou dag sal baie meer gladder verloop. Moet ook nie jou nagmaal agterwee laat nie. Hierdie is die twee grootste vorms van beskerming wat jy kan kry en dit sal die vyand se planne vir jou vir die dag ernstig laat kort sluit!

Jesus gaan voort: *“My kosbare kinders, moenie toelaat dat die vyand jou geloof ondermyn nie en moenie moedeloos raak nie. Kom eerder na My toe vir jou krag. Verstaan, dat met elke stryd wat jy veg, die vyand vertraag word. Hou vas aan My met al jou krag en as dit lyk asof jy dit nie meer kan hou nie, onttrek jou vir eers na My toe sodat ek jou vrede kan herstel. Ons sal die oorwinning in alle dinge hê. Wat ek belowe het, sal Ek doen."*

Prys die wonderlike naam van Jesus!

# Die gelykenis van die onvrugbare vyeboom

Baie van wat Jesus vir ons doen, is ons nie eers bewus van nie. Ons weet byvoorbeeld glad nie hoe baie Jesus vir ons intree voor God die Vader nie. Wanneer God die Vader ons wil straf oor die hardheid van ons harte, dan tree Jesus in.

Ek het hierdie gedeelte 'n paar dae gelede in Lukas 13:6-9 gekry gedurende my oggend gebed: *"[6] En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie. [7] Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar? [8] Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. [9] As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom ander jaar uitkap."*

Hoe baie keer oordeel ons nie en vra waarom 'n sekere iemand nog op aarde is nie? Kom ons wees eerlik; ons almal doen dit. Jy wonder dan of die wêreld nie 'n beter plek sal wees sonder daardie persoon nie. Wat dink julle sou gebeur het as die HERE dit van ons gedink het? As Hy gewonder het waarom Hy Sy tyd en energie moet mors op iemand wat die hele tyd weier om die regte ding te doen?

Julle weet, dis juis wat ons so uniek maak; ons vryheid van keuse. Voor ons die vrye keuse gemaak het om die HERE te volg, het ons ook die grond rondom ons onvrugbaar gemaak. God die Vader wou ons al baie keer uitkap en in die vuur gooi, maar dan kom Jesus in en sê: *"Pa, nie nou al nie. Laat Ek eers rondom hom spit en hom bemes en as hy volgende jaar nie wil dra nie, dan kan Ons van hom ontslae raak."*

Is die liefde van onse HERE nie ongelooflik nie? Hoeveel kanse dink jy het elkeen van ons nie al gehad nie? Hoeveel keer is die grond om ons nie los gespit en ons met krag van bo toegerus nie? Ons verdien nie die genade wat op ons uitgestort word nie, tog gee die HERE dit aan ons omdat Hy ons oneindig lief het.

Liewe leser, wees dus geduldig met die om jou wat nie op dieselfde vlak as jy is nie. Onthou dat die HERE geduldig was met jou tot jy begin het om te groei. Hy het God die Vader gekeer om jou uit te kap. Wys nou vir die HERE dat jy ook geduldig kan wees, selfs al is die uiters moeilik!

Prys die HERE!

# Meld aan vir diens!

Nou die dag by ’n partytjie, loop ek ’n ou raak met ’n baie interessante storie oor die krag van gebed. Ek kan nie sy naam onthou nie so kom ons noem hom sommer Piet.

Piet was glo destyds in die spesmagte en het eers later in sy lewe tot bekering gekom. Ek kon duidelik sien die ou doen niks half nie. In sy oë was hy nou deel van God se spesiale magte; ’n recce vir Jesus.

Die tipe ou wat almal in ’n hysbak sou stil maak en iets sê soos: *“Die hysbak gaan nou op. Maar sê nou die kabel breek en die hysbak gaan skielik af... gaan jy op of af?”* En dan nooi hy almal om hulle saak met die Here net daar reg te maak. Hy was ‘n vreemde ou, maar hy het iets van die koninkryk verstaan. Hy vertel my toe die volgende storie.

‘n Groep Christen sakemanne het elke Woensdagaand saam gebid. Een aand nooi hulle vir Piet om ’n kort boodskap te bring en hulle in gebed in te lei. Na hy uit die Bybel gelees het gee hy ’n kort boodskap en vra toe of daar enige gebedsversoeke is. Die een sakeman staan dadelik op en sê hulle moet asseblief vir Saartjie bid. Die ander stem saam, almal het gehoor wat met haar gebeur het.

Saartjie was ’n maatskaplike werker wat letterlik haar hele lewe gegee het om mense in hulle nood by te staan; ‘n ware sendeling in die gemeenskap. Sy het ’n nederige lewe geleef; gewoon in ’n klein woonstelletjie en vir jare lank met dieselfde ou Volla gery. Nou is daai einste Volla gesteel en sy het nie versekering nie. Hulle moet asseblief nie vergeet om vir Saartjie te bid nie, sê die sakemanne.

Piet sê hy het die storie só gekyk en al meer ongemaklik begin voel.

*“Waarvoor moet ons nou eintlik vir Saartjie bid?”* vra hy, *“Moet ons bid dat God vir haar ’n kar uit die hemel uit beam?”*

Die manne het hulle koppe geskud en gesê dat hulle nie mooi verstaan nie. Piet het gesê hy sal verduidelik, maar eers moet elkeen sê hoeveel karre hy besit. Tussen die ongeveer vyftien sakemanne was daar meer as veertig karre, vertel Piet. Hy het, in sy eie woorde, amper self iets oorgekom toe hy dit hoor, maar homself eerder ingehou en probeer verduidelik soos hy beloof het.

*“Vanaand gaan ek julle ’n spesiale soort gebed leer, en ek waarborg dat God dit gaan antwoord,”* sê hy en haal die vers in Jakobus aan wat sê, julle kry nie omdat julle nie bid nie, en as julle bid kry julle nie omdat julle net julle selfsugtige begeertes wil bevredig. *“Vanaand gaan ons bid asof óns vir God werk, en nie Hy vir ons nie. Ons gaan aanmeld vir diens. En vir Hom vra wie van ons vir Saartjie ’n kar moet gee.”*

Die manne was skielik doodstil.

Piet sê hulle het daai aand nie lank gebid nie, toe antwoord God hulle gebede. En so gebeur daar toe ’n wonderwerk in Saartjie se lewe. Sy was glo juis self besig om te bid in haar woonstel - ’n klaaglied - toe daar skielik laat daardie aand ’n klop aan haar voordeur is. ‘n Vreemde man wat sy nog nooit gesien het nie, het haar vriendelik gegroet en ’n bossie sleutels in haar hand gesit. Het nie gevra of sy gou saam met hom ’n foto’tjie sal neem vir die sendingblad nie - nie eers gesê wat sy naam is nie. Net gesê die kar is van God af, hy stuur die papiere, en toe omgedraai en weggeloop.

Saartjie se klaaglied het in 'n loflied verander. God het haar nood raakgesien. Hy het haar gebed verhoor, vertel sy die volgende dag vir almal wat sy tee kom.

Iemand het eenkeer gesê, gebed is nie ’n poging om God se wil te verander nie, maar om Sy wil te leer ken. Iemand anders het gesê, om te bid is om aan te meld vir diens.

Die Nuwe Testament leer ons dat die gunsteling instrument waardeur God sy wil op aarde wil laat geskied, Sy liggaam is; Sy mense. Suid Afrika kan 'n ander plek wees as God se mense, elke keer wanneer hulle bid, ook sommer aanmeld vir diens.

Prys die HERE!

## Hoe kan ek verseker weet dat ek gereed is vir die wegraping?

Baie mense dink dat as hulle Christus ken, hulle outomaties weggeraap gaan word die dag as dit gebeur. Op soortgelyke wyse dink baie ook dat as hulle tot bekering gekom het, hulle weggeraap gaan word.

Hierdie is die boodskap wat is sovele kerke verkondig word: bid-hierdie-gebed-en-alles-is-skielik-outomaties-reg, maar daar word vergeet van die werke en dat ons aan Christus moet behoort. Gevolglik kom baie mense tot bekering, maar hulle wys nooit die werke nie en hulle behoort nooit aan Christus nie. Hulle ken die HERE slegs by naam! So word daar 'n verwagting by mense geskep dat hulle gereed is vir die wegraping, maar in der waarheid is dit glad nie so nie!

Kom ons kyk na stap een om te verseker dat jy gereed gaan wees vir die wegraping. Ons gaan kyk na wie waardig gaan wees om weggeraap te word en dit vind ons in 1 Korintiërs 15:22-23 *"Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms."*

Let veral op na die woorde die wat aan Christus behoort en onthou dit asseblief vir my. Wat moet 'n mens doen om aan iemand te behoort? Behoort jou vriende wat jou ken aan jou? Natuurlik nie, want hulle ken jou net. Behoort iemand vir wie jy lief is aan jou? Baie beslis ja, want jy is lief vir daardie persoon en jy sal deur vuur stap vir daardie persoon! Sien julle die verskil?

Nou kom ons by die vraag: ken jy die HERE of behoort jy aan Hom? Baie mense ken die HERE. Hulle gaan gereeld kerk toe, bid vir die

wat siek is, gee vir die armes, lewe ‘n goeie lewe, pla niemand nie; in kort, hulle is goeie mense. Hierdie mense ken die HERE, maar hulle behoort nie aan Hom nie.

In Mattheus 7:21-23 sê die Jesus vir ons die volgende oor hierdie groep mense: *“[21] Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. [22] Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? [23] En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!”*

Let vir my op na die woorde hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Nou gaan ons weer terug na punt een. As jy lief is vir iemand en jy behoort aan daardie persoon, sal jy nie daardie persoon wil gelukkig sien nie? Sal jy nie alles in jou vermoë doen vir daardie persoon nie? Natuurlik sal jy! As jy dus aan Jesus behoort, dan sal jy outomaties die Wil van die Vader wil doen! Begin julle die verskille sien teenoor die wat net die HERE ken en die wat aan Hom behoort?

Begin julle nou verstaan wat nodig is om weggeraap te word? Om te sê dat jy Christus ken en te glo in Hom, gaan jou nie red nie! Jy moet aan Christus behoort en  jy moet die wil van die Vader doen! Prys die Naam van Jesus!

Hokaai! Wag ‘n bietjie! Wat is die Wil van die Vader? Die Wil van die Vader word vir ons gegee in Mattheus 22:37-39 *“[37] En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die eerste en groot gebod. [39] En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*

In Lukas 6:46 sê Jesus: *"En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?"* en in Johannes 14:15 sê Hy ook: *"As julle My liefhet, bewaar my gebooie."* In Johannes 15:10 sê Jesus verder: *"As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly."*

Begin julle verstaan wat nodig is? Jesus sê vir ons, dat as ons Sy gebooie bewaar, dan kom ons alles na wat Hy ons beveel het om te doen, want aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en alles wat die Profete gesê het! Is dit nie wonderlik nie? As jy dus die HERE lief het, aan Hom behoort, die Wil van die Vader doen en Sy gebooie bewaar, dan sal jy alles reg doen! Dan sal jy geen kommer hê dat jy ooit agter sal bly nie! Jou werke sal getuig daarvan dat jy aan Hom behoort en dat Hy binne in jou leef!

Kom ons kyk na die werke van 'n Christen, wat sal getuig dat jy aan die HERE behoort.

- Liefdevol (Joh 13:35)
- Barmhartig (Mat 25:35-40; Luk 10:33)
- Diens Georiënteer (Mat 23:11)
- Opoffering (Mat 19:21)
- Gee in oorvloed (Mat 5:42; Luk 3:11)
- Genade (Mat 5:7; 18:33)
- Lankmoedigheid (Mat 5:41)
- Geduldig (Luk 8:15; 2 Pet 1:6; Openb 2:2-3; 19)
- Vredeliewend (Mat 5:9)
- Vergewend (Mat 18:21, 35; )

- Getrouheid (Mat 5:27-32)
- Gee gehoor aan die Woord (Mat 7:24-27)
- Sagmoedig (Mat 5:5, 22)
- Nederig (Mat 18:1-4; 23:12)
- Vertroue (Mat 6:25-34; Luk 12:21-24)
- Moreel (Mat 15:19-20)
- Integriteit (Mat 5:33-37)
- Gebed (Mat 6:5)
- Vas (Mat 6:16-18; 9:15)
- Waarde aan God se Woord (Luk 8:21; Mat 10:40-42)
- Nie Materialisties nie (Mat 6:19-21; Openbaring 3:17; Luk 12:15)
- Nie Oordeel nie (Mat 7:1-5)
- Nie Self regverdig of Hippokraties nie (Mat 24:51; 6:2, 5, 16; 23:13-29)

Moenie afgesit word deur hierdie lang lys nie. Soos ek vroeër genoem het, het Jesus het vir ons twee gebooie gegee waarvolgens ons moet lewe. As jy die tweede gebod "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" nakom, dan sal jy outomaties al die punte wat hierbo genoem word nakom. Iemand wat sy naaste liefhet, sal nie immoreel optree nie, hy sal ook vredeliewend, liefdevol, barmhartig en nog baie meer wees. Verstaan julle?

Liewe Kind van die HERE; as jou lewe nog nie op hierdie vlak is nie, dan weet jy nou waaraan jy moet werk. Probeer jy en laat die HERE die werk in jou voltooi. Die HERE soek net daardie poging wat jy

aanwend, want dit wys jou bereidwilligheid om te probeer, selfs al slaag jy nie.

Prys die wonderlike Naam van die HERE!

# Jesus in ‘n boksie

Ons is baie keer so bekommerd oor wat mense van ons dink dat ons tot uiterstes gaan om te verseker dat mense niks het om oor te kan praat nie.

As jy een van hierdie is wat jou gedurig hieroor verknies, dan het die HERE dit om vir jou te sê: *“Wat maak dit saak wat die mense oor jou sê? Solank Ek weet wie jy is, maak niks anders saak nie!”*

Liewe lesers, julle moet onthou dat jy baie soorte mense op jou lewenspad gaan ontmoet. Aan hulle vrugte gaan jy hulle ken en dan gaan jy besef dat baie van hulle nog steeds nie die HERE ken nie. Hulle dink hulle ken die HERE, maar wat hulle ken is ‘n mens gemaakte weergawe van die HERE. Dis waarom hulle nie die HERE se stem in hulle lewens herken nie. Die wat die HERE soek, SAL Hom vind, maar baie stop te vroeg en aanvaar dan ‘n nagemaakte weergawe van die HERE.

Waarom? Mense aanvaar die gedeeltes wat bevestig is deur hulle kultuur en die manier wat hulle groot geword het, maar daar stop hulle. Hulle probeer die HERE in ‘n boksie sit en alles wat nie in die boksie pas nie, kan volgens hulle nie werklik die HERE wees nie. Dit gebeur omdat mense gebind word deur hulle idees en hulle kultuur.

In die wêreld waarin hulle leef is dit net nie veilig om die HERE werklik te ken nie.

Sommige is jaloers, ander bang en nog meer net lui, maar niemand is bereid om te soek totdat hulle die waarheid vind van wie Jesus werklik is nie. Hulle grawe vir hulle ‘n gemaklike plekkie uit by hulle kerke en families eerder as om fanaties genoem te word.

Maar dis juis hierdie wat as fanaties bestempel word wat bereid is om aan te hou soek. Hulle is bereid om reputasie, vriende en werk

prys te gee net sodat hulle meer van die HERE kan kry. Dié wêreld bestempel hulle as fanaties, maar dis hulle wat in die Hart van die HERE woon.

Met die ander kan die HERE glad nie werk nie, want hulle gedagtes is klaar kultureel afgesluit van Hom af. Die HERE werk in hulle lewens, maar net binne in die raamwerk van die boksie waarin hulle Hom gesit het. Dis uiters beperkend en uiters min kan gedoen word. Dit wat vermag word is soos ‘n handvol sout in die middel van die oseaan. Dit maak die see meer sout, maar dit kan skaars iets vermag. Los hierdie mense met rus, want daar is niks wat julle kan doen om hulle te oortuig nie. Julle is ‘n bedreiging vir hulle manier van glo so tragies soos dit ook al mag wees.

Hulle sal Hemel toe gaan en daar sal hulle die HERE ondervind soos wat Hy werklik is en dan sal hulle agterkom hoe verkeerd hulle die hele tyd was.

Laat hulle dus spot en kommentaar lewer soveel as wat hulle kan. Laat hulle met rus, want hulle praat uit die beperking van hulle eie ondervindinge uit. Moet nooit ophou om te bid vir hierdie mense nie en moet ook nie ophou om meer van die HERE te soek nie. As jy in die Hart van die HERE bly sal jy agterkom dat daar geen einde aan die HERE is nie!

Prys die Naam van die HERE!

# Ontdek jouself

Mag die wysheid van die HERE ons harte beweeg om Sy onderrig in alle dinge te volg. Amen!

Dis so belangrik dat elke persoon wat die HERE volg, homself moet ken, want daar is so baie gebroke siele daar buite wat hulleself nog nie vergewe het nie. Hulle weet nie wie hulle is of waarom hulle op aarde is nie. Hulle weet ook nie waarom alles om hulle altyd uitmekaar val nie. Dis waarom dit so belangrik is dat ons onsself ken, want net as ons onsself ken soos die HERE ons ken, kan ons ander help om sin van hulle lewens te maak.

Behalwe om die HERE te leer ken, is daar geen beter ding om te doen as om jouself te leer ken nie. Van elkeen van ons se geboorte af word ons gekondisioneer deur die woorde van ander. Ouers dra aan hulle kinders hulle eie uitkyk op die lewe oor. Hulle projekteer hulle drome van wat hulle graag in die lewe sou wou bereik het op hulle kinders; partykeer selfs hulle eie negatiewe uitkyk op die lewe.

Ons is die mooiste skepping van alles wat die HERE gemaak het; totdat ons deur dié rondom ons beïnvloed word. Dan word ons rigting in die lewe vasgestel deur ander wat nie die HERE of hulleself ken nie. Hulle bepaal die roete vir jou lewe gebaseer op hulle eie vrese, verwagtinge en suksesse.

Wanneer jy dus jou grootmens skoene aantrek en vir die eerste keer in die wêreld uitstap, is dit ‘n baie groot skok. Mense stel jou teleur, hulle mislei, hulle steel en hulle lieg. Dis dinge wat jy nie in jou familie band ondervind het nie en vir baie is die skok groot. Daar is ook diegene alhoewel dun gesaai wat altyd goeie dinge sal sê om jou op te help.

Die belangrikste om te onthou is dat jy nie dit is wat enige iemand gesê het jy is nie. Jou taak is om die werklike jy te ontbloot en dit kan nie een van ons doen sonder die hulp van die HERE nie. Baie van hierdie ontdekkings sal jy maak in jou stilte tye saam met die HERE en ook in jou dag tot dag lewe soos jy na die HERE soek en na Hom luister.

Niks gebeur in jou lewe sonder die goedkeuring van die HERE nie. Alles wat met jou gebeur is bedoel om ‘n les te wees, maar dan moet jy baie versigtig luister om dit te kan verstaan.

In sommige gevalle sal die HERE iemand stuur om jou te help, maar hierdie is rare gevalle wat baie min van ons beskore is. Sommige aanvaar hierdie hulp met liefde, maar sommige verwerp dit. In ander kom die sondige natuur weer vorendag in die vorm van ‘n selfbeskerming drang om meer te wil hê: meer geld, meer kos, meer vriende, meer beheer en meer mag oor dinge rondom hulle. Alles net om dit wat broos is binne in, te beskerm. Dit waarvan hulle al hulle hele lewens weghardloop.

Vir mense in hierdie toestand sal dit uiters pynlik wees om iemand wat hulle wil lei te kan verdra. Hulle sal bedreig voel om elke hoek en draai, want die fondasie wat hulle gelê het om te oorleef gaan gekraak word en uitmekaar val. Die vrees om dit waaraan hulle vir solank vashou te sien verkrummel gaan hulle nie kan verdra nie. Hulle hele bestaan gaan bedreig word.

Een van satan se gunsteling argumente is: *“Hulle verstaan jou nie omdat jy anders is. Jy is spesiaal en dieper as hulle en daarom verstaan hulle jou nie.”* Hierdie is leuens van Satan om te voorkom dat jy geluk in jou lewe vind. Dinge gaan verkeerd in jou lewe omdat niemand jou verstaan nie... of so word daar vir jou gesê. Jy voeg dan meer lae om jou om jouself te beskerm, want jy is spesiaal en die wêreld is nie goed genoeg vir jou nie.

So speel satan speel met jou onveiligheid. Hy maak jou blind sodat jy nie jou deel kan sien waarom dinge om jou vaal nie. Hy doen dit om jou te isoleer van die waarheid sodat jy meer verdedigend en met oordeel teenoor ander kan optree. Satan doen dit omdat dit makliker is om ‘n enkele siel te beheer as wat dit is om meer as een te beheer wat onder die beskerming van die HERE is.

Vir jou wil die HERE sê dat jy wonderlik is; gemaak vol geskenke en vermoëns wat deur die HERE daargestel is om jou te laat bloei in die oorvloedige lewe wat Hy van die grondlegging van die wêreld af vir jou beplan het. Die rondom jou is net so wonderlik gemaak en hulle word ook net soos jy deur die lewe rondgegooi.

Jy moet egter onthou dat jy vir die HERE gemaak is en bestem is vir die Hemel en hierdie wêreld kan ‘n vreeslike plek wees om in die interim in te lewe. Solank as wat jy vashou aan ander se visie van wie jy is, sal jy nooit jouself leer ken nie. Jy kan jouself net leer ken deur die HERE; deur tyd saam met Hom deur te bring. Deur die Bybel te lees en te sien hoe die HERE met mense in die verlede gehandel het en dan die kritiese vrae te vra soos *“Is ek soos hulle? Doen ek dit?”*

As jy hierdie vrae vra, sal jy nie lank wag vir die antwoord nie. Die HERE wag geduldig op jou sodat Hy jou kan leer wie jy is, wie Hy is en wat jy nie is nie. Dis deel van jou opleiding om jou gereed te maak vir die dodelike lokvalle wat satan elke dag vir jou stel. As jy jouself en jou swakhede ken, sal dit vir jou makliker wees om satan se lokvalle vry te spring.

Moet egter nie dink dat jy dit op jou eie kan doen nie. Jy sal ‘n lewe vol mislukkings lei en wonder waarom alles om jou uitmekaar val. Dit gebeur omdat jy jouself nie ken nie, maar satan doen. Jy het nie die lewens ondervinding om hom te ontwyk nie, maar die HERE het! Totdat jy besluit het om die HERE volle beheer oor jou lewe gee, sal jy aanhou sirkels loop en wonder wat om met jou lewe te maak.

Die HERE bied jou nou ‘n beter manier van lewe aan. ‘n Lewe wat gaan lei tot sukses en vervulling. ‘n Lewe wat gaan lei tot betekenis vir jou en die om jou. Jy sal onder die HERE se leiding aanhou om te blom tot ‘n lieflike geur vir die om jou en vir die wêreld.

Ek wil byvoeg dat die HERE hier verwys die vervulling van die lewe en nie na die sogenaamde voorspoed evangelie nie.

Vir dit alles om te gebeur gaan jy dapper moet wees. Jy gaan verskoning moet vra vir dit wat jy verkeerd gedoen het; ook dit wat jy verkeerd gedoen het aan ander. Jy gaan bereid moet wees om uitmekaar gehaal te word en weer aanmekaargesit te word in die liefdevolle hande van die HERE. Die HERE sal dit wat oud en seer is uit jou lewe verwyder en jou herbou tot die skepsel wat Hy jou van die begin af gemaak het om te wees!

Prys die Naam van die HERE!

# Hoe kan ons oorwin?

Om te kan triomfeer oor die aanvalle van satan is iets waarmee ons almal sukkel. Partykeer is ons suksesvol, maar in die meeste gevalle faal ons miserabel!

Waarom is satan so suksesvol? Dis omdat hy jou ken soos wat die HERE jou ken. Hy weet presies watter knoppies om te druk om watter resultaat te kry, maar die hoof rede waarom hy so suksesvol is, is omdat ons onsself nie ken nie. Ons ken nie ons eie beperkinge nie en dit is waarom ons so hard val. Ons probeer meer vermag as wat ons in staat is. Die van julle wat my vorige boodskap gelees het, gaan nou sien hoe die twee boodskappe bymekaar aansluit!

Om jou eie tekortkominge te besef, gaan dit vir jou makliker maak om teen satan te baklei. As jy weet dat jy ‘n swakheid het teen pornografiese materiaal, dan gaan jy weet om dit te vermy. As jy iemand is wat maklik jou humeur verloor, dan gaan jy leer om dit wat jou afsit te vermy.

Dis soos die HERE in die vorige boodskap gesê het; hierdie dinge leer jy in Sy teenwoordigheid as jy saam met Hom is. Dis waarom bid en vas so belangrik is. Satan is nie dom nie. Hy weet hoe kragtig bid en vas is en wat se gevaar dit vir hom inhou, daarom sal hy kom met allerhande slinkse leuens om jou te weerhou daarvan. Leuens soos dat jy nie sonder kos kan bly nie; of leuens dat vas nie werklik so belangrik meer is soos in die ou testament nie... Moenie na hom luister nie!

Vas is nie altyd net die ontneem van etes nie. Enige iets wat jy van jou ontneem vir ‘n tyd om tyd saam met die HERE te spandeer, is ‘n vorm van vas. Etes is maar net die mees aanvaarbaarste vorm daarvan omdat ons almal moet eet.

Moet ook nie dat die mense om jou weet dat jy vas nie, want dan het jy klaar jou beloning weg. As jy vas, moet dit ‘n saak tussen jou en God wees. Mense het niks daarmee te doen nie.

Nou kom die baie ou vraag op: hoe maak ‘n mense as jy uitgenooi word na ‘n ete? Eet baie diskreet van wat aangebied word sodat jy nie aanstoot gee nie. Die monnike van ouds het met dieselfde probleem gesit. Hulle het kos in hulle klere se sakke weggesteek en dit later onder die armes gaan uitgedeel!

Waaksaamheid is van die uiterste belangrikheid in hierdie tyd. Satan gaan geen moeite spaar om jou te laat vaal nie. Moet dus niks oorhaastig doen nie en waak daarteen om nie jou humeur te verloor as jy iemand is wat baie vinnig en maklik kwaad word. Wag eerder tot jy afgekoel het en probeer dan as wat jy in woede sondig.

Ken jou swakpunte. Maak voorbereiding vir ‘n aanval van die vyand op jou swakpunte. Onthou dat die vyand altyd speel op jou begeertes om iets te wil hê, want dis nie maklikste manier om jou aandag af te trek. Dit kan die begeerte wees om ‘n skoner huis te wil hê, iets om te eet, iets om te lees... Dis waarom hulle sal konsentreer.

As jy voel jy gaan dalk val; dink hieraan: as jy voor die Vader in die Hemel staan, gaan jy skaam wees omdat jy ingegee het? As die antwoord “ja” is, moet dit dan nie doen nie. Stel jou voor jy staan voor die HERE en jy moet rekenskap gee waarom jy ingegee het om te sondig of vir die toegewing wat jy gemaak het. Dit sal jou help om dit nie te doen nie!

Prys die Naam van die HERE!

## Die oog van die naald

In Mattheus 19:24 se Jesus hierdie bekende woorde: *"En verder sê Ek vir julle, dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan."*

Volgens die Skrif het Jesus die woorde in Mattheus 19:24 van 'n ryk jong man gesê wat wou weet wat hy moes doen om in die Hemel te kan kom. Ek is seker daarvan dat julle almal die gedeelte per harte ken, maar as julle dit self wil gaan lees, dan gaan julle dit vind in Mattheus 19:16-24.

Vandag se boodskap gaan egter nie oor die ryk jong man nie... Hierdie week het iemand vir my gevra of hierdie naald van die oog verwys na 'n poort met daardie naam soos wat baie mense dink en of dit letterlik bedoel was soos in die oog van 'n werklike naald. Ek het dit gaan opsoek en vir die persoon aangestuur, maar agterna het ek gedink dat dit 'n oulike boodskap sal maak, want ek is seker daarvan dat daar ander mense is wat oor dieselfde ding sal wonder!

Volgens oorlewering verwys die Oog van die Naald na 'n poort wat reg langs die hoof poort in die stadsmuur van Jerusalem was. Hierdie poort was net so hoog soos 'n mens en net breed genoeg dat twee mense sy aan sy langs mekaar daar kon deurloop. Die doel van hierdie poort was om mense in die nag deur die stadsmuur te laat gaan as die hoof poort vir die nag gesluit was.

Om 'n kameel, want op daardie stadium die grootste dier in Jerusalem was deur so 'n nou poort te kry sou moeilik wees maar nie onmoontlik nie. Eerstens sou die dier afgepak moes word en dan op sy knieë deur die poort gevat word.

Meer interessant is dat niemand weet of daar werklik so 'n poort in die stadsmuur was nie, want Jerusalem is deur die Romeinse

weermag onder leiding van Keiser Titus vernietig in die jaar 70 Na Christus. Jesus het hierdie gebeurtenis voorspel in Mattheus 24:1-2 *"[1] En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys. [2] En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie."*

Waar kom die storie van die poort dan vandaan. Die storie kon so ver terug gedateer word as die 9de eeu Na Christus, maar dit het eers momentum begin kry in die 15de eeu Na Christus. Daarna is dit wyd in die Christelike kerk wat ons vandag ken, verkondig as feit.

As ons nou na Jesus se gelykenisse kyk, dan het almal van hulle een doel en dit was om die verborgenhede van die Koningryk van God aan mense te verduidelik wat dit nie werklik verstaan het nie. Tot Jesus se dissipels het op geleentheid aan Hom gevra wat van die gelykenisse beteken.

Myns insiens is dat dit nie werklik saak maak of daar 'n Oog van die Naald poort was of nie. Dit maak ook nie saak of Jesus na daardie poort of na 'n werklike naald soos ons dit vandag ken, verwys het nie. Die gelykenis beteken eenvoudig dat die vir 'n ryk man moeilik, maar nie onmoontlik sal wees om in die Hemel te kom nie. Dit was die boodskap wat Jesus wou oordra.

Ons moet versigtig wees dat ons nie so deur die vyand afgelei word dat ons hopeloos te veel tyd spandeer om na feite te soek terwyl die waarheid ons in die gesig staar nie! Om hierdie dinge te gaan opsoek is baie interessant, maar soos die Bybel sê; daar is 'n tyd vir alles!

Prys die Naam van Jesus!

# Diepe betekenis van die Heilige Nagmaal

Ek het op geleentheid met julle gesels oor Die Heilige Nagmaal. Vandag gaan ons verder deur dieper in die betekenis van die Nagmaal in te kyk soos opgeteken in 1 Korintiërs 11:23-29.

Die HERE het sy bloed gestort as betaling vir ons sondes, maar hy het toegang tot Sy bloed en die krag daarvan vir ons gelos deur die Heilige Nagmaal. Die rede waarom die Heilige Nagmaal so belangrik is, is omdat dit ons een maak met die HERE soos niks anders kan nie.

Die Heilige Nagmaal is daarom kragtige medisyne! Woorde is kragtig. Om dus met oortuiging te sê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; is kragtig omdat dit in opdrag van die HERE gesê word.

*"Doen dit tot my gedagtenis."*

Dit is soos die HERE gesê het; *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie."* (Johannes 6:53) Die Lewe is in die bloed; nie die wyn nie! As jy dus met totale geloof sê *"Dit is My Bloed"*; sal die HERE jou dan nie besoek met die genadegawes wat jy glo jy gaan ontvang en jou versterk nie? Die HERE sal dit juis doen omdat jy gehoorsaam is aan Sy Woord!

Hierdie is die dae van die afvallige kerk. Selfs predikers glo nie meer in die krag van die Heilige Nagmaal nie, want daar is geen waarborg dat 'n siel wat die geskenk van die Nagmaal ontvang sal glo dat die HERE die wyn in Sy bloed kan verander nie. Dis waarom die HERE ons besoek met genade gawes. As jy doen soos wat in die Woord beveel word, dan sal die HERE jou bedoeling eer omdat jy gehoorsaam was. Op hierdie manier word die HERE se verbond met ons, Sy Kerk, nie vernietig deur ongelowige predikers nie.

Selfs gedurende die bruilof in Kana (Johannes 2:1-12) het die dienaars nie vir ‘n oomblik geglo dat die water wyn sou word nie. Dit was egter die voor skadu van die Liggaam en Bloed wat met die Heilige Nagmaal verander sou word.

Ons is na die HERE se tafel geroep om ‘n nuwe lewe gegee te word, maar nie net ‘n nuwe lewe nie, God se lewe; sodat ons in Hom kan leef en Hy in ons! Sodat ons kan doen alles wat Hy ons beveel het om te doen. Sodat ons ander moet lief hê soos wat Hy hulle lief het. Sodat jy in krag kan loop oor die donker magte in hierdie wêreld en hulle in vrees laat vlug! Verstaan julle nou?

Hierdie gawes is aan ons gegee omdat ons nie daarsonder kan klaarkom nie. Die opposisie wat elke dag teen ons is, is geweldig, maar met die HERE se Bloed sal ons bly staan, bestraf, breek en die magte bind, want die HERE leef in ons! Jy hoef geensins ‘n prediker te wees om dit te kan vermag nie, want jy woon in die HERE en Hy in jou! Elke dag wat jy die Heilige Nagmaal gebruik, vernuwe jy die verbond met jou geloof. *“Dis is My Liggaam; dit is My Bloed. Die Liggaam en die Bloed van die nuwe verbond en dit sal gestort word vir die vergifnis van alles sondes.”*

Die HERE vra jou nou om Hom elke dag te ontvang in absolute eerbied en danksegging en om te onthou dat bloed gestort is vir die vergifnis van alles sondes. Jesus het nie aan die kruis beswyk as gevolg van Sy wonde nie, maar aan ‘n gebroke hart. Dis waarom dat bloed en die water gemeng het. Nie een van die ander wat saam met Hom gekruisig was, het so gesterf nie. Dit was deur die Vader so bepaal om vir ewig te dien as betaling vir sondes.

Onthou dus wat die HERE vir ons gedoen het sodat ons gereed moet wees vir die Hemel. Onthou die verskriklike omstandighede van Jesus se dood en dat die Vader nie toegelaat het dat een druppel bloed verlore gaan nie. Alles moes gestort word om genade te kan bevestig. Jesus se woorde op die kruis *“Dit is volbring!”* (Johannes

19:30) beteken dan net dat alles wat moontlik gedoen was om genade te kan verseker. Die prys was ten volle betaal! Prys die HERE!

Hierdie is diepgaande heilige voorskrifte en begrippe, en die HERE verlang dat ons tyd daarmee moet deurbring sodat ons die volle betekenis van Sy dood vir ons en die hele mensdom moet begryp.

# Die werk van die HERE kom eerste!

Vandag wil ek vir julle ‘n storie vertel. Hierdie het werklik gebeur, maar die name van die persone gaan ek weerhou om hulle privaatheid te beskerm.

Daar was ‘n prediker gewees wat ‘n groot huis gehad het, maar nadat sy kinders almal groot geword het en dit later net hy en sy vrou was wat oorgebly het, het hy besluit om vir hom ‘n kleiner huisie te soek. Hy het gekry wat hy gesoek het deur ‘n vriend van hom, maar die huisie het baie werk nodig gehad. Van die mure moes oorgepleister word, elektriese bedrading moes vervang word, riool moes reggemaak word. In kort; die huisie het baie werk aan hom gehad, maar die prys was baie goedkoop.

Hy het nie omgegee oor die werk nie, want hy is iemand wat goed was met sy hande en hy het dit as ‘n uitdaging gesien om die huisie vir hulle op te kan knap. Hy was ook nog sterk genoeg om die meeste daarvan self te kon doen, maar vir die spesialis werk soos die elektriese bedrading, sou hy iemand met die nodige kennis moes inkry om te kom help. Hy het hard gewerk aan die plekkie; van soggens vroeg tot saans laat solank as wat die son geskyn het.

So het dit dan gebeur dat hy en ‘n elektrisiëns vriend van hom die dag in die huis besig was. Beide van hulle was christene en hulle het baie goed saamgewerk. Terwyl die leraar die mure gepleister het, het sy vriend in die dak van die gebou die bedrading uit gesorteer. Later het sy vriend uit die dak uitgeklim en besig begin raak by een van die kragproppe.

Iemand het aan die voordeur van die huisie geklop. Die leraar se vriend het opgestaan om te gaan kyk wie dit was. Hy het gesê dat die leraar moet aangaan omdat  hy die naaste is om te kyk wie by die deur was. Die vriend het na die deur gestap en gaan oopmaak.

Die persoon by die deur het gevra of hy hulle telefoon kan gebruik! As mens nou daaraan dink... In vandag se lewe waar omtrent elke twee persoon ‘n selfoon het, wanneer laat het iemand na jou deur gekom en gevra of hy jou telefoon kan gebruik? Dis mos iets waarvan jy mos nie meer van hoor nie!

Ons leraar het tussen sy werkery probeer luister waaroor die gesprek gaan, maar hy kon nie alles hoor nie. Hy het wel gehoor hoe sy vriend vir die vreemdeling vra of hy ‘n Christen was. Die antwoord was nee, want hy vind die geloof bombasties en die mense onvriendelik. Dit was net wat die vriend wou hoor en daar spring hy toe weg!

Twee ure het verbygegaan. Die son het later al hoe laer gesak en die leraar was bekommerd dat hulle die werk wat hulle vir die dag uitgesit het, nie sou klaar kry nie. Hy weet niks van elektriese bedrading af nie, dus kon hy nie eers help nie! Sy deel van die werk wat hy vir die dag moes doen , was amper klaar gedoen, maar nog steeds het sy vriend en die vreemdeling gestaan en gesels; skynbaar onbewus van die tyd!

Hy het later gehoor hoe sy vriend die vreemdeling vra of hy wil kniel sodat hy vir hom kan bid en net daar en dan gee die vreemdeling sy hart vir die HERE! Toe hulle ‘n halfuur later opstaan was daar ‘n nuwe siel vir die HERE gewen!

Die vreemdeling vra toe wat hulle doen en die vriend verduidelik dat hy besig is om die huis se bedrading uit te sorteer. Die vreemdeling sê toe dat hy graag sal wil help, want hy is ‘n elektrisiën van beroep!

Julle sien; ons as mense raak so gou bekommerd as dinge nie loop soos ons dit wil hê nie. Ons skeep dan baie keer die HERE se werk af sodat ons meer tyd aan wêreldse dinge kan bestee. Tog, as ons eers sorg vir God se werk, dan sal God sorg vir die aardse werk!

Daarom liewe leser; as jy ooit ‘n keuse moet uitoefen tussen die HERE se werk en iets persoonlik wat jy moet doen, kies die HERE se werk eerste, want dan sal alles wat jy daarna doen meer voorspoedig wees!

Prys die Naam van Jesus!

# Die wolk van leuens in die media

Die HERE het op geleentheid vir ons gesê dat ons moet wegbly van die media af en nie moet glo alles wat daarop uitgesaai word nie. Sommige van julle het gehoor gegee, maar ander het ongelukkig nie...

Daar is 'n skaduwee regering wat een doel voor oë het en dit is om hierdie wêreld te oorhandig aan satan; om satan deur die een wêreld regering en die een wêreld leier in beheer te stel. Om dit te kan regkry, moet die mense se moraal eers afgebreek word. Hierdie afbreek proses moet tot op so 'n vlak gaan, dat mense die verandering van waar elke land homself regeer, tot waar die wêreld deur een persoon geregeer gaan word spontaan sal aanvaar en dit selfs sal verwelkom!

Hoe gaan dit vermag word? Deur die media! Het julle al opgelet hoeveel negatiewe nuus daar die laaste ruk in die media is? Al wat jy van hoor is korrupsie, diefstal, smokkelary, moord en doodslag. Dis om fisies van naar te word! Self kan ek net vir baie kort rukkies in die verbyloop na enige nuus berig luister, want die negatiwiteit wat rondom dit uitgesaai word is vir my net te veel om te hanteer!

Ek sien elke dag wat se effek dit op die mense om my het. Dit verbaas my hoe bevrees mense is om net hulle neuse by hulle deure uit te steek omdat hulle bang is hulle gaan aangeval word en so 'n teiken van misdaad word. Alles te danke aan die media en dit wat daarin versprei word.

Hoofstroom media is daarom skoon gif! Moet asseblief nie daarna luister of aangeraai word om daarna te luister nie! Deur dit te doen gaan jy akkoord met satan en sy agenda vir hierdie wêreld. Ons is hier om weerstand te bied en nie om saam met satan te werk nie!

Jy sal agterkom dat as jy na die nuus geluister het hoe negatief jy word en hoe bevrees jy skielik word vir die wêreld om jou. Dit behoort vir jou ‘n aanduiding te wees dat jy op ‘n verkeerde pad is! Luister daarom na die boodskap van die HERE en weerstaan die leuens wat satan deur die media versprei.

Die HERE sê dat baie van ons laks geword het en ongedissiplineerd lewens lei. Ons fokus op te veel op die slegte en sien nie meer die goeie raak nie. Julle drink giftige water uit ‘n fontein wat met gif uit die hel besmet is.

Wees die ambassadeurs van die HERE op aarde van liefde en hoop. Oortuig die wat van hierdie giftige waters drink sodat hulle weer op die HERE kan konsentreer en terug kan keer na die HERE toe!

## ‘n Offer van Vas en Gebed

Hierdie moet seker die mees ongewildste onderwerp in die Bybel wees om oor te praat! As kind het ek groot geword met die idee dat vas beteken om tot die ekstreme te gaan en vir dae lank, selfs ‘n week lank sonder kos te bly... Wat se idees plant satan nie alles in ons koppe nie!

Satan is maar net te bewus van hoe kragtig vas is, dis waar al hierdie idees van vir dae lank sonder kos vandaan kom! Hy weet dat as ons gaan begin verstaan waaroor dit nou eintlik gaan, dan gaan ons dit begin toe pas en vir hom ‘n baie groot gevaar inhou en dis waarom die waarheid heeltemal anders is!

Die Bybel verplig ons ook nie om te vas nie. Die doel agter vas is om ons gedagtes op die HERE te fokus en op so ‘n manier nader aan Hom te beweeg. Die doel van vas is om jou oë van die wêreld af te neem en dit net op God te fokus. Om te vas is om aan God te wys, asook aan jouself, dat ons ernstig is oor ons verhouding met Hom. Deur vas verkry ons ‘n nuwe perspektief en ‘n vernuwe afhanklikheid van God.

Die boek van Handelinge noem dat die gelowiges gevas het voordat hulle belangrike besluite geneem het: Handelinge 13:3 *"En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan."* en ook Handelinge 14:23 *"En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het."*

Vas en gebed word gewoonlik aan mekaar gekoppel soos in Lukas 2:37 beskryf word: *"... en sy was ’n weduwee van omtrent vier-en-tagtig jaar. Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag."* Vas moet ook aan ‘n tydperk

gekoppel wees, maar die doel moet nie wees om enige skade aan die liggaam te verrig nie.

Kom ons luister nou na wat die HERE oor hierdie onderwerp sê: *"My Vader doen ongelooflik baie met die bietjie wat julle opoffer. Baie goeie dinge word daarmee vermag, maar Ek wil nie hê dat enige een van julle tot ekstreme moet gaan wat vas betref nie. Wees baie diskreet en moet nie dat enige iemand weet waarmee julle besig is nie. Op hierdie manier sal My Vader julle in die geheim beloon vir dit wat jy opgeoffer het. Enige iets wat julle opoffer kan baie maklik 'n kwessie van trots word en die vyand sal julle baie maklik in daardie strik laat beland."*

*"In sommige gevalle kan julle die kossoorte waarvan julle hou opoffer aan My en eerder meer eenvoudig eet. Jy kan 'n spesiale spesery wat jy van hou tydelik ontneem of ophou om nagereg te eet of selfs 'n soet eet dingetjie waarvan jy hou tydelik ophou eet en dit aan My opoffer. Vervang hierdie eetgoed met iets wat meer gesond vir jou is soos 'n vrug gedurende jou vas tyd. Van julle kan selfs maak soos Daniël gemaak het en op 'n vas gaan van groente en water, maar moet niks op julle eie probeer doen nie. Kom eerste na My in gebed voor jy enige tydperk van vas ingaan."*

*"Daar gaan 'n tyd kom wat swakheid jou goeie voorneme gaan oorheers. Ek wil hê dat julle moet weet dat Ek dit doelbewus toelaat om jou nederig te hou, sodat jy meer op My moet fokus as op jouself en wat jy vermag het."*

*"Julle gebede is vir My so aangenaam. Selfs die kleinste gebed gaan nie onopgemerk nie. Selfs die kleinste danksegging, lof offer of opoffering tref die hart van die Vader met vreugde omdat dit met 'n suiwer hart gedoen word."*

*"'n Suiwer hart en naasteliefde is vir My alles! Sonder hierdie dinge is julle gebede swakker as wat dit moet wees. Dit word leeg en sonder*

*morele krag. As julle dus voor die altaar kom, maak eers seker dat jy almal vergewe het wat jou te nagekom het. Vra ook vergifnis vir die wat jy geoordeel het of vir die met wie jy baie moeilik was. Op hierdie manier sal jou gebede onverhinderd wees en baie meer aanvaarbaar vir die Vader."*

Dankie HERE dat U dit vir ons so duidelik maak!

Soos u kan sien moet vas dus nie iets wees wat uit trotsheid gedoen word nie. Ons moet ook nie dink dat ons enigsins beter is as die wat nie kan of wil vas nie. Ek verwys nou na diabete in die algemeen of enige iemand anders wat 'n mediese toestand het wat hom of haar verhinder om te vas.

Jesus sê in Mattheus 6:16-18 vir ons, *"[16] En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. [17] Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, [18] sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."*

Prys die Naam van die Heer!

# Is jy soos Jesus?

Iemand het hierdie boodskap vir my verlede week gestuur, maar ek gaan dit vandag vir julle bring omdat dit so ‘n treffende voorbeeld is van naaste liefde.

Hoe baie keer het ons nie al gewonder wie ons naaste is nie, tog sê Jesus dit vir ons in Lukas 10:25-37 deur die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan presies wie ons naaste is. Hierdie verhaal het volgens die oorspronklike skrywer ‘n paar jaar gelede afgespeel, maar daar word nie genoem wanneer nie.

‘n Groep verkoopsmanne het ‘n streeks kongres oor verkope gaan bywoon in die Amerikaanse stad van Chicago. Dit was Vrydag en dit sou ‘n eendag kongres wees. Hulle het hulle vrouens belowe dat hulle daardie aand betyds terug sou wees vir aandete. Die van julle wat oud genoeg is om te onthou sal weet hoe belangrik aandete in die huisgesin verband was en hoe belangrik dit was dat die hele gesin saans aansit om saam aandete te eet.

Ek het eenkeer op geleentheid op ‘n Vrydag middag gevlieg en ek kan julle belowe, dat ‘n malhuis ‘n relatiewe mak term is om te beskryf hoe ‘n lughawe op daardie tyd van die week lyk! Almal en ek bedoel almal wil om een of ander rede op ‘n Vrydag middag iewers anders wees! Jou lughawens is daarom besig op ‘n maniere wat jy vir niemand kan beskryf nie. Net om by jou hek uit te kom is ‘n stryd. Ek kan my dus voorstel waardeur hierdie verkoopsmanne moes gaan om betyds op die lughawe te kon wees om hulle vlug te kan kry.

Na die kongres afgesluit was, het die groep so vinnig as wat hulle moontlik kon na die lughawe vertrek. Met hulle aankoms op die lughawe het die mans gedrafstap na die vertreksaal. In hulle haas het een van hulle ‘n tafeltjie met ‘n uitstalling van appels per ongeluk omgestamp. Appels het die hele wêreld vol getrek...

Sonder om eers om te kyk het die groep net gemaak dat hulle by hulle hek kom en ook net betyds anders sou hulle laat wees en sou hulle die beloftes wat hulle aan hulle vrouens gemaak het om betyds vir aandete te wees moes verbreek. Die mans was bly en baie selfvoldaan dat hulle dit gemaak het, behalwe een. Die een wat die tafeltjie per ongeluk omgestamp het.

Laasgenoemde het gaan staan en die meisie wat die tafel beman het ‘n jammerte in sy hart gevoel wat hy nie kon beskryf nie. Hy het vir die ander mans in sy groep gesê dat hulle vooruit moes gaan en aan sy vrou moes verduidelik waarom hy laat gaan wees. Hy sal ‘n later vlug vat, want hy gaan eers die meisie wie se tafeltjie hy omgestamp het help.

Hy het teruggeloop na die plek in die terminaal waar hy die tafel omgestamp het. Hy was by hy het, want in sy haas het hy nooit opgelet dat die 16 jarige meisie wat die tafel beman het, blind was nie! Sy het saggies gehuil en trane het oor haar wange geloop uit frustrasie uit. Sy het oor die vloer gekruip opsoek na al die appels wat intussen oral ingerol het. Mense het om haar geloop; niemand het vir haar omgegee of aangebied om te help nie.

Die verkoopsman het afgebuk en haar gehelp om al die appels bymekaar te maak. Daarna het hy die tafel weer regop gesit en haar gehelp om die uitstalling weer te kry soos dit was. Van die appels was gekneus en het nie meer mooi gelyk nie. Hierdie het hy eenkant in ‘n ander mandjie gesit.

Toe hy klaar was het hy sy beursie uitgehaal en R500 aan die meisie gegee.

“Hier, dit is vir die skade wat ek aangerig het. Ek hoop nie ek het nou dag te bederf nie,” het hy gesê.

Hy het opgestaan om na die vertreksaal te beweeg, maar die meisie het hom teruggeroep.

“Meneer...”

Hy het omgekyk.

“Is jy Jesus?” het sy gevra.

“Nee, ek is glad nie soos Hy nie,” het die verkoopsman geantwoord, “Hy is goed, liefdevol, barmhartig en Hy sou nooit in jou tafeltjie vasgeloop het om mee te begin nie.”

“Ek vra omdat ek gebid het dat Jesus iemand sal stuur om my te help en Hy het vir jou gestuur, dus is jy soos Hy. Hy het geweet jy sou Sy wil doen. Dankie dat jy geluister het,” antwoord die meisie.

Die man het teruggeloop na die terminaal om die volgende vlug te kry, maar die vraag het in sy binneste gebrand: *“Is jy Jesus?”*

Is jy soos Jesus, liewe leser? Word jy baie keer verwar met Jesus? Dit is tog ons doel op aarde, is dit nie? Om soos Hy te wees. Om die HERE se liefde uit te dra op ‘n wêreld wat blind is vir Sy liefde en barmhartigheid. Tot op so ‘n mate dat mense nie die verskil kan sien tussen ons en Hom nie.

Ons doen voor om Christene te wees, maar ons leef en tree nie op soos Hy nie. Om die HERE te ken is meer as net om Bybelverse te kwoteer en gereeld kerk toe te gaan. Dit gaan daaroor om die Woord van die HERE uit te leef, dag na dag.

Jy is die appel van Sy oog, maar selfs jy het seergekry in die val. Jesus het gestop om jou op te tel op ‘n heuwel met die naam van Golgota en Hy het die prys ten volle betaal vir al die vrugte wat seergekry het.

Is jy dus soos Jesus?

# Moenie met twee gewigte weeg nie

Die van julle wat oud genoeg is, sal nog daardie outydse weegskale onthou. Daardie soort waar jy gewigte op die een end gesit het en dan wat jy ook al wil weeg op die ander kant. Vandag se boodskap gaan oor daardie gewigte wat hulle gebruik het om mee te weeg.

*"Jy mag nie twee soorte weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie."* (Deuteronomium 25:13)

Oneerlikheid sluip so vinnig in ons lewens in. In baie gevalle is dit satan se deur in ons lewens in sonder dat ons dit agterkom! Wie gaan tog weet as jy daardie ekstra inkomste wat jy het nie aan die belasting gaarder verklaar nie. Hulle steel tog in elke geval genoeg van die land, dan nie? En daardie rekenaar sagteware wat ek so kopieer en versprei. Niemand kry tog seer nie, reg?

Liewe kind van die HERE; God weet van alles wat jy doen!

*"Want almal wat hierdie dinge doen, is 'n gruwel vir die HERE jou God—almal wat onreg doen."* (Deuteronomium 25:16)

Jy kan vir die HERE niks wegsteek nie. Hy weet alles! Ek is persoonlik deur so 'n ding en ek het my les op die harde manier geleer! Moenie 'n vals weegskaal wees nie! Laat jou gewigte altyd die regte gewig weergee, want 'n vals weegskaal is 'n gruwel in die oë van die HERE!

*"Sal Ek rein kan wees by 'n valse weegskaal en by 'n sak vol bedrieglike gewigte?"* (Miga 6:11)

Die HERE het ons geroep om 'n heilige leefstyl te volg (1 Tessalonisense 4:3) sodat ons die dag van die wegraping voor Hom kan verskyn sonder vlek of rimpel of iets dergeliks. (Efesiërs 5:27) Waarom sal jy dan jou vleeslike begeertes wil vervul deur oneerlik te wil wees?

*"'n Valse weegskaal is vir die HERE 'n gruwel, maar in 'n volle gewig het Hy behae."* (Spreuke 11:1)

Julle moet weet dat ons as geredde Christene in 'n spirituele oorlog gewikkel is elke uur van die dat en elke week van die dag. Jy kan nie slimmer wees as satan nie. Hy is ouer, het meer ondervinding en is baie meer slinkser as wat jy ooit kan wees. Jou enigste redding is 'n betekenisvolle verhouding met die HERE. 'n Verhouding waarin jy eerlik is en die opdragte van die HERE nakom. Wees daarom 'n eerlike weegskaal wat die gewig korrek weergee!

Dit gaan jou moontlik duur te staan kom, maar om met 'n skoon lewe voor die HERE te kan staan gaan tog baie meer werd wees, dan nie?

Daar sal altyd ander pogings wees van satan om jou te laat val, want satan gebruik jou swakhede teen jou. Jou beste verdediging is om op die pad te bly wat die HERE vir jou aangewys het. Moenie afdraai in die sy paadjies nie. Ken jou tekortkominge en waak teen aanvalle van satan op jou swak plekke.

Prys die Naam van die HERE!

# Vals profete mislei die Kinders van die Here

En so het 23 September 2017 gekom en gegaan, net soos 21 Mei 2011, 21 Oktober 2011 en 21 Desember 2012... Sien julle die patroon? Ons kan nie vir God voorspel wanneer die einde van die wêreld moet aanbreek of wanneer die wegraping moet plaasvind nie!

Elke slag wat daar so 'n voorspelling gemaak word, is daar mense wat se beursies lekker vet word van die geld wat hulle uit die hele storie maak. Daar is ook diegene wat aandring om hierdie stories te versprei ten spyte van verskeie waarskuwings om dit nie te doen nie. So help die wat die storie aan die gang hou die skelms met bemarking sonder betaling! Dit veroorsaak weer op sy beurt weer onrus en onstabiliteit in die liggaam van Christus, want nie behoort te wees nie.

Liewe lesers, luister nou baie mooi: hou asseblief op om sulke stories te versprei. Jy doen niks goed wat bydra tot stigting van die HERE se liggaam nie! Dit wat jy doen is verkeerd, want mense luister daarna en dit maak hulle bevrees en angstig.

Die HERE het ons wat in hierdie groepie is bymekaar gebring om 'n baie spesifieke rede. Die HERE het ook vir my 'n opdrag gegee om te volbring: *"Totdat Ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering. Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor."* Ek wil julle baie graag almal aan die bruilof tafel van die Lam sien, maar ons sal dit net kan regkry as ons luister na die stem van die Herder!

Die nuus op Internet gons oor Noord Korea, Rusland en nou Iran. 'n Week gelede het die HERE vir ons gesê om weg te bly van die nuus af, want dit breek mense af met vrees sodat hulle makliker is om te

beheer. Nou het julle praktiese ondervinding oor hoe giftig sulke stories kan wees! Jy drink gif water en jy besef dit nie. Verstaan julle?

Vir die wat nie geluister het nie en ook nie die stories aangehelp het nie, sê die HERE dat hy baie trots is op jou. Mooi so getroue dienskneg! Jy het geluister en jy was gehoorsaam aan die stem van die HERE. Jy het baie vrug in die Koningryk van die HERE omdat jy uitgehou het, jou fokus op die HERE gehou het en nie ure en ure van jou tyd gemors het om in die media te soek na wanneer die HERE se koms gaan wees nie! Die HERE is baie trots op jou!

In Mattheus 24:11 sê die HERE: *"En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei."* Nou het julle dit gesien gebeur! Dit is nie die HERE se wil vir jou nie. Dit wat gesirkuleer word as ware profesie is niks anders as giftige water nie. 'n Put kan tog nie goeie en bitter water voortbring nie... Die wat hierdie gerugte versprei is putte vol bitter en giftige water en hulle probeer jou aandag aflei van die vrede en die sekuriteit wat die HERE vir jou beplan. Moenie dat jou geloof in die HERE ontspoor word nie.

Daar is van julle wat seker gaan vra hoe 'n mens se geloof dan ontspoor word. Voorspellings soos die kom gewoonlik vinnig in en word net so vinnig oorgedra. As niks dan gebeur nie, word jy uitgemaak as die een wat wolf geskreeu het, want jy het so baie mense gewaarsku en niks het dan gebeur nie! Verstaan julle? Jy ondermyn nie net jou eie geloof nie, maar ook die geloof van die om jou. Die wat gered kon gewees het, glo nou nie meer nie omdat jy na gerugte luister en dit herversprei.

Die HERE roep ons nou om ons harte te reinig van alle stories. Hou op om jou te laat vermaak deur onsinnige praatjies. Ware Kinders van die HERE hou hulle nie besig met hierdie dinge nie, maar hulle verdedig eerder die eer van die HERE deur uit te praat teen gerugte soos dit.

Hou vas aan die HERE en Hy sal aan ons bekend maak wat gaan gebeur en wanneer om gereed te wees daarvoor.

Prys die Naam van die HERE!

# Frustrasies en onderbrekings

Hoe baie van julle word briesend kwaad as julle onderbreek word terwyl julle besig is met iets belangrik? Dit gebeur gewoonlik as jy iets doen waarvan jy baie van hou en dan moet ophou omdat iemand anders hulp nodig het.

Ons broederlike liefde word op so ‘n manier vir ons medemens getoets en jy moet onthou dat die HERE die hele tyd met jou is. In baie gevalle het ons ‘n oorvloed van seën sonder dat ons dit weet. Nou stuur die HERE mense na ons toe wat hulp nodig het en om van hierdie seën by ons te kry. Die konflik kom wanneer ons besig is met iets vir die HERE en ons wil om dit perfek te wil doen as die onderbreking kom...

Die HERE is voortdurend besig om ons op te lei vir ons plek in die Hemel en baie van die konflik wat ons voel kom as gevolg van hierdie opleiding. Die beste manier om sulke situasies te hanteer is om absoluut geen voorkeur te hê oor hoe om jou tyd te spandeer nie. Die oomblik wat jy begin prioritiseer en besluit dat dit of dat vandag MOET klaar, dis dan wanneer die potensiaal daar is dat jy sal vaal in broederlike liefde.

Kom ons kyk hierna uit ‘n ander oogpunt. As jou kind of ‘n geliefde naby aan jou skielik seer kry, want gaan jy doen? Gaan jy daardie persoon los om op sy eie aan te gaan of gaan jy dadelik los waarmee jy besig is om aan daardie persoon aandag te gee? Verstaan julle wat die HERE vir ons probeer wys?

Moenie voorkeur gee aan seker dinge nie. Beplan jou dag en besluit op wat belangrik is en doen dat jou werk daar daarvolgens, maar hou ook tyd oop vir mense wat die HERE na jou toe kan stuur of voorvalle wat dringender gaan wees.

Dit vat baie om frustrasie, wraak en bitterheid terug te hou, maar dis hoe jy gevorm word in jou strewe om heilig te leef. Sommige van julle het sade van bitterheid gegroei en dit moet eers verwyder word, maar wys die HERE jou wysheid deur geen voorkleur te hê in wat jy doen nie. So sal jy altyd gereed wees om na die tydelike behoeftes van ander om te kan sien.

Die mensdom heg waarde aan prestasie en nie hoe jy te werk gegaan het om dit te bereik nie. Hierdie manier van dinge doen is so teenstrydig met die Hemel, dis soos om Afrikaans met Sjinees te vergelyk!

Op Aarde word prestasie hoog aangeprys, maar in die Hemel word die liefde waarmee iets gedoen word aangeprys. Wat die finale resultaat is, dra min gewig. Die gaan alles oor hoe jy dit doen en nie die end resultate nie. Hoeveel liefde is belê. Hoeveel keer is jy geroep om met 'n goeie hart na die behoefte van ander om te sien? Het jy dit wat jy moes doen met 'n goeie hart gedoen of was jy afkeurig en gemeen? Hierdie is die ware standaarde van die Hemel.

Die HERE weet dat wat Hy vra moeilik is, want baie keer wil mens moed opgee en roep: *"HERE, ek kan nie meer nie!"* Baie keer vat dit 'n totale verandering van motiewe om die HERE te wil dien met die regte gesindheid. Ons word baie keer stukkend gebreek en weer opgebou in die proses, maar op die ou end doen ons wat reg is spontaan sonder om bekommerd te wees oor prestasie.

Ons klim nog steeds die berg van Heiligmaking saam met die HERE. Hou vas aan die Hand van die HERE en moenie los nie. Saam sal ons bo uitkom!

Prys die Naam van die HERE!

# Konflik in die huwelik

Die HERE wys vir my dat baie van julle met hierdie probleem van konflik in die huwelik sukkel, daarom gaan ek julle van hierdie paartjie vertel.

Kon ons noem hulle David en Sonja. David is 36 jaar oud en Sonja is 33. Beide van hulle is verloof en beide het in Christen huise groot geword. Beide kom uit verhoudings wat voorheen nie uitgewerk het nie. David is heeltemal verdiep in sy werk. Sonja soek gedurig toenadering tot hom, maar tot op so ‘n punt dat sy hom elke paar minute bel as hy nie by haar is nie. Sy is baie onseker van haarself omdat haar vorige kêrel haar verkul het.

Sonja is ‘n saggeaard en geestelik siel, maar geheel en al behep met haarself en haar benodighede. David is weer behep met sy werk en die wil om ‘n goeie werknemer te wees sodat hy vir hulle kan sorg. Omdat David die hele tyd aan die gang is, voel Sonja afgeskeep. Daar is oomblikke wat sy met hom wil deel, maar omdat hy die hele tyd so besig is, voel dit vir haar of sy ‘n ongerief vir hom is.

Klink hierdie bekend vir baie van julle?

In baie van ons se huwelike speel hierdie spel hom daagliks af. Die een is gedurig besig tot op so ‘n vlak dat die ander afgeskeep voel. Totdat die een sê dat daar ‘n probleem in hulle huwelik is. Die ander is dan skoon oorbluf: “Wat bedoel jy? Ons het dan ‘n goeie huwelik!” Dan kom die storie uit: “Jy weet nie wat binne in my aangaan nie. Ek is nie gelukkig nie, want jy luister nie na my nie...”

Liewe kinders van die HERE; julle gaan moet besef dat die dag trou as jy trou, dan sterf jy vir jouself. Daar word van jou verwag om om alle beheer oor te gee aan dit wat jou lewensmaat nodig het. Dit

beteken dat jy tyd gaan moet maak vir die ander, maak nie saak hoe besig jy is of waarmee nie.

Maar baie van ons geniet ons werk en die laaste ding wat jy wil doen is om dit neer te lê vir die behoeftes van ‘n ander... en so gebruik satan die oop deur om amok te saai. “Sy het jou nie lief nie. Hy wil net die hele tyd werk. Sy gee nie om nie.” Leuens, leuens, leuens! Maar so vorm die krake in ons verhoudings. Ons harte word harder; die situasie versleg en ons verhoudings lei daar onder.

Los dus waarmee jy besig is en gaan spandeer tyd saam met jou wederhelfte. Na die tyd, as julle beide genees is en die een nie meer so alleen voel nie, dan kom jy terug en dan sal jy verryk voel om verder te werk.

Dis wat Paulus bedoel het toe hy gesê het dat dit beter vir ‘n man of ‘n vrou is wat die HERE wil dien om nie te trou nie. Omdat hy of sy altyd die behoeftes van sy vrou of haar man bo die behoeftes van die HERE gaan moet stel. Dit sal sy aandag van die HERE af weglei en dit moeilik maak om voltyds in diens van die HERE te wees. Tensy sy vrou of haar man se wil ook is om saam die HERE te dien.

Paulus skryf die volgende in 1 Korintiërs 7:1-4 *“[1] Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het—dit is goed vir ‘n man om ‘n vrou nie aan te raak nie. [2] Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. [3] Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. [4] Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.”*

In hierdie verse is die geheim van ‘n goeie huwelik versteek. Die vrou het geen mag oor haar liggaam nie, maar gee dit vir die man en so het die man ook geen beheer oor sy liggaam nie, maar gee dit vir die vrou.

Hierdie verse is nie net van toepassing op seksuele gebied nie. Dit gaan oor die koestering, vertroosting en groei in eenheid met jou wederhelfte. Elkeen van ons moet toegewings maak en die lewe wat hulle voorheen gehad het, die eie ek, begrawe sodat daar eenheid kan wees. Die HERE sal ons harte genees van al die mislukkings wat ons voorheen gehad het en ons selfwaarde herstel sodat ons weer heel kan word.

Die rede waarom so baie huwelike vaal, behalwe vir keuses buite God se wil, is omdat die meeste mans en vroue nie bereid is om daar die eie ek te begrawe nie. Wanneer die HERE twee siele bymekaar bring dan gee Hy aan hulle die buitengewone geskenk van 'n diep bindende liefde. Hierdie is die fondasie waarop alles gebou word.

Dit gaan nie oor maanskyn en rose nie! Dit gaan oor heilige genade om ons harte te versag en om ons te wys hoe om toe te gee. Hoe om te vergewe en hoe om van die verlede te vergeet, ongeag hoe seer dit gemaak het. Hoe om geduldig te wees en om ons gereed te maak vir die Hemel.

Ons leef ons lewens in eensaamheid en in afwagting vir die warm omhelsing van 'n maat. En eendag, dan bring die HERE vir ons daardie maat wat ons s'n vir altyd sal wees; tot die dood ons skei.

Maar die geneigdheid van die meeste van ons is om die dag as ons getroud is, die ander te wil verander en dan begin ons fokus op ons persoonlike voorkeure en smake. Ons begin die proses om te oordeel, wat weer lei tot diep wonde en minagting. Ons motief verander van die nader lief hê met ons hele hart na om daardie persoon te verander sodat hy of sy meer soos ons is.

Dit lei dan tot teleurstelling en verwerping: "Jy het verlief geraak op dit wat ek is en nou wil jy my verander?"

Ons kan antwoord: “Maar ek het verlief geraak op die goeie dinge. Dis die ander dinge wat my afsit en wat ek wil verander.”

In alle eerlikheid, hierdie mag of mag nie werk nie, maar dis nie God se plan vir ons nie. Die HERE soek verandering in beide van ons; nie net in die een nie. Hy soek geestelike groei en volwassenheid in beide van ons. As jy dus iets in jou maat sien waarvan jy nie hou nie, behoort jy te sê: “Hierdie gewoonte is ‘n regte uitdaging. Ek kan sien dat die HERE wil hê dat ek meer liefdevol en vergewensgesind moet wees.” Sommige veranderinge kom binne die eerste paar weke van ‘n huwelik, maar ander kom eers baie later. Verandering sal kom as ons leer om geduldig, liefdevol en geestelik volwasse te wees.

Prys die Naam van die HERE!

## 'n Huwelik is 'n vennootskap; nie 'n kompetisie nie.

Dis duidelik dat hierdie onderwerp vir die HERE baie belangrik is, want ander sal daar nie twee boodskappe oor hierdie onderwerp gewees het nie.

In 'n Huwelik is dit nie belangrik wie reg en wie verkeerd is nie. Wat belangrik is, is om nooit die band wat tussen julle is te breek nie en om nederig te bly, want nederigheid maak voorsiening vir die foute in onsself en in ander. Om jouself deur die oë van die HERE te sien as vaalbare mens, bring nederigheid. As jy dit doen, dan gaan daar geen rede wees om die hele tyd beter te wil doen as jy wederhelfte nie. Daar gaan net nodig wees om te luister en om goed te luister.

Ek weet dat baie van julle dink dat hierdie darem net te maklik klink... Ek is self al 17 jaar getroud en ek kan vir julle sê dat dit geen maklike taak is nie... maar jy leer om by jou gade aan te pas.

Vir vroue kan dit baie keer moeiliker wees, omdat hulle meer tyd het om te bid en meer sensitief is teenoor die HERE. Hulle kan in sommige gevalle makliker verstaan wat die HERE gedoen wil hê in 'n sekere situasie.

Maar, die man is aangestel as die hoof van die gesin. Hy mag dalk nie so baie soos die vrou bid nie of selfs so geestelik wees nie, maar hy bly die hoof soos deur die HERE beskik.

Om daardie rede werk die Heilige Gees op 'n ander manier deur hom. Hy weet instinktief wat reg is, want hy moet lei in die huwelik. As daar 'n probleem is, dan moet jy as vrou daaroor praat.

Een van julle moet soos Jesus wees om dit te laat werk. Een van julle moet neerlê en die ander toelaat om foute te maak sonder om dit

ooit teen hulle te gebruik. Een moet luister soos Jesus geluister het en een moet die foute van die verlede erken. As daar ‘n argument uitbreek, moet een terugstaan sonder om iets dom te gaan aanvang. Verskoon jouself met: “Ek is nie goeie geselskap op die oomblik nie of ek gaan ‘n draai loop.” Gaan bid dan tot die HERE sodat die HERE vir jou kan wys waar jy verkeerd is. As jy dan terugkom, vra onverskoning vir jou fout.

As een of beide van julle hard koppig is, dan kan gebed die deur vir dialoog weer oopmaak. ‘n Eenvoudige “Skat, ek het tyd nodig om die HERE se wil te soek in hierdie saak. Kom ons sit hierdie gesprek op die kantlyn vir nou en dan bid ons saam daaroor. Ons kan praat wanneer ons reg is. Ek is lief vir jou en ek is jammer vir my deel daarin. Ek wil net gehoorsaam wees aan die HERE.”

Om te sê jy is jammer en om te erken jy was verkeerd, kan enige mens binne sekondes week maak. Veral as jy dit bedoel. As jy dit nie in alle eerlikheid kan sê nie, kan jy dit ten minste erken dat jy ontsteld geword het en dat jy jammer is dat jy jou maat ontstel het.

Julle sien, die vyand se doel is julle sover te kry om op te hou luister en om op te staan en jouself te wil verdedig. Dan het jy ‘n verweer; jy hou op om te praat en word in ‘n oorlog sone vasgevang. Jy val jou eie vlees aan omdat jy te trots is om jou deel in die saak te erken. Dis presies wat satan wil hê jy moet doen. Jou man of jou vrou is jou eie vlees!

Liewe lesers, nederigheid kan nie geleer word nie en so ook nie om te erken dat jy is verkeerd is nie. Alles rus daarop dat jy jouself probeer regverdig. Daar is geen rede vir jou om te wil bewys dat jou wederhelfte verkeerd is nie. Jy hoef nie deel van hierdie wêreldse leun te wees nie.

Dit maak nooit seer om te erken dat jy verkeerd was nie. Die Bybel sê dat ons ons sondes teenoor mekaar moet erken. Haal daarom die

eie ek uit die berekening uit en erken dat jy swak is; dan jy sondig en dat jy vergifnis nodig het.

Wie sal kan aanhou stry teen so ‘n stelling? As jy dit gedurig doen, dan sal alle self verdedigings middele later verdwyn. Dit sal net die twee van julle wees; ‘n eenheid teen satan. Jy moet leer om slimmer te wees as satan, want as satan sy sin kan kry, dan verloor julle albei! Daar is geen wenner as satan betrokke is nie...

Daarom, wees bedag op wat jou wederhelfte laat afgaan en waak daarteen. Daar gaan tyd wees wat hy of sy moeg gaan wees of ‘n moeilike dag agter die rug gaan hê. Wees bedag daarop. Wees jou wederhelfte se steunpilaar; ‘n bate om die mag van satan te oorkom. Wees jy die beskermende, verstandige en liefdevolle man of vrou.

As jy dit gaan begin toepas, dan gaan jou huwelik geseënd wees en gaan jy God se doel vir die huwelik uitleef: *“Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas.”* (Genesis 2:18)

Prys die Naam van die HERE!

# Die HERE se keuse vir 'n lewensmaat

Vandag se boodskap is vir die van julle wat nog nie ‘n lewensmaat gevind het nie.

Dis HERE vra vandag vir jou dat jy asseblief moet wag op Sy keuse vir jou; die een wat Hy gesalf het om by jou te pas. Een wat eerlik en vol integriteit gaan wees teenoor die HERE en nie ander gode gaan aangang en jou kinders na die verderf sal lei nie.

Jy moet onthou dat die HERE net die beste vir jou ingedagte het, maar baie ignoreer die waarskuwings van die HERE omdat die vlees in hulle lewens domineer. Jou enigste beskerming is om ‘n opregte hart te hê, want dan sal jy ‘n standaard stel en kan volhou wat jou jou hele lewe lank gaan lei.

Daar gaan baie keuses wees jy gaan wegwys omdat jy opreg is en jy gaan daardie standaarde toepas voor enige iets anders van waarde in jou lewe. Party oorskat hulle self en maak die deur oop om omgang met ‘n man te hê voor die huwelik en dan is dit te laat, want ‘n band het klaar gevorm.

Let op dat die HERE sê “‘n band”, nie “‘n verbond” nie. Die mens vorm bande, maar God vorm ‘n verbond. Daar staan geskrywe; *“Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.”* (Mattheus 19:6)

So baie van julle het julle laat verbind aan keuses wat die HERE nie vir julle bedoel het nie en het nou is julle ongelukkig in julle huwelike. So word sonde van een generasie oorgedra na die volgende totdat een besluit om op die HERE te wag vir die regte maat om mee te trou.

Dink hieraan, liewe lesers; is jy in ‘n verhouding wat jy meer grief as vreugde gee? Het jy ‘n band gevorm met hierdie persoon om seks te kan hê voor jy te oud word? Het jy gedink dat hierdie jou laaste

keuse is om gelukkig te wees voor jy te oud word? Indien jy so gedink het, dan het jy na ‘n leun van satan geluister! Jy moet weet dat dit nooit te laat vir enige iemand is om te trou nie en hoe langer jy wag, hoe groter gaan jou beloning wees.

Dink aan die weduwee Rut wat haar tuisland verlaat het om na haar siek skoonmoeder te gaan omsien. Sy was in ‘n vreemde land met vreemde gewoontes en ‘n God wat sy nie geken het nie. Omdat sy ‘n goeie hart gehad het, het mense haar opgehemel as iemand wat sewe seuns gehad het. In daardie dae het vroue, na die dood van hulle eggenoot, oorleef op die kinders wat hulle gehad het, veral die seuns. Die seuns was die sekuriteit vir haar toekoms.

In daardie tyd was die HERE bewus van ‘n man met die naam van Boas wat al in sy jare was en lank verby die ouderdom om ‘n gesin te kon begin, maar hy het vir die HERE gelewe. Maar die HERE het dit so bewerkstellig dat Rut sy pad sou kruis, want die HERE het geweet hoe hy smag om ‘n opregte seun te kan hê.

Julle kan die res van die storie lees in die Boek van Rut, Hoofstuk 3.

Die uiteinde van die storie was dat Boas uiteindelik Rut se man se grond gekoop en met haar getrou het. Dit was die gebruik in daardie tyd. Rut het swanger geraak en vir Boas ‘n seun, Obed, gebaar. Obed was die vader van Jesse en Jesse die vader van David.

Die Bybel is vol voorvalle waar vroue van gevorderde ouderdomme kinders gebaar het. Jy hoef dus glad nie daaroor bekommerd te wees dat jy te oud gaan word nie.

Dink hieraan: is die HERE se arm te kort dat hy nie die regte lewensmaat vir jou in Sy perfekte tydsberekening kan bring nie? Die HERE het jou gemaak en hy weet presies wat jou behoeftes is. Voor jy gebore was het die HERE al die perfekte maat vir jou ingedagte gehad.

As jy dus glo in die HERE, glo dan aan Sy beloftes ook. *"Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas."* (Genesis 2:18)

Moenie trou omdat jy bang is jy gaan agtergelaat word of omdat jy bang is jy gaan te oud word nie. Dit is leuens van satan. Moenie in daardie slaggat trap nie.

Prys die Naam van die HERE!

# <u>Die groot dag van die HERE kom!</u>

HERE, ek wil bid en vra dat u vir ‘n wyle sal vertoef by elkeen wat hierdie boodskap lees en dat u elke een van hulle sal versterk. In Jesus Naam, Amen!

Die HERE se boodskap kom vanoggend uit Maleagi 4:1-3: *“[1] Want kyk, die dag kom, en dit brand soos ‘n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, ‘n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. [2] Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. [3] En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare.”*

Die HERE weet dat daar op die oomblik onsekerheid in Sy liggaam heers en daarom het Hy vanoggend vir ons hierdie boodskap. *“Moenie bekommerd wees nie, My Kinders. Ek sien hoe julle smag na geregtigheid. Ek kom om dit vir julle te gee. Ek kom gou! Hou nog net ‘n klein rukkie uit!”*

Ek gaan myself nou as voorbeeld vat. Ek lees bitter min ‘n koerant of kyk selfs TV. Om te sê dat ek geen idee het van wat in die wêreld aangaan nie, sal dus die absolute waarheid wees! Julle sien, ek het net moeg geword om van al die korrupsie, hoogmoed en self verheerliking te lees of te hoor. Dis om van naar te word. Nog erger is dat niemand eers probeer om dit weg te steek nie! Oral waar jy gaan regverdig mense die goddelose dinge wat hulle doen. Dis asof hulle nie besef dat dit wat hulle doen verkeerd is nie!

Dis wat die HERE bedoel in Sy boodskap: Vir ons wat Sy Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, maar vir die wat goddeloosheid

bedrywe, gaan dit ‘n swaar tyd wees wat kom. Ek twyfel of enige iemand werklik besef hoe erg die verdrukking werklik gaan wees. Wat niemand besef nie is dat satan onder die mense gaan loop. Die wat goddeloosheid bedrywe sal baie gou leer dat jy nie meer goddeloos as satan kan wees nie!

Daarom liewe Kind van die HERE, moenie bevrees wees nie. Julle gaan baie dinge sien gebeur, maar daar is geen rede om bang te wees nie. Die HERE sê in Sy woord dat tot die hare op ons hoofde getel is en dat die een sal val sonder die wil van die HERE nie. Ons is meer werd as baie mossies! (Mattheus 6:25-34) Hou vas aan hierdie woord!

Moet net nie ophou om te bid nie en moenie ophou om die Woord van die HERE te verkondig nie. Jou bydrae mag dalk klein wees, maar in die groter prentjie, is jy daardie klein ratjie wat die verskil maak! Moenie jouself onderskat nie. As jy ‘n bediening het, gaan dan voort daarmee en moenie nou ophou nie! As jy nie ‘n bediening het nie, bid dan en betoon jou naaste liefde aan die om jou.

Ons is tog so geneig om die krag van gebed te onderskat... Iemand wat bid is die as van die wiel. Ons wat die Woord van die HERE bedien, is aangewese op julle gebede om te kan funksioneer. Sonder julle gebede beteken die saad wat ons vir die HERE saai niks. Julle wat bid, gee die water sodat die saad wat ons saai kan groei! Ons wat die Woord verkondig, mag die mees visuele element van die masjien wees, maar dis julle wat bid wat die ratte is wat die masjien laat werk! Sonder julle gaan die masjien tot stilstand kom! Hou dus aan met bid!

Jou verlossing is naby! Hou julle Bruidsklere skoon; pasop vir satan; hy gaan nie na jou toe kom met die groot sonde nie; hy gaan kyk of jy bereid is om te komprimeer deur die klein dingetjies te wil doen en dis hoe hy jou vang! Moenie jou ewigheid nou prysgee vir aardse plesier nie!

Mag die HERE hierdie boodskap seën!

## ‘n Poel van leuens

Vader, hou hierdie toenemende donkerte wat oor hierdie wêreld wil kom asseblief terug en gun ons meer genade en meer tyd om meer siele vir U te wen. Gee ons ook die wysheid en die selfbeheersing om vir U alleen te lewe in hierdie finale ure. AMEN!

Vir sommige van julle is die wêreld op die oomblik baie donker en weet jy miskien nie watter kant toe nie. Dis of alles wat jou voorheen gemotiveer het om aan te gaan skielik net weg is. Al wat oor is, is verwarring en vrae. Dit voel of jy totaal verlore is...

Jesus sê: *“Hierdie gevoel wat jy het is dwaasheid. Jy is nie verlore vir My of jouself nie. Ons gaan hierdie oorlog wen, net soos ons al die ander oorloë gewen het; deur My genade! Dis ‘n swaar kruis wat jy dra, want hierdie donkerte is swaar. Hou aan met loop, my geliefde. Loop in blinde geloof, wetende dat jy sal weet wat om te doen. Moenie gaan stilstaan nie en moenie gaan sit nie. Hou net aan met loop! Ek is met jou elke tree van die pad! Hierdie pad is die regte rigting vir jou.”*

Daar is van julle wat wonder of julle sekere aspekte van julle geloofslewe kan afskeep of selfs net elke tweede dag doen om tyd te bespaar. Miskien voel jy dat as jy minder bid, jy meer tyd het om op ander geleenthede meer kragtig te bid.

Jesus sê: *“Wil jy opdroog soos ‘n woestyn? Die vyand wil jou kul om net dit te doen, want hy sal verheug wees as jy minder bid! Gaan voort om te doen soos jy nog altyd gedoen het en moenie ophou nie. Jy sal weet wanneer dit tyd is om te bid, want jy sal dit aanvoel. Hou vas aan My; dag en nag! Ons is ‘n span. Ek sal jou nie aan jou eie genade oorlaat nie; Ek versterk jou.”*

*"Moenie ophou werk nie, My Kinders. Dis wat die vyand wil hê. Hy wil jou terneergedruk hê, hopeloos en deurmekaar. Hy haat jou en Ek bedoel, hy HAAT wat jy doen, dis waarom dit so nodig is om aan te gaan."*

*"Hy het hierdie web van leuens om jou voete gespan sodat jy soos 'n mislukking moet voel. Op die oomblik is jou oë op die oseaan onder jou voete in plaas van op My. Hou aan met loop en as jy voel jy sink, roep dan uit tot My. Ek sal jou nie ver laat sink nie. Daar is 'n poel van leuens aan jou voete, alles om jou te oortuig dat dit alles hopeloos is."*

*"Dit is die vyand se doel, My Kinders. Hy wil jou oortuig dat alles hopeloos is; of deur wêreld gebeure, media manipulasie, deur familie en vriende of deur fisiese tekortkominge. Hy wil jou sin van sekuriteit in My ondermyn deur jou te oortuig dat jy gefaal het nog voor jy begin het."*

*"Moenie dit toelaat nie. Luister na My stem alleen en klou vas aan die beloftes wat Ek jou gegee het. Die tyd is net te kort om toe te laat dat gevoelens soos die jou ondermyn. Die vyand wil jou van jou voete af kry en tot 'n totale stilstand bring as jy gaan aan hou luister. Kry jou oë van die grond af en op My. Ek sal jou onderhou soos jy op stormagtige golwe loop. Ek sal nie toelaat dat jy in 'n put van selfbejammering verdrink nie. As jy hierdie onthou terwyl jy aanhou vorentoe beweeg, sal jy nie geflous word om te stop nie."*

*"Die aanvalle op sommige van julle is buitensporig hoog op hierdie oomblik en dit vra vir uiterste uithou vermoë en geloof van julle kant af. Sommige dra baie swaar kruise vir My soos julle stap. My doel is nie dat jy moet moeg raak en val nie, maar roep uit en Ek sal jou red en versterk. As jy voel hoe jy gly, roep dan uit. Jy is nie alleen nie, My hele liggaam voel hierdie drukking op die oomblik."*

*"Hierdie opofferinge wat julle nou deurgaan tel as 'n offer aan My. Om hierdie verdrukking te dra totdat Ek jou daarvan onthef, het sy voordele. Maar jou gedagtes moet by My wees en nie by gedagtes dat jy gaan vaal nie. As Ek uit die dood kon opstaan, kan Ek jou bo jou omstandighede ook uitlig! Jy moet net GLO!"*

*"Gaan nou, My geliefdes. Stap die pad en weet dat wat ook al gebeur, Ek is met jou en Ek sal jou nie verlaat nie. Ek sal jou optel en Ek sal jou weer herstel!"*

Prys die Naam van Jesus!

# Ek het aangejaag... wat nou?

Dit gebeur met almal van ons. Jy probeer so hand om ‘n heilige leefwyse te handhaaf en dan vaal jy.

Ek kan julle nie sê hoeveel kere ek voor die HERE gaan smeek het en gevra het waarom ek so baie vaal nie, maar min het ek geweet dat vaal deel van die grootword in die HERE is. Julle sien, om ‘n Christen te word is die maklikste deel van die hele proses. Om jou te laat doop is net so maklik, maar om in die HERE se voetstappe te volg; dis waar die manne van die seuns geskei word!

Dis soos om ‘n baba groot te maak. Geen baba staan op en hardloop dadelik na sy geboorte nie. Dit vat maande van oefening om eers die voete en dan die bene sterk genoeg te kry om daardie eerste tree te vat. Maar na die eerste tree, dan kom die res maklik.

Heiligmaking is presies dieselfde. Dit vat maande, selfs jare van sukkel om te leer om vir satan en jou liggaam “nee” te kan sê. En selfs dan is die kans dat jy weer gaan vaal ook daar. Sommige van ons word uitermatig trots as ons ‘n aanval weerstaan het en dan hou ons sommer op met bid. Ons het mos oorwin op ons eie krag! Dis dan wanneer die HERE satan toelaat om jou met ‘n sterker aanval te trotseer sodat jy moet val. Julle moet onthou dat God hoogmoed haat en dat Hy alles sal doen om dit uit ons lewens te kry.

Pas ook op vir die illusie dat die “HERE sal verstaan” en dat sonde om daardie rede nie gestraf sal word nie. Dis satan wat vir jou stories vertel. Alle sonde sal gestraf word, want God is Heilig en satan weet dit!

Moet ook nie toelaat dat satan jou aftrek in ‘n put van wanhoop nie. Hy sal dit ook doen! Hy sal jou wysmaak dat jy ‘n nikswerd is en

daarom nie die moeite werd om gered te word nie. Leuens, leuens, leuens! Jy is nie waardeloos nie! Nooit nie!

Moet ook nooit iets vir die HERE probeer wegsteek nie. Die HERE weet wat jy doen 24 uur van die dag, sewe dae van die week. Daar is nie een ding wat jy vir Hom kan wegsteek nie. Net soos Hy weet van al die goeie dinge wat jy doen, net so weet Hy ook van elke slegte ding wat jy doen. Om iets vir die HERE weg te probeer steek soos wat Adam en Eva geprobeer het, is dus 'n totale doellose oefening!

Die beste wat jy kan doen is om terug te hardloop na die HERE en te gaan regmaak wat jy verbrou het. Satan gaan jou probeer oortuig dat die HERE moeg raak om jou te vergewe, maar dis weereens net leuens! Die HERE sal nooit moeg raak om jou te vergewe nie, want Hy weet klaar wat jy gedoen het! Verstaan julle?

Daar is geen beter roep om te maak as om terug te gaan en voor die HERE te erken dat jy swak was en geval het nie. Dis die enigste ding wat jy kan doen wat sin gaan maak. Leer uit jou foute en beweeg dan aan, maar hou jou oë op die HERE. Petrus kon net op die water loop omdat hy sy oë op die HERE gebou het. Dis hoe 'n mens oorwin!

Prys die HERE!

# Kom in jou volheid

Dankie Jesus dat u ons beskerm het van die bose en ons nou in U wonderlike plan vir ons inbring.

Jesus sê dat dit nou die tyd is vir vooruitgang. Die wolke van donkerheid was oor baie van julle, maar julle het vasgehou aan die HERE se beloftes en julle het sterk geswem. Alles was nodig om julle sterk te maak vir die oorlog wat voor lê. Hierdie was dus nie jou einde soos satan wou hê jy moes glo nie, maar 'n les in selfbehoud.

Die beloftes was die HERE ons gegee het het sterk gebrand in ons binneste en dit het baie gehelp om die versoeking om op te gee te kon weerstaan. Julle het geweet dat dit die pad is om te stap en jy het vasgehou deur van die moeilikste tye in jou lewe.

Jou geloof het jou aanmekaar laat teruggekom na die oppervlak as 'n golf jou ondergekry het. Die HERE se beloftes en die genot van jou roeping brand nog steeds in jou binneste soos jy begin om jou roeping te begin verstaan. Satan het nie oorwin nie en jy het nie opgegee nie. Saam met Jesus het ons 'n baie groot berg geklim!

Sommige van julle is nou gereed om julle plekke in te neem vir die HERE, maar pasop vir aanvalle van satan, wat beslis gaan kom. Saam met die HERE sal ons oorwin en saam sal ons die HERE se plan vir Sy Koningryk uitvoer. Vir baie van julle gaan hierdie 'n baie sensitiewe tyd wees soos julle julle roeping begin voel. Bewaar hierdie gevoelens veilig, want satan sal van jou steel as jy dit toelaat.

Die sleutel tot sukses is om jou oë op die HERE te hou en op Sy werk vir jou. Petrus kon net op die water geloop het terwyl hy sy oë op die HERE gebou het. Moenie na die bediening van ander kyk nie. Hou jou oë op die HERE, want die Hy het 'n spesifieke plan met jou en met jou alleen.

Moenie die HERE grief met ongeloof nie. Vir baie kan die HERE nie eers ‘n profetiese woord gee sonder dat hulle nie ongelowig raak nie. Hoe moet die HERE met so ‘n houding doen? Jy luister te veel na satan en nou is jou gedagtes vol van hulle gif.

Soos jy aangaan, gaan jy werklike vooruitgang sien en dit gaan kom as jy jou denkrigting op die HERE fokus. Jou redding in hierdie uur is jou liefde vir die HERE en jou wil om ander te help. Die salwing is daar; maak nie saak hoe sleg jy oor jou tekortkominge voel nie, jy sal styg na bo en daardie tekortkominge los in die donker waar hulle hoort!

Die HERE het ons goed voorberei. Almal van julle is baie mooi vir die HERE. Hy put eindelose vreugde uit elkeen van ons om net saam met ons te wees. Veral as Hy sien hoe jy streef om meer en meer soos Hy te wees in jou gedagtes en jou gevoelens. Prys die HERE!

Gaan nou aan geliefdes van die HERE! Dis nou die tyd om tot jou volheid te kom en die vrug van jou harde werk te pluk!

## Meer tyd word ons gegun

Hierdie is 'n baie moeilike boodskap om vir julle te bring, want ek weet maar net te goed hoe baie van julle die koms van ons Koning op die Wolke verwag...

Ek het hierdie week baie gebid. Ek was teleurgestel. Ek het gehuil by die HERE, maar God die Vader se besluit was gemaak. Meer tyd om gereed te maak sal vir ons gegee word.

Ek gaan met julle baie eerlik wees; hierdie wat vir my 'n baie moeilike een om te verstaan. Ons is gereed. Ek het hard gewerk om almal wat my boodskappe lees gereed te kry vir hierdie oomblik. Om nou te hoor dat jy nog nie klaar is nie en dat nog meer van jou verwag word, was 'n harde een om te aanvaar!

Jou eerste reaksie is om net alles te laat vaar en weg te raak. Miskien kan jy nou al jou wêreldse begeertes wat jy nog altyd wou vervul laat vervul. Die HERE het gesê dat sommige van julle dit sal doen, maar dis nou waar die toets van die ware Kind van die HERE inkom. Gaan jy bereid wees om saam met die HERE te staan en verder te baklei of gaan jy geheel en al tou opgooi? Gaan jy nou terug klim op jou huis se dak of gaan jy afkom om te help met die oes?

Ja, die HERE wys vir my dat van julle wat hierdie boodskap lees op julle huise se dakke sit in isolasie en net wag vir die wegraping om plaas te vind. As jy een van hierdie mense is, dan sê die HERE vir jou dat as jy dink dat jy saam met die wegraping sal gaan, maak jy 'n groot fout! Die HERE soek werkers wat saam met hom wil werk, nie dak sitters nie! So, klim dus af van jou dak af en kom help!

Hoe kan ek help, HERE? "Deur My Gees jou te laat lei," sê die HERE. Jy sal verbaas wees hoeveel mense jy na jou toe kan aantrek as jy

net op die HERE se Gees staatmaak. As ek na ‘n winkel toe gaan, dan gesels ek met die kassiere, ek maak grappies met hulle en hulle onthou my. Hulle sien dat daar iets anders aan my is as aan die gewone deursnee kliënt, maar hulle weet nie wat dit is nie. Die hoek is in die water! Maar iewers gaan iemand my vra en dan sal ek gereed wees om hulle in te trek vir die HERE!

As ‘n reël, gee ek nooit geld aan enige iemand op straat nie, maar ek sal vir iemand kos koop om te eet. Weereens gebruik ek die Gees van die HERE vir leiding. Jy sal weet wanneer dit die regte ding is om te doen. Jy sal nie weet waarom jy weet nie, maar jy sal net weet. Gebruik die Gees van die HERE en jy sal verbaas wees hoeveel jy kan regkry.

Julle moet ook onthou dat die redding van siele vir die HERE Sy nommer een prioriteit is. Kom ons vat iemand van die Moslem geloof as ‘n voorbeeld. Hierdie mense is van kindsbeen af geleer dat die Christen geloof verkeerd is en dat hulle Christene moet haat. Kan jy jou die absolute skok voorstel vir iemand van die Moslem geloof as hulle die eerste keer met Christene te doen kry? Hierdie mense is vriendelik, hulle kyk nie op hom neer soos daar vir hom geleer is nie en hulle behandel hom soos een van hulle! Wat maak jy nou? Onthou dat hierdie persoon se geloof is gebou op leuens, maar dit wat hy sien en beleef is nie dit wat hy geleer was nie. Kan julle verstaan deur wat se wanorde hierdie persoon se gedagtes moet gaan?

Hierdie is die mense wat die HERE die graagste wil bereik voor hulle deur die hel van die verdrukking gaan. Julle moet onthou dat ons wat gered is veilig is, maar daar is baie daar buite wat nie is nie en hulle gaan die prys moet betaal met hulle lewens! Verstaan julle waarom ons meer tyd gegun word? Die HERE wil nie sien dat enige een van Sy Kinders, deur die hel van die verdrukking hoef te gaan nie. Dis egter ons werk om te sorg dat hierdie mense bereik word,

liewe Kind van die HERE. Sommige van julle doen klaar uitstekende werk met die boodskappe wat julle of Facebook en ander sosiale media groepe pos. Die HERE sê dat Hy trots is op jou! Mooi so, getroue dienskneg! Hou so aan!

Dan is daar nog die draad sitters. Julle loop die grootste gevaar om agter te bly, want baie van julle hoor die boodskappe en julle let op na die waarskuwings, maar julle loop nog steeds in beide wêrelde. Jy probeer God en satan gelyk dien! Die HERE sê dat jy moet kies in watter kamp jy wil wees en jy moet NOU kies. As daardie basuin blaas sal daar nie vir jou tyd wees om vinnig van die draad af te spring in die regte kampie in nie. Jy sal agterbly! Klim dus af van jou draad af en kom help met dien oes!

Weereens kan ek nie vir julle sê hoeveel tyd ons gaan hê nie. Die HERE het die syfer van vier tot vyf jaag genoem, maar julle moet verstaan dat dit alles onderhewig is aan verandering. Die punt is om jou nie te veel te steur aan hoeveel tyd ons het nie, maar om te werk en die oes in te bring. Dis wat belangrik is! Self is ek bly as ek die einde van nog ‘n jaar sien.

Intussen sal die storms erger word en die aardbewings meer verwoestend. Julle sal dit in die nuus sien en in die media daarvan lees. Die droogtes sal erger word en die vloede baie sterker. Baie gaan sterf as gevolg hiervan. Sal jy gereed wees as jy een van die gaan wees wat gaan omkom?

Maak julle dus gereed, want ons tyd op aarde is nog nie verby nie. Dis min, baie min, maar nog nie verby nie!

Prys die Naam van die HERE!

# Blinde kolle in die geloof

Hoe maklik beland ons nie in 'n blindekol waar ons ons Mede Christene nie meer kan sien nie... Dan strompel ons voort met die idee dat ons en ons alleen reg is en almal anders verkeerd is?

So 'n rukkie gelede het iemand vir my gevra of ek glo dat daar 'n Vader, Seun en Heilige Gees as 'n eenheid of as drie individue. Ek moet erken dat die vraag my eers totaal omkant gevang het, want dit is letterlik jare dat iemand so iets van my gevra het! Ek het gerekend dat ons al verby daardie stadium was waar klassifikasies soos dit vir enige iemand saak sal maak, maar ek was duidelik verkeerd!

In die heel eerste kerk wat ek ooit in my lewe was, het hulle mense gedoop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Daar was vir ons geleer dat dit die regte manier is om te doen omdat dit is hoe Jesus Sy dissipels geleer het om te doen.

Later in nog 'n kerk het ek geleer dat die doop in die Naam van Jesus reg is omdat dit die een is wat Paulus geleer het soos wat die Heilige Gees aan hom openbaar het. Die doop wat Jesus geleer het was nie verkeerd nie, maar om een of ander rede was die weergawe wat die Heilige Gees geleer het meer reg...

Later, soos 'n mens begin groei in die Gees, begin jy dink, wat dan die verskil is? Of jy nou gedoop word in die Naam van die Vader, Seun of Heilige Gees en of jy gedoop word in die Naam van Jesus, jy is mos gedoop, is jy dan nie? Daar is geen manier wat die een doop meer reg as die ander een is nie, want die end resultaat is dat die bekeerling gedoop is!

Wat die kwessie van die Vader, Seun en Heilige Gees betref, glo ek dat hierdie een van God se verborgenhede is en dat dit nie vir ons as

mens nie gegee is om te verstaan nie. Dis waarom ek baie skepties is om ‘n opinie daaroor te lewer.

Elke kerk genootskap het sy manier van glo. So is ek aanvanklik geleer dat die Vader, Seun en Heilige Gees drie persone is, maar later is ek geleer dat Vader, Seun en Heilige Gees eintlik een persoon is met drie verskillende titels...

Ek gaan vir julle nou een vraag vra: maak dit werklik saak? As ek te doen kry met kwessies soos dit wat mense blindelings laat stry oor dinge wat hulle nie verstaan nie of nie vir ons gegee is om te verstaan nie, dan word my hart so seer.

Julle sien, ons is bereid om mense uit die pad te stamp of plat te loop net om ons punt te bewys. Ek glo nie in Silas se leer nie, maar ek glo in Paulus se leer, want Paulus is meer reg! Sien julle waar die blinde kolle in die geloof vandaan kom? Wat maak dit saak wie se leer dit is? Kom alle leer maar nie van die HERE af nie? Is ons nie veronderstel om in die leer van die HERE te glo nie? Waarom dan daaroor baklei?

Wat maak dit saak wie se doop reg is? Wat maak dit saak of die Vader, Seun en Heilige Gees een of meer as een is? Wat belangrik is, is dat Jesus op Golgota vir ons gesterf het en dat ons vrygekoop is deur Jesus Bloed! Dis wat belangrik is! As jy dit glo, gaan jy vir ewig lewe! ‘n Klomp leerstellings gaan jou nie in die Hemel bring nie!

Ek weet dat ek nog nie vir julle ‘n opinie gegee het oor hoe ek glo wat die Vader, Seun en Heilige Gees betref nie. Ek glo dat hulle gelyktydig drie, maar ook een is. Soos ek in die begin gesê het, dis ‘n verborgenheid van God en daarom nie vir ons gegee om te verstaan nie. Dus gaan ek nie my siening probeer regverdig nie. Om oor hierdie dinge te stry dien nie tot stigting van enige iemand nie en om iemand se leer te klassifiseer as reg of verkeerd gebaseer op

hierdie dinge lei net tot een ding: ‘n baie groot blindekol in die geloof!

Prys die Naam van Jesus!

## 'n Diepgaande gevoel van nederlaag

HERE, daar is so baie mense wat aan depressie lei. Gee hulle die genade om ‘n weg uit te sien deur u genade!

Sommige van julle gaan op die oomblik gebuk onder geweldige druk. Die HERE sê dat Hy bewus is daarvan. Baie van julle voel as gevolg daarvan verslane en voel jy nie meer lus om aan te gaan waarmee jy begin het nie.

Dis ‘n vreeslike gevoel, want die sinkende gevoel voel of dit uit jou hart uit kom. Jy probeer jouself opbeur deur te sê dat jy dit gaan doen, maar terwyl jy dit sê op die oppervlak, voel jy binne in ‘n diepe gevoel van verlies.

Hierdie is ‘n demoniese aanval wat gemik is daarop om jou soveel pyn te gee dat jy vanself opgee. Selfs al probeer jy bid, kan jy hierdie gevoel van verlies net nie afskud nie. Iets baie swaar het homself tuis gemaak in jou hart...

Ons is gedurig onder aanval van satan. Satan ken jou potensiaal en sommige is vir hom ‘n groter gevaar oor dit wat hulle kan vermag as ander. Maar slinks soos hy is, onderdruk hy jou nie met alles wat hy het, dadelik nie. Hy vat sy tyd en maak die gewig stelselmatig al hoe swaarder tot jy later nie meer kan nie. Teen die tyd wat jy agterkom, wat aangaan, dan is dit al klaar te laat!

Satan en sy demone het net een doel voor oë en dit is om van jou te steel en jou te vernietig. Jy moet onthou dat jy geskape is na die ewebeeld van die HERE. Jy stel alles voor wat satan en sy demone nie meer kan wees nie. Hulle HAAT jou met ‘n onuitblusbare haat daarvoor. Hulle sal alles in hulle vermoëns doen om jou te laat ondergaan en dit sluit in om met jou brein te smokkel!

Goed wat hulle tipies vir jou sal sê is: "Jy is nie goed genoeg nie. Die HERE het jou nie lief nie. Hy is moeg vir jou. Kyk na die ander om jou. Kyk wat se gawes het hulle en kyk dan wat jy het. Dink jy nie dis onregverdig dat hulle so baie het en jy so min na al die jare van diens nie? Dis omdat jy nie waardig is nie. Jy het nie jou tyd reg gebruik nie. Jy is 'n verloorder! Jy verloor tyd, gawes, siele... Jy is 'n verloorder. Jy mors alles wat jy kry. Jesus het nou iemand anders gekry om jou werk te doen omdat jy nooit iets reg kan doen nie."

Hierdie is maar net 'n paar van die aanduidings wat jy sal hoor en hulle is spesiaal ontwerp om jou moedeloos en sonder hoop te laat voel!

Jesus sê: *"Jy is my getuie en dis wat ek van jou sê. Jy het goeie vrug voortgebring. Jy was getrou en jy het gedoen wat Ek van jou verlang het. Jy doen My Wil 99% van die keer. Jy is beslis nie laks of selfs lui nie. Jy is een van my hardwerkende dissipels wat daar is. Jy het jou tekortkominge verander in diamante van genade vir My en jy bring aan ander die werklike genade van 'n liefdevolle God! Mense sien My vir wie Ek werklik is deur jou. Jy is 'n Kampioen van Geregtigheid! Jy is myne en daar is niemand anders soos jy nie."*

Baie van julle onderskat julleself en satan gebruik dit teen jou. Die HERE hou daarvan as ons onsself beskou as swak en hulpeloos, maar sommige van julle vat dit net te ver en dis dan wanneer satan dit oorvat en daarmee hardloop. Nou vertel die demone vir jou dat jy 'n nikswerd is en dis alles leuens!

Elkeen van die HERE se kinders is mooi op sy of haar eie manier en die HERE beloon hulle daarvoor op Sy eie manier. Die waarheid is dat die HERE hulle toerus vir hulle werk op aarde net soos wat Hy vir jou toerus, maar dit wat hulle moet doen is anders as wat jy moet doen. Jy gaan oorwin, moenie na die leuens luister nie!

Paulus sê in 1 Korintiërs 12:14-18 dat die liggaam van Christus (ons) nie uit een lid bestaan nie, maar uit baie. Ons kan dus nie sê dat omdat ons nie soos daardie een is, ons nou gaan ophou werk nie. As almal dieselfde gawes gehad het, waar sou die sig, die reuk of die gehoor dan wees? Maar nou is ons baie lede en almal is uniek vir die HERE en saam werk ons om die plan van die HERE te vervolmaak! Prys Sy Naam!!

Jy wat hierdie lees GAAN OORWIN en jy GAAN BO UITKOM! Moenie na die leuns luister nie! Ons is doelbewus nie geskape om almal dieselfde te wees nie. Hou dus op om jou te vergelyk met ander en te dink dat jy geen waarde het nie, want jy is van onskatbare waarde vir die HERE!

Prys die Naam van die HERE!

## Voorbereiding vir die gawe van genesing

Jesus, ons is hier; hier om U wil te doen. Maak ons harte gereed om net U wil te doen. Amen!

As ek moet vra hoeveel van julle in engele glo, dan wonder ek hoeveel hande daar sal opgaan... Baie van ons vermy die gesprek geheel en al. Ander glo weer aan een of ander geestelike gids. Ek dink nie die Afrikaanse vertaling van die woord doen dit so goed nie, dus gaan ek die Engelse woord eerder gebruik: “sprit guide”. Ek wil net vir die van julle wat hierin glo waarsku dat hierdie “sprit guides” nie engele is nie, maar demone wat hulle voordoen as iets goed.

Dit kan dalk wees waarom mense die onderwerp van engele vermy omdat dit moeilik is om te onderskei tussen wie is wie. Daar is engele van God wat Sy wil doen net soos ons. Daar is ook helende engele wie se werk dit is om gesond te maak.

Hierdie dienste waar mense aangeraak word en gesond gemaak word, is ‘n goeie voorbeeld. Die preke en die gebede is hard; baie hard. Dis dramaties en dit voel vir baie meer soos ‘n skouspel as enige iets anders. Ja, mense word genees, maar aan die einde van die aand kan jy nie help om te wonder nou waar was Jesus dan nie? Dis nie dat daar fout met die evangelis is nie, dis net dat mens soort van iets anders verwag het.

Jesus sê: *“Julle het baie om te leer. Mens is so oorstelp met vreugde as hulle genees word dat die aanbieding skouspelagtig word. Genesing wat so natuurlik is soos om asem te haal, sonder die skouspelagtigheid is natuurlik die beste.”*

*“Dis waarom Ek siele soek wat anoniem wil by in hulle bediening. Diegene wat niks meer soek as om My gelukkig te sien asook die wat hulle bedien nie. Dis soos dit moet wees. Om die leraar op te hemel*

*vir iets wat Ek gedoen het is 'n afskuwelike gebruik! Daarom gaan Ek 'n nuwe geslag profete opwek wat sal kan genees, maar sal verkies om weg te kruip en deur ander geïgnoreer te word. Wat sal verkies om My te sien eerder as om deur die mense erken te word. Hierdie gaan kom en wil He dat julle deel daarvan moet wees. Ek wil hulle salf om sieners te wees en met My engele te kan werk."*

*"My Kinders, die tyd is nou en dis tyd vir julle om die beter gawes uit te soek, veral ten opsigte van profesieë en genesing sodat julle kan werk met die engele wat Ek aarde toe gestuur het. Daar is absoluut niks verkeerd vir jou om die teenwoordigheid van engele te erken of selfs om hulle te vra om sekere take te verrig nie."*

*"Dis werklik hoe Ek wil hê dit gedoen moet word, omdat almal in die Hemel 'n werk het om te doen. Almal dien en hulle hou daarvan om te dien. Hulle hou daarvan om erken te word vir die werk wat hulle doen sonder om opgehemel te word daarvoor."*

*"My Kinders, vra My vir hierdie gawes en as jy nie gereed is nie, dan sal Ek jou voorberei. Dis waarom Ek jou na hierdie groep gebring het; om jou gereed te maak vir die groter gawes en nederigheid is die grootste vereiste. Nederigheid en die begeerte om net deur My gesien te word. Nederigheid en beskeidenheid gaan hand aan hand. Die van julle wat verkies om weg te kruip en nie deur mense gesien te word nie bereik nou die einde van julle voorbereiding. Julle sal baie gou met groter gawes vertrou kan word."*

*"In der waarheid bereik almal van julle wat onderneem het om My teen die berg op te volg en nie na die laaglande terug te keer nie, nou die einde van julle voorbereiding."*

*"Nederigheid en Broederlike Liefde moet stewig in jou lewe teenwoordig wees voor Ek jou kan gebruik. Het Ek dan nie gesê: 'Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!' vir die wat na My gekom het en gesê het hoe*

*hulle siekes genees en wonderwerke in My Naam gedoen het nie?"* (Matteus 7:22-23)

*"Hulle het die wonderwerke geken, maar hulle het My glad nie geken nie. Dis waarom julle hier is; om die mees belangrikste ding te leer: Om My te ken en om geheel en al aan My oorgelewer te wees sodat jy gereed kan wees om toegerus te word. Die wat wonderwerke verrig sonder liefde het geen deel aan My nie. Dis jou liefde vir My en jou naaste wat jou kwalifiseer vir hierdie gawe. Nou sê Ek aan julle: moenie wonderwerke najaag nie. Soek My en as jy My vind, hou vas aan My; moet nooit laat gaan nie en alles sal kom wanneer dit veronderstel is om te kom"*

*"Dan sal ek jou voorberei om in My Naam op te tree. Het ek dan nie gesê: 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word?'"* (Johannes 14:12-13)

*"Jou wil om My vir altyd by jou te hê, in jou hart is jou beskerming. As dit eers daar is, dan kan Ek jou vertrou met die meer kragtige gawes omdat jou prioriteite in orde is. Om hierdie gawes te soek en My te ignoreer, lei tot trotsheid en selfverheerliking en dit doen meer skade aan My liggaam as wat jy geen gawes gehad het om mee te begin nie. Dit wat jy is en dit wat ander in jou sien sal oorgedra word in hulle lewens soos jy hulle bedien. Dis waarom Ek so noukeurig is in jou opleiding en jou voorbereiding. Daar mag geen vesting van trots in jou wees wat kan lei tot selfverheerliking nie."*

*"Dit is menslike natuur om trots te wees op wat jy vermag het, maar menslike natuur moet oorwin word. Ek het totale geloof in julle wat saam met My die berg uitklim met al sy verraderlike en gladde hellings. Ek het vertroue in jou dat jy My eer sal beskerm. Jy het My*

*met jou hele hart gesoek en daar is niks meer kosbaar in jou lewe as My liefde en My teenwoordigheid in jou lewe nie."*

*"Tog is daar ander wat julle anders sal leer soos hoe om al die gawes in My liggaam te kry sonder dat Ek geken word. Hierdie is 'n baie gevaarlike pad om te loop. Moenie so behep raak met die gawe van genesing dat jy ooit vergeet van die liefde wat ons deel nie, My Bruid. Jy sal versoek word deur baie wat My nie ken nie en wat nie verstaan nie, maar jy sal hulle teregwys as hulle jou wil verheerlik net soos hulle probeer het om vir Paulus en Barnabas in Likaónië te verheerlik."* (Handelinge 14:8-15)

*"Hierdie is 'n nuwe seisoen vir jou, My Bruid. Om jou naaste lief te hê soos jouself, om My lief te hê met jou al jou krag en jou hele verstand, wees nou lief vir jou naaste met die gawes wat Ek aan jou sal gee."*

Dit is die einde van die HERE se boodskap. Prys die Naam van die HERE!

# Hardnekkigheid teen Jesus

Jesus, gee ons die krag en die wysheid om nee te kan sê teen gewoonte sonde. Amen!

Soms gebeur dit dat ons iets so graag wil hê, maar dan sê die HERE nee. Aanvanklik dink ons die HERE 'n fout maak. Ons wil dit dan so graag wil hê, maar dit nie kan hê nie en ons kan nie sien waarom nie. Maar die HERE het sy redes, maar ons dink nie daaraan nie.

So trek ons hardnekkig en doen dan iets buite die wil van die HERE en dan word ons uitgevang, seergemaak, emosioneel, kwaad en op 'n dwaalspoor gelei voor ons mooi weet wat aangaan. As dit gebeur, kan jy niks vir die HERE doen nie. Nie bid nie, nie skryf nie, nie eers lees nie, want jy voel sleg en jy is emosioneel omdat jy gedink het jy weet beter as die HERE.

"Jesus ek wil nooit weer hardnekkig teen U wees nie. Dit voel vreeslik en ek hou niks daarvan nie!"

Jesus antwoord: *"Dan moet jy meer versigtig luister en nie so maklik ingee en op jou eie stoom oor die weg probeer kom nie."*

"Jesus, U is reg en ek het verkeerd opgetree en toe slaan die slagyster soos weerlig agter my toe. Ek was uitgevang, seergemaak, op 'n dwaalspoor, emosioneel en kwaad. Al wat ek kon doen was om te kla."

Jesus antwoord: *"En hier is ons nou."*

"HERE, wat moet ek doen?"

Jesus antwoord: *"Om vergifnis te vra is altyd 'n goeie begin."*

*"Jesus ek is werklik jammer dat ek so 'n bedorwe brokkie was en net my eie ding wou doen. Vergewe my asseblief en maak my slimmer, wyser en meer gewillig om my kruis te dra. Help my asseblief."*

*Jesus antwoord: "Jy is vergewe, maar ek wil almal van julle waarsku om sonde te vermy sover as wat julle kan! As jy iets sien wat jou fassineer en jou van koers af kan neem, dan is daar 'n baie groot kans dat dit 'n slagyster kan wees wat deur die vyand gestel was om jou te vang. Moenie dink jy kan jou nuuskierigheid in toom hou en so nie gevang word nie, want jy maak 'n fout."*

*"Julle sien, die vyand begin om jou te tempteer deur jou vlees. 'Kyk, dis iets wat jy werklik van sal hou!' Skielik sien jy nog meer dinge raak wat jy van hou, maar intussen ken hulle jou baie goed en het hulle baie versigtig 'n slagyster gestel vir jou om in te trap."*

*"So verskoon jy jouself, want daar is mos geen skade om net te kyk nie... en net daar het hulle jou. So begin jy om My te verwyt omdat Ek jou nie 'n onskadelike plesiertjie wil toelaat nie."*

*"Wat is dit wat jy gister aand gesê het? 'HERE, ek werk so hand vir U en ek vra so min. Dis werklik 'n rare gebeurtenis as ek vir iets spesiaal vra. Is dit te veel gevra?"*

*"Net daar het jy begin om My te verwyt... 'HERE is dit te veel gevra?' En nou sit jy in 'n put van bitterheid. As jy weggebly het van temptasie sou hierdie dinge nooit gebeur het nie. Al hierdie dinge kon vermy gewees het as jy net weggebly het van temptasie. Hierdie strik is al maande gelede vir jou gestel en nou het jy daarin getrap."*

*"Hoe dom dink jy is die vyand? Ek kan jou verseker hulle is nie. Hulle let op na elke gevoel en na alles wat jou in die toekoms kan laat val. Hulle bereken hierdie dinge. En jy, My geliefde Kind, het reg in die slaggat getrap!"*

Ek het HERE!

*“Ek ken jou en Ek weet wat jy die graagste wil hê, maar vir nou wil Ek vra dat jy dit laat gaan. Jy kan jou trane gebruik as ‘n offer vir My, weet jy? Hoe dieper jy voel, hoe beter is die offer. Ontneem jouself, tel op jou kruis en volg My. Dis so maklik.”*

*“My kinders, die vyand is slim; baie slimmer as wat julle dink, maar dit sal ook verby gaan. Waak teen gewoonte sonde. Moenie daar gaan as jy weet dat dit een van jou swakpunte is nie. Wees slim soos slange en sag soos duiwe. Jou teenstander is slim en as hy byt, dan is dit met dodelike gif!”*

*“Roep na My in jou uur van nood en Ek sal jou help.”*

Dit was die einde van die boodskap. Prys die Naam van Jesus!

# Huil My geliefde land...

Die van julle wat oud genoeg is, sal weet hoe ‘n voorspoedige land Suid Afrika in die 1970 en 1980’s was. Hierdie land was ‘n krag reus aan die suidpunt van Afrika. Gedurende daardie tyd was God gedien in hierdie land in krag en in waarheid en die HERE het Suid Afrika geseën!

Suid Afrika het ‘n minerale rykdom wat ander lande maar net van kan droom! Weet julle dat ons eerste graad se steenkool verbrand om krag mee op te wek? In ander lande word derde graad se steenkool vir hierdie doel gebruik omdat hulle nie beter het nie. Ons het mangaan; mangaan is wat staal hard maak; ons het diamante; noem maar op en Suid Afrika is geseën daarmee! Ons natuurskoon is wêreld bekend. Mense van regoor die wêreld kom na Suid Afrika om na ons berge te kyk en na ons natuur erfenis! Ons is weereens geseën!

Ons het dit letterlik alles gehad! ‘n Pragtige land met onuitputbare natuurlike hulpbronne en ‘n ekonomie wat een van die sterkstes in die wêreld was. Op ‘n stadium was ons geldeenheid selfs sterker as Amerika s’n! Die van julle wat oud genoeg was, sal onthou dat die een Amerikaanse Dollar op ‘n stadium 75c werd was in Suid Afrika!

Ongelukkig het ons die mag wat die HERE aan ons gegee het misbruik... en die HERE kon dit nie toelaat nie. Dis waarom die HERE in 1995 hierdie land vir ‘n ander gegee het om te regeer. Daar was egter ‘n voorwaarde in die vorm van ‘n profesie. *“So spreek die HERE: Ek gee hulle in jou hand, maar jy mag hulle nie dood nie. Waarlik, as jy dit doen, sal Ek jou en jou hele familie met die banvloek tref!”*

Nou weet julle waarom die oorgang in 1995 van een regering na die ander sonder bloedvergieting was en ook waarom daar geen moeite

gespaar was om bloedvergieting te voorkom nie. In die jare sedertdien het leiers gekom en leiers het gegaan, maar die HERE se wense was nie eerbiedig nie. Dis waarom seker pessiektes so oorvloedig is en waarom so baie daardeur gedood word.

Waarom gebeur hierdie dinge? Omdat die HERE ons wil terug hê waar ons jare gelede was! Hierdie land is op die HERE se fondasie gebou sedert daardie eerste gelofte op 16 Desember 1938! Daar is plek vir almal in Suid Afrika, ongeag jou vel kleur, maar dan moet die HERE eerste gestel word!

Luister dan nou na die Stem van die HERE, Suid Afrika! Jou geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug! Keer terug na die HERE en bid! Kyk dan of Ek jou land sal genees!

So spreek die HERE van die leërskare: *"Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion met 'n groot ywer; maar Ek is grootliks vertoornd oor die sorglose nasies wat, terwyl Ek 'n weinig vertoornd was, die onheil aangehelp het. Daarom, so sê die HERE: Ek wend My met ontferming tot Jerusalem; my huis sal daarin gebou word, spreek die HERE van die leërskare, en 'n meetsnoer oor Jerusalem gespan word. My stede sal weer oorstroom wees van goeie dinge, en die HERE sal Sion weer vertroos, en Hy sal Jerusalem weer verkies."* (Sagaria 1:14-17)

Die HERE gaan Suid Afrika weer herstel. Die HERE se huis gaan weer opgerig word in Suid Afrika net soos voorspel is, maar die HERE gaan ons gebede nodig hê daarvoor. Daarom wil ek 'n beroep doen op almal wat hierdie lees om te bid! Bid dat die HERE vir ons 'n leier sal stuur, ongeag van velkleur, wat die wil van die HERE eerste gaan stel!

Bid met ywer, Kinders van die HERE! Die HERE verlang dit van ons! Prys Sy wonderlike Naam!

## Hardloop voor die Here uit

Hoe baie gebeur dit dat die HERE vir ons iets bekend maak en dan hardloop ons nie voor Hom uit in ‘n poging om die profesie waar te maak nie? As alles dan skeef loop, dan kan ons nie verstaan waarom nie. “U het dan so gesê, HERE,” kla ons dan...

Die HERE sê baie keer vir ons vooraf wat gaan gebeur omdat Hy een stap voor die vyand wil wees. Die doel is nie vir jou om met ‘n vaart weg te trek en te kyk of jy dit kan vermag namens die HERE nie! Ja, die HERE weet jy is bly en baie gretig, maar hou jou in!

Op die manier beland jy voor die HERE en het Hy nog nie die tyd gehad om die pad voor ons gelyk te maak nie. Jy onderskei nie of die tyd reg is daarvoor nie. So struikel en val jy oor die rowe klippe en word jy kwaad vir jouself omdat jy nie vinnig genoeg is of die gevaar gesien kom het nie.

Kom ek vertel julle van my dag. Ek begin hierdie boodskappe wat ek pos ‘n dag voor die tyd te skrywe. Ek begin altyd vroeg in die oggend; ses uur of kort daarna en ek sorg dat dit die eerste ding is wat ek in die oggend doen. Op daardie manier is ek vars en kan ek onderskei wat die HERE vir my wil sê. As ek dit sou durf waag om eers aandag aan wêreldse dinge te gee voor ek begin, dan is die salwing daarmee heen. Die boodskap word net geskryf soos die HERE dit gee. Die volgende oggend word die boodskap geproeflees en gepos vir julle om te lees. Dis elke oggend se roetine vir my.

Ek het al probeer om die HERE vooruit te hardloop deur die boodskappe aan die einde van my dag te skryf sodra ek ‘n gedeelte daarvan gekry het, maar dit het nog nooit gewerk nie. Om die waarheid te sê het alles wat ek probeer het, behalwe in die oggend net nie uitgewerk nie. Wie van julle weet waarom? Omdat die HERE heel eerste in jou lewe wil wees! Niks in hierdie wêreld is

belangriker as Hy nie. Die HERE soek jou by Hom as jy vars is; voor jy deur die wêreld besoedel word. Verstaan julle?

Later, as jy sien dat jou metode nie werk nie, gaan jy terug na die HERE en sê: “Ek is jammer Jesus. Almal is vanoggend meer belangrik as U. Ek voel vreeslik sleg daaroor. Hoe U dit met my uithou weet ek nie.”

Jesus antwoord: *“Met baie liefde. Ek het jou aandag probeer trek, maar jy was te besig. Jy weet dat dit nie goed is nie en dat ons dit gaan moet verander, né.”*

“Ek weet HERE; ek is jammer...”

*“Ek weet dis nie maklik vir jou nie, want jy wil altyd inspring om dit wat gedoen moet word klaar te kry, maar jy moet meer versigtig wees en stadiger beweeg as jy besluite neem. Die vyand is altyd haastig vir jou om besluite te maak voor jy daaroor gedink het en voor jy agtergekom het dat dit die verkeerde rigting is.”*

“HERE, ek weet nie hoe om dit te doen nie. Ek wil so graag stadiger beweeg, maar ek het so baie werk...”

*“Dis ‘n leuen, weet jy? ‘n Leuen om jou aandag van My af weg te trek. Alles wat glinster is nie altyd goud nie... en dis goed om partykeer dom te wees as jy ‘n hart wil kweek wat net op My ingestel is.”*

*“Hierdie is een van die vyand se taktieke waaroor Ek met julle wil praat. Die sin om vooruit te hardloop en in te duik is een van die vyand se gunsteling taktieke omdat My Kinders altyd die verkeerde besluite neem. Dis so gewild by die vyand omdat dit sukses waarborg! Ek sal eerder wil hê dat julle nooit vooruit moet hardloop omdat julle onder druk geplaas word nie. Om uit te stel is nie goed nie, maar om kop eerste in ‘n ding in te hardloop sonder om te dink*

*is erger. Ek wil hê dat julle ‘n gebalanseerde benadering moet volg wat voorsiening maak vir genoegsame gebed en onderskeiding.”*

*“Hoe belangriker die werk is, hoe meer versigtig moet jy die fondasie lê. Dit sal verseker dat jy in die toekoms kostelike foute kan vermy.”*

“Ek het nooit so daaraan gedink nie, HERE. Al waarop ek gekonsentreer het was hoe lank dit my gaan vat om klaar te kry en hoe bly ek sal wees as dit klaar is...”

*“Ek hou die meeste van die klein dingetjies wat jy doen eerder as die groot goed, weet jy? Dis ‘n kwessie van tydsberekening, My Kinders. Rus nou en weet dat Ek die beste weet en ook weet wanneer die tyd reg is. Wees versigtig om nie te gou in ‘n ding in te hardloop nie, want die vyand stel slagysters vir julle. As die vyand jou nie kan kry om te bly uitstel nie, sal hy jou laat hardloop in ‘n ding in waarvoor jy nie gereed is nie. Op die manier kry hy jou om minder aandag te gee aan die belangrike dinge wat reeds in julle lewens is.”*

*“Wees op julle hoede as julle vorentoe beweeg en onthou: moet nooit hardloop nie. As jy daardie gevoel kry om te wil hardloop, let dan op na die gevaar ligte wat flikker: Gevaar, gevaar!”*

Dit was die einde van die HERE se boodskap. Prys Sy wonderlike Naam!

# Gebind deur die geloof

Iemand het die week vir my 'n vraag gevra wat in beginsel neerkom op 'n leerstelling wat iemand moes gemaak het soos of 'n sekere gebruik sonde is of nie. Onmiddellik het die Woord van die HERE tot my gekom...

Hoe maklik laat ons nie toe dat ons deur sulke leerstellings gebind word nie. Een ding moet julle weet en dit is dat die HERE vir ons 'n verstand gegee het om self besluite te kan neem. Ons het vryheid van keuse! Dis iets wat selfs die engele in die Hemel nie het nie! Waarom dan sal jy toelaat dat daardie vryheid van keuse wat jy het van jou af weggeneem word deur die leraar van 'n gemeente?

Baie jare gelede was ek die lidmaat van 'n sekere kerk wat naamloos sal bly. Die prediker wat hulle gehad het was goed en ek het van sy preke gehou, maar toe word hy verplaas en 'n ander neem sy plek in. Onmiddellik het dinge in die kerk begin verander. Daar was onmiddellik vir ons laat verstaan dat TV kyk en fliek toe gaan sonde is; so ook boek lees, koerant lees of enige ander vorm van media lees.

In die begin was dit vir my snaaks dat 'n kerk so 'n radikale verandering sal ondergaan en het ek gehoop dat dit sal verander, maar dit het nie. Een Sondag het die prediker begin verkondig dat die wat TV kyk, fliek toe gaan, koerant lees en so aan nie Hemel toe sal gaan nie... Dit was waar ek toe 'n keuse moes maak en ek het ook. Ek het opgestaan, uitgestap en nooit weer teruggegaan nie!

Julle moet weet dat die HERE ons vrygekoop het deur Sy Bloed! Dit was die mees kosbaarste, mees onbaatsugtigste geskenk wat ons seker kon gekry het! Dit beteken nie dat jy 'n lisensie het om te kan sondig soos jy wil nie, maar jy het die vryheid van keuse om besluite te kan maak.

Paulus gee in 1 Tessalonisense 5:16-22 vir ons die volgende instruksies: Wees altyddeur bly, Bid sonder ophou, Wees in alles dankbaar, Blus die Gees nie uit nie, Verag die profesieë nie, Beproef alle dinge; behou die goeie, Onthou julle van elke vorm van kwaad.

Onthou, liewe leser; jy het die keuse! Moenie toelaat dat die vyand dit van jou af wegsteel nie. As daardie ketting eers om jou enkels is, dan gaan dit jou jare vat om daarvan ontslae te raak. Ek weet, want ek was daar. As jy eers daar is, dan begin jy alles en almal om jou veroordeel omdat jy nie kan sien wat hulle sien nie. Hulle is dan die sondaars en jy alleen is reg! Let op dat ek die woord "veroordeel" gebruik wat verkeerd is. Ons mag beoordeel, maar nie veroordeel nie. As jy veroordeel, dan ontneem jy God se mag, want net God mag veroordeel. Verstaan julle?

Die apostel Jakobus skryf in Jakobus 1:5 die volgende: *"En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word."*

Daardie vers is nog steeds waar! Jy mag die Heilige Gees vra om vir jou die wysheid te gee om te kan onderskei en dit sal aan jou gegee word! Moenie dat iemand vir jou anders leer as wat in die Bybel staan of toelaat dat die Woord van die HERE verdraai word of selfs toelaat dat die Woord van die HERE gebruik word om 'n argument te wen nie!

Beproef alle dinge; behou die goeie. Hoe weet enige iemand werklik wat goed is vir hom en wat nie? Deur te eksperimenteer! Ek hou van 'n lekker aksie prent en ek hou van 'n mooi teken prent. Dis die tipe goed wat ek in 'n fliek sal gaan kyk. Oordrewe geweld, satanisme en seks gaan my nie aan nie. Daardie tipe flieks vermy ek. Sien julle waar die woorde bo inpas? Beproef alle dinge; behou die goeie!

Die HERE het vir ons twee gebooie gegee om volgens te leef en beide is opgeteken in Mattheus 22:37-39 *“[37] En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die eerste en groot gebod. [39] En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*

Liewe leser, leef jou lewe vir die HERE. Maak die beste keuses wat jy kan. As jy nie gemaklik voel moet iets nie, vermy dit dan. Vra die HERE om leiding as jy nie meer weet nie, maar moet niks oordoen nie. Bowenal, pasop dat jy nie gebind word sonder dat jy dit agterkom nie!

Prys die Naam van die HERE!

# <u>Oorwin Weerstand</u>

Jesus, help ons asseblief om te verstaan dat daar weerstand gaan wees in alles wat die moeite werd is om te doen. Amen!

Ons almal raak geïrriteerd en ons eerste reaksie is om die ander een iets toe te voeg of te reageer op ‘n manier wat nie betaamlik is nie… Dis menslike natuur om jouself te wil verdedig of die ander een iets lelik te wil toevoeg sodat jy beter lyk. Die HERE hou ook nie hiervan nie, want respek vir jou naaste is respek vir die HERE.

Die HERE verstaan dat ons menslike liggaam moeg en geïrriteerde word, maar die HERE wil ook hê dat ons om hulp moet vra as ons nie meer kan nie. Ongelukkig vergeet ons daarvan en probeer ons altyd die probleem op ons eie oplos terwyl dit nie nodig is nie! Besef julle dat die HERE gereed staan om ons op bonatuurlike maniere te versterk as ons maar net vra?

So word ons dan geïrriteerd en sonder respek en dit wys nie net aan die buitekant nie, dit wys ook in ons binneste waar dit ons harte vergiftig en ons geestelik uitput. Hierdie probleem moet geadresseer word as ons ‘n gelukkige bestaan wil voer.

Naasteliefde is nie net ‘n gevoel of ‘n uitgesproke woord nie. Dit is ‘n toewyding om te doen wat ongeleë is totdat dit later die mees natuurlikste ding in die wêreld is om te doen. Dit bring later genot in jou hart om die dankbaarheid in ander se oë te sien, in plaas van afkeur wat net jou hart vergiftig.

Om te weet dat jy gefaal het op een of ander manier is nooit maklik nie. Hoe jy met ander oor die weg kom as jy moeg en geïrriteerd is, is die ware toets van naasteliefde. Dis goed vir jou om ander te help as jy self moeg is, leer jou om meer van jouself te gee.

Jesus gaan voort: *"My geliefde Kinders. Ek wens Ek het 'n vinnige en maklike antwoord vir die van julle wat hiermee sukkel, maar Ek het nie. Wat Ek egter kan sê, is dat 'n deurbraak op pad is. Tot dan wil Ek hê dat julle julle kruise moet opneem en met waardigheid moet dra. Hierdie toestand wat julle nou in is sal nie vir altyd aanhou nie; die einde is in sig!"*

*"Baie van julle leer hoe kwesbaar julle vir afleiding is en dat julle meer dissipline en beheer moet toepas op jou omgewing. Julle gaan moet leer om te onderskei tussen dit wat waardig is en dit wat tevergeefs en waardeloos is."*

*"Om dit waarvoor jy geroep is te bemeester gaan beteken dat jy meer gaan moet opoffer. Sommige van julle het beroepe en kinders en verantwoordelikhede wat 'n sekere hoeveelheid van jou tyd verg. Ek verwag nie die onmoontlike nie, maar wat Ek verwag is stadige vooruitgang. Vir die wat nie opgee nie, wag daar 'n uitkoms. Hoe meer jy gesukkel het, hoe groter gaan die deurbraak wees!"*

*"Baie keer laat Ek toe dat julle lang en moeilike paaie loop om julle harder te maak sodat julle wortels dieper kan groei. Op die manier sal julle wortels nie verdroog as die son opkom nie. Julle was slim, want julle het die weerstand in die harde grond getrotseer en julle wortels is nou dieper en in die goeie grond."*

*"Hierdie gaan vir jou sukses waarborg, want wortels moet diep groei sodat hulle die plant kan stabiliseer en voed. Stel julle voor die weerstand wat 'n saadjie moet deurgaan voor dit kan groei en blom. Net so moet dit vir julle wees. Baie van julle het deurbrake in ander areas net om te vind dat julle nog baie agter is by ander in 'n verskeidenheid van areas. Moenie opgee nie. Moenie onttrek van die oorlog af nie; hou aan!"*

*"Wees dankbaar dat daar weerstand is. Ek sal julle versterk en help om te oorwin!"*

Dit was die einde van die HERE se boodskap. Mag die HERE hierdie Woord aan julle harte seën!

Skoon bladsy